DIE VRYE AFRIKAAN
Um-Afrika oKhululekileyo | Vir Afrika se gemeenskappe | For Africa's communities | Pour les communautés de l'Afrique
www.vryeafrikaan.co.za 21 Julie 2006

Die voorgestelde Iranse Oliebeurs

DIE AMERIKAANSE RYK BERUS OP DIE AMERIKAANSE DOLLAR. DIE VOORGESTELDE IRANSE OLIEBEURS SAL DIE VAL VAN DIE AMERIKAANSE DOLLAR, EN DUS DIE VAL VAN DIE AMERIKAANSE RYK, VERSNEL.

Deur Krassimir Petrov*

I. Die ekonomie van ryke

'n Nasiestaat belas sy eie burgers, terwyl 'n ryk ander nasiestate belas. Die geskiedenis van ryke – van die Griekse en die Romeinse Ryk tot die Ottomaanse en die Britse Ryk – leer ons dat die ekonomiese fondament van elke enkele ryk die belasting van ander nasies of van die onderdane van sulke lande is. Die ryk se vermoë om te belas het nog altyd berus op 'n beter en sterker ekonomie, en gevolglik 'n beter en sterker militêre mag wat die belasting vreedsaam of militêr kon afdwing. Een deel van daardie belasting is aangewend om die lewensgehalte van die ryk te verbeter, en die ander deel is aangewend om die militêre oorheersing wat nodig is om die belasting af te dwing, te versterk.

Histories het die belasting van die ondergeskikte staat verskillende vorme aangeneem; gewoonlik was dit goud en silwer, indien dit as geld beskou is, maar dit kon ook slawe, soldate, gewasse, vee of ander landbou- en natuurlike hulpbronne wees – watter ekonomiese goedere die ryk ook al geëis het en die ondergeskikte staat kon lewer. Die belasting was histories ook altyd direk: die ondergeskikte staat het die geld (goud, silwer) of die ekonomiese goedere regstreeks aan die ryk oorhandig.

Vir die eerste maal in die geskiedenis het die VSA in die twintigste eeu dit reggekry om die wêreld indirek te belas – nie deur die regstreekse betaling van belasting af te dwing soos al sy voorgangerryke nie, maar deur sy eie geldeenheid, die Amerikaanse dollar, in ander lande te versprei in ruil vir goedere, met die bedoelde gevolg dat die waarde van daardie dollars mettertyd verminder en dat elke dollar later met minder ekonomiese goedere terugbetaal word. Die verskil tussen die waarde van die dollar by die aanvanklike aankoop en dié van die gedevalueerde dollar by terugbetaling maak dan die Amerikaanse imperiale belasting uit. Dit het só gebeur:

Vroeg in die twintigste eeu het die Amerikaanse ekonomie die wêreldekonomie begin oorheers. Destyds was die Amerikaanse dollar aan goud gekoppel, sodat die dollar in waarde nóg gestyg, nóg gedaal het, want dit kon altyd in dieselfde hoeveelheid goud omgesit word. Die Groot Depressie, met die voorafgaande inflasie van 1921 tot 1929, het die hoeveelheid papiergeld in omloop beduidend vergroot sonder 'n gepaardgaande toename in goudvoorraad. Dit het beteken dat dit effektief onmoontlik was om die Amerikaanse dollar met goud te dek. Gevolglik het pres. Franklin D. Roosevelt in 1932 die dollar van goud ontkoppel. Tot in daardie stadium was dit wel so dat die VSA die wêreldekonomie kon oorheers, maar ekonomies gesproke was hy tegnies nie 'n ryk nie. Die vasgestelde waarde van die dollar met betrekking tot goud het dit nie vir Amerikaners moontlik gemaak om ekonomiese voordeel uit ander lande te put deur hulle te voorsien van dollars wat deur goud gedek is nie.

Ekonomies het die Amerikaanse ryk tot stand gekom met die instelling van die Bretton Woods-stelsel in 1945. Die dollar kon toe slegs gedeeltelik in goud omgesit word – buitelandse regerings kon dollars in goud omsit, maar private instellings nie. In dié tyd is die Amerikaanse dollar ook gevestig as die internasionale reserwegeldeenheid, want gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die VSA sy bondgenote voorsien van voedsel en militêre voorraad en goud as betaalmiddel aanvaar, waardeur hy 'n beduidende gedeelte van die wêreld se goud geakkumuleer het.

'n Ekonomiese ryk sou nie moontlik gewees het as die dollar volledig deur goud gedek is nie, dit wil sê, as die dollarvoorraad beperk en binne die beskikbaarheid van goud gehou is sodat dollars teen die vooraf ooreengekome koers vir goud teruggeruil kon word. In werklikheid is die dollarvoorraad egter tot ver verby sy gouddekking vergroot en aan buitelanders oorhandig in ruil vir ekonomiese goedere. Daar was geen vooruitsig dat dié dollars teen dieselfde waarde teruggekoop sou kon word nie – die goudvoorraad was nie voldoende om daardie dollars terug te koop nie; terselfdertyd is die hoeveelheid

* *Oostenrykse makro-ekonoom en investeringstrateeg*

dollars voortdurend vergroot, waardeur daardie dollars se waarde deurlopend gedaal het. Die deurlopende daling in die waarde van buitelanders se dollarbesit as gevolg van aanhoudende Amerikaanse handelstekorte het neergekom op 'n belasting – 'n inflasiebelasting.

Toe buitelanders in 1971 aangedring het op betaling vir hulle dollars in goud, het die regering van die VSA op 15 Augustus in gebreke gebly om te betaal. Die populêre beeldpoetsstorie oor hierdie wanbetaling was dat die "band tussen die dollar en goud verbreek is". Die eintlike vertolking is dat die VSA-regering insolvent was, net soos enige handelsbank insolvent kan word.

Deur dit te doen, het die VSA hom egter tot 'n ryk verklaar. Hy het 'n enorme hoeveelheid ekonomiese goedere uit die res van die wêreld gehaal sonder enige voorneme of vermoë om daardie goedere terug te besorg. Die wêreld is effektief belas en kon daar niks aan doen nie: hy kon die VSA nie in 'n insolvensiegeding betrek en op sy goud- en ander bates beslag lê as betaling nie, en kon ook nie met geweld neem wat verskuldig was deur oorlog te verklaar en dit te wen nie. Wesenlik het die VSA die wêreld 'n inflasiebelasting opgelê en 'n imperiale muntloon ingevorder!

Van toe af moes die VSA, ten einde die Amerikaanse Ryk in stand te hou en steeds deur inflasie die wêreld belasting op te lê, die wêreld dwing om dollars waarvan die waarde voortdurend gedaal het, te aanvaar in ruil vir ekonomiese goedere en moes hy die wêreld al hoe meer van daardie dollars laat besit terwyl daardie dollars gedepresieer het. Hy moes aan die wêreld 'n ekonomiese rede gee om dollars te besit, en daardie rede was olie.

In 1971 het die Amerikaanse regering, namate dit duidelik geword het dat die VSA nie in staat sou wees om sy dollars met goud terug te koop nie, 'n alternatiewe reëling getref om die wêreld met sy fiatdollar gyselaar te hou: in 1972-73 het hy 'n waterdigte akkoord met Saoedi-Arabië aangegaan, naamlik om die bewind van die Huis van Saoed te ondersteun in ruil vir die aanvaarding van slegs dollars as betaling vir Saoediese olie. Deur die dollar op die leier van OPUL (die Organisasie van Petroleumuitvoerlande) af te dwing, is die dollar effektief op alle OPUL-lede afgedwing. Omdat die wêreld olie van die Arabiese olielande moes aankoop, moes hy ook dollars besit om die olie mee te betaal. Omdat die wêreld steeds toenemende hoeveelhede olie nodig gehad het, moes die wêreld se vraag na dollars noodwendig toeneem. Hoewel dollars nie meer vir goud verruil kon word nie, kon dit nou vir olie verruil word.

Die ekonomiese essensie van hierdie reëling was dat die dollar nou deur olie gedek is. Solank dit die geval was, moes die wêreld al hoe meer dollars akkumuleer, want die dollars was nodig om olie mee aan te koop. Solank die dollar die enigste betaling vir olie was, was sy heerskappy in die wêreld verseker en kon die Amerikaanse Ryk voortgaan om die res van die wêreld belasting op te lê. Indien die dollar om watter rede ook al nie meer deur olie gedek word nie, sal die Amerikaanse Ryk ophou bestaan, want die VSA sal nie meer van die wêreld belasting kan hef deur hom te dwing om al hoe meer dollars te vergaar nie. Die oorlewing van die Ryk het dus bepaal dat olie slegs vir dollars verkoop kon word. Dit het ook geïmpliseer dat oliereserwes versprei was oor verskillende soewereine state wat nie een ekonomies of militêr sterk genoeg was om aan te dring op betaling vir olie met iets anders as dollars nie. Indien iemand aangedring het op 'n ander vorm van betaling, moes hy op politieke of militêre wyse oorreed word om van plan te verander.

Die man wat wel op euro's vir sy olie aangedring het, was Saddam Hoessein, laat in 2000. Aanvanklik is sy aandrang bespot, en toe verontagsaam, maar na gelang dit duidelik geword het dat hy bedoel wat hy sê en selfs sy reserwefonds van $10 miljard by die VN in euro's omgeskakel het, is politieke druk uitgeoefen om hom van mening te laat verander. Ander lande, soos Iran, wou ook betaling in ander geldeenhede hê, veral euro en jen. Die bedreiging van die dollar was duidelik en wesenlik, en dus was strafoptrede aangewese. Bush se oorlog in Irak het nie gegaan oor die bestaan van wapens van grootskaalse vernietiging, of oor die beskerming van menseregte, of oor die verbreiding van die demokrasie of selfs oor die verowering van olievelde nie. Dit het gegaan oor die beskerming van die dollar – dus die Amerikaanse Ryk; dit moes die boodskap tuisbring dat enigiemand wat aandring op betaling in ander geldeenhede as die Amerikaanse dollar, insgelyks gestraf sal word.

Baie mense het Bush gekritiseer deur te sê dat hy die oorlog in Irak gevoer het ten einde die Irakse olievelde te verower. Dié kritici kan egter nie verduidelik waarom Bush dit nodig sou vind om daardie olievelde te verower nie, want hy kan eenvoudig dollars kosteloos laat druk en dit gebruik om al die olie wat hy nodig het, aan te koop. Daar moes 'n ander rede gewees het om Irak binne te val.

Die geskiedenis leer ons dat 'n ryk om een van twee redes oorlog maak, naamlik (1) om hom te verdedig of (2) om voordeel te put uit die oorlog. Die voordele van 'n oorlog moet, ekonomies gesproke, swaarder weeg as die militêre en maatskaplike koste daarvan, anders sal 'n ryk nie 'n oorlog begin en voer nie. Die voordele wat die Irakse olievelde sal oplewer, is beswaarlik die langtermyn militêre koste werd wat oor meer as een jaar opgeloop word. Bush het Irak binnegeval om die Amerikaanse Ryk te verdedig. Dit was inderdaad die geval: Twee maande nadat die VSA Irak binnegeval het, is die Olie-vir-Voedsel-program gestaak, is die land se rekeninge teruggeswaai na dollars en is olie weer slegs vir Amerikaanse dollars verkoop. Die wêreld sou nie meer olie van Irak aankoop met euro's nie. Die wêreldwye dollarheerskappy is herstel. Bush het uit 'n vegvliegtuig geklim en homself as die oorwinnaar bestempel: die doel is inderdaad bereik – Bush het immers die Amerikaanse dollar, en dus die Amerikaanse Ryk, met sukses verdedig.

II. Iranse Oliebeurs

Die Iranse regering het onlangs voorgestel dat 'n Iranse Oliebeurs in Maart 2006 ingestel word wat op 'n eurogebaseerde olieverhandelingsmeganisme sal berus, wat uiteraard impliseer dat betaling vir olie in euro sal geskied. Ekonomies gesproke verteenwoordig dit 'n

baie groter bedreiging vir die hegemonie van die dollar as wat dié van Saddam ingehou het, want dit sal enigiemand wat bereid is om olie vir euro's te koop of te verkoop, in staat stel om die transaksies op dié beurs te doen. So sal die dollar heeltemal gepypkan word. Indien dit gebeur, is dit baie waarskynlik dat 'n groot deel van die wêreld hierdie euro-oorheerste oliestelsel gretig sal aanvaar:

- Die Europeërs sal nie dollars hoef te koop en te besit om vir olie te betaal nie, maar sal in plaas daarvan hulle eie geldeenheid gebruik.
- Veral die Chinese en Japannese sal baie gretig wees om die nuwe beurs te aanvaar. Dit sal hulle in staat stel om hulle enorme dollarreserwes drasties te verklein en met euro's te diversifiseer. Hulle sal steeds 'n deel van hulle dollars wil hou; van 'n ander deel sal hulle miskien direk ontslae wil raak; nog 'n deel van hulle opgehoopte voorraad sal hulle gebruik vir toekomstige betalings sonder om daarna hulle dollarbesit aan te vul, terwyl hulle eerder hulle euro-reserwes sal opbou.
- Die Russe het 'n ekonomiese belang daarby om die euro te aanvaar, want die grootste deel van hulle handel is met Europese lande, olie-uitvoerlande, Sjina en Japan. Die aanvaarding van die euro sal dadelik by die eerste twee blokke inpas, en met verloop van tyd sal dit handel met Sjina en Japan vergemaklik. Voorts lyk dit ook of die Russe dit verpes om depresiërende dollars te besit, want hulle het hulle onlangs opnuut tot goud bekeer: hulle sentrale bank diversifiseer tans ten koste van dollars en begin goud akkumuleer. Die Russe het ook hulle nasionalisme laat herleef, en as die aanvaarding van die euro die Amerikaners 'n steek kan gee, sal hulle dit met genoeë doen en dan selfvoldaan toekyk hoe die Amerikaners bloei.
- Die Arabiese olie-uitvoerlande sal die euro gretig aanvaar as 'n middel tot diversifikasie as teenvoeter vir die groeiende hope depresiërende dollars. Net soos die Russe dryf hulle meestal met Europese lande handel, en hulle sal dus die Europese geldeenheid verkies – sowel vir die stabiliteit daarvan as vir die vermyding van valutarisiko.

Slegs die Britte sal hulle tussen die hamer en die aambeeld bevind. Hulle het al baie lank 'n strategiese vennootskap met die VSA, maar daar is ook die natuurlike aantrekkingskrag van Europa. Tot dusver het hulle baie redes gehad om hulle by die wenner te skaar. Sal hulle egter, as hulle hul eeue oue vennoot sien val, nog steeds by hom bly staan, of sal hulle die doodsteek gee? Nietemin, 'n mens moet onthou dat die twee voorste oliebeurse tans die New Yorkse Nymex en die Londense International Petroleum Exchange (IPE) is, hoewel albei effektief deur Amerikaners besit word. Dit lyk waarskynliker dat die Britte saam met die sinkende skip sal moet ondergaan, want hulle sal hulself immers net in die voet skiet as hulle hul eie Londense IPE skade berokken. Hier kan miskien daarop gelet word dat, ondanks al die retoriek oor die voortbestaan van die Britse pond, die waarskynlikste rede waarom Brittanje nie die euro aanvaar het nie, druk van Amerika was om dit nie te doen nie: indien hulle dit wel gedoen het, sou die IPE na euro moes oorskakel, en dit sou die dollar en hulle strategiese vennoot dodelik verwond het.

Hoe dit ook al sy, ongeag wat Brittanje besluit, sal die belange wat regtig saak maak – dié van die Europeërs, die Chinese, die Japannese, die Russe en die Arabiere – die euro gretig aanvaar indien die Iranse Oliebeurs momentum opbou en versnel. En dit sal die lot van die dollar verseël. Die VSA kan nie toelaat dat dit gebeur nie en kan, indien nodig, 'n hele reeks strategieë volg om die werksaamhede van die beurs stop te sit of te belemmer:

- Saboteer die Beurs. Dit kan gedoen word deur 'n rekenaarvirus, 'n aanval op die netwerk, kommunikasie of bediener, verskillende skendings van bediener-sekuriteit, of 'n 9/11-tipe aanval op die hoof- en rugsteunfasiliteite.
- Staatsgreep. Dit is verreweg die beste langtermynstrategie wat vir die VSA beskikbaar is.
- Bedinging van aanvaarbare voorwaardes en beperkings. Dit is nog 'n uitstekende oplossing vir die VSA. 'n Staatsgreep is klaarblyklik die voorkeur-strategie, want dit sal verseker dat die Beurs glad nie sake doen nie en glad nie die VSA se belange bedreig nie. Indien 'n gepoogde staatsgreep of sabotasie egter misluk, is onderhandeling vanselfsprekend die tweede beste opsie.
- Gesamentlike VN-oorlogsresolusie. Dit sal ongetwyfeld moeilik wees om te bewerkstellig, gegee die belange van al die ander lede van die Veiligheidsraad. Onlangse retoriek oor Iran wat besig sou wees om kernwapens te ontwikkel, dien ongetwyfeld as voorbereiding vir hierdie handelwyse.
- Eensydige kernaanval. Dit is 'n skrikwekkende strategiese keuse om al die redes wat geassosieer word met die volgende strategie – eensydige totale oorlog. Die VSA sal Israel waarskynlik gebruik om sy kern-vuilwerk vir hom te doen.
- Eensydige totale oorlog. Uiteraard is dit strategies die slegste keuse. Eerstens is die VSA se militêre hulpbronne reeds uitgeput deur twee oorloë. Tweedens sal die VSA ander sterk moondhede vervreem. Derdens kan lande met groot reserwes besluit om stil-stil terug te slaan deur hulle berge dollars te stort en so die VSA te verhoed om sy militante ambisies verder te finansier. Laastens het Iran strategiese alliansies met ander moondhede, wat hulle dalk tot 'n oorlog kan laat toetree; Iran het na bewering so 'n alliansie met Sjina, Indië en Rusland, bekend as die Sjanghai Koöperatiewe Groep of die Sjanghai-kooöp.

Watter strategiese keuse ook al gemaak word, sal die Iranse Oliebeurs, indien dit momentum kry, vanuit 'n suiwer ekonomiese oogpunt gretig deur groot ekonomiese moondhede omarm word en die ondergang van die dollar aan die gang sit.

III. Die ondergang van die dollar

Die ondergang van die dollar sal inflasie in die VSA dramaties versnel en korttermyn- en langtermynrente-

koerse baie hoër opdruk. Op daardie punt sal die Fed hom voor twee ewe rampspoedige opsies bevind: deflasie of hiperinflasie. Die eerste opsie, deflasie, wat in die internasionale finansiesliteratuur as die "klassieke geneesmiddel" bekend staan, vereis dat monetêre uitbreiding gestaak en rentekoerse verhoog word. Dit sal 'n groot ekonomiese depressie, die ineenstorting van eiendomspryse en 'n inploffing in die effekte-, aandele- en afgeleide-instrumentemark teweegbring, wat weer na alle waarskynlikheid 'n algehele finansiële ineenstorting aan die gang sal sit. Die alternatiewe opsie is om die maklike uitweg te kies, naamlik dat die Fed die langtermyneffekteopbrengs vaspen, "die helikopters laat opstyg" en die finansiële stelsel laat toegooi onder likiditeit om so talle verskansingsfondse uit die verknorsing te red en die ekonomie te hiperinfleer.

Volgens die Oostenrykse teorie van geld, krediet en die konjunktuursiklus is daar op stuk van sake geen middeweg tussen die mitologiese Skilla en Charibdis nie – tussen deflasie en hiperinflasie nie. Vroeër of later, namate die druk toeneem en inflasie sy aaklige kop begin lig, moet die monetêre stelsel na die een of die ander kant swaai sodat die Fed gedwing sal word om 'n keuse uit te oefen. Dit ly geen twyfel nie dat die pas aangestelde Opperhoof van die Federale Reserweraad, Ben Bernanke, 'n vermaarde kenner van die Groot Depressie en 'n bedrewe helikoptervlieënier, laasgenoemde weg sal kies – hiperinflasie. Bernanke het die lesse van die Groot Depressie en die destruktiwiteit van deflasie goed geleer. Hy het by die Maestro ook baie geleer van die wondermiddel vir elke finansiële probleem: om jou pad daaruit te infleer, buig of bars. Hy het selfs vernuftige onkonvensionele maniere bedink om die slagyster van deflasionêre likiditeit te vermy, en nou leer hy die Japannese hoe om dit toe te pas. Om deflasie te vermy, het hy in die openbaar verklaar, sal hy die drukperse versnel en "geld uit helikopters gooi". Indien nodig sal hy alles wat voorkom, monetiseer. Uiteindelik sal hy die Amerikaanse geldeenheid in hiperinflasie vernietig.

Hiperinflasie geskied egter nie in 'n kits nie. Dit duur gewoonlik jare voordat die finale val kom. Die hiperinflasie van Weimar het omstreeks 1920 begin en in 1923 geëindig met die algehele vernietiging van die geldeenheid. Dit was ook die lot van 'n paar postkommunistiese lande: dit het Rusland en Bulgarye sewe tot agt jaar gekos om hulle geldeenhede te hiperinfleer voordat hulle dit uiteindelik vernietig het.

Omdat die dollar egter die reserwegeldeenheid van die wêreld is, sal die hiperinflasie van die dollar op twee maniere fundamenteel verskil van alle ander gevalle van hiperinflasie in die geskiedenis. Enersyds is daar dollaroorheerste skuld van miljoene der miljoene en tien keer soveel dollaroorheerste afgeleide instrumente. Gegee dat die verhouding van geldeenheid tot skuld en afgeleide instrumente baie klein is, moet die komende hiperinflasie noodwendig van epiese afmetings wees. Andersyds sal sentrale banke oor die hele wêreld met hand en tand veg om die dollar te ondersteun, sodat die wêreld se finansiële stelsel nie in duie stort en hulle reserwes in die niet verdwyn nie. Talle sentrale banke sal teen wil en dank kies om die dollar te ondersteun deur hulle eie geldeenhede te infleer. Twee sterk magte sal dus die dollar in teenoorgestelde rigtings dryf. Die onvermydelike ondergang van die dollar kan derhalwe vinnig en skielik kom, of dit kan uitgerek en pynlik wees.

Wat die tempo van hiperinflasie ook al is, gewone Amerikaners sal min opsies tot hulle beskikking hê om hulself te beskerm – in tye van krisis is mense se eerste instink om hulle te wend tot meer "stabiele" fiat-valuta van buurlande, soos die Kanadese dollar of die Mexikaanse peso. Die beskikbaarheid daarvan sal egter beperk en kompleks wees, want mense sal waarskynlik te doen hê met kapitaalbeheermaatreëls wat deur die regering ingestel is. Voorts sit mense instinktief die gehiperinfleerde betaalmiddel om in bates soos grond en eiendom, maar verkopers wil nie so 'n betaalmiddel aanvaar nie en verdwyn vinnig uit die mark. As hulle dan geen ander sinvolle opsies het om hulself te beskerm nie, sal die gewone mense min ander keuse hê as om hulle dollars om te sit in harde valuta soos goud en silwer, waardeur dié se pryse opgejaag word. Daarenteen het sentrale banke geen ander opsie as goud nie. Eerstens vrees sentrale banke tydens krisisse die risiko wat inherent in alle fiat-geldeenhede is. Bowendien sal nie eens die grootste fiat-geldeenhede voldoen aan hulle behoefte om hul reserwes om te skakel nie. Dit is ook nie prakties vir sentrale banke om eiendom en grond te besit nie. Sentrale banke sal derhalwe geen ander alternatief hê nie as om inderhaas hulle reserwes om te sit in die enigste harde valuta wat aan die mens bekend is: goud. Histories was goud in krisistye nog altyd die veiligste toevlugsoord. Wanneer mense en sentrale banke hulle *en masse* tot goud wend, het die waarde daarvan nog altyd die hoogte ingeskiet.

Dié keer sal dit ook nie anders wees nie.

Kerkvereniging

In weerwil van Suid-Afrika se veelgeroemde versoeningsmodel is die groeiende gaping tussen arm en ryk en die hernude vlaag van geweldsmisdaad waaronder die land tans gebuk gaan maar net twee van die tekens dat die versoening waarvan hoofsaaklik die laaste dekade of wat sprake was, een van elites is. Een van die redes hiervoor is dat die staatskorporatiewe bestel waarmee Suid-Afrika se gemeenskappe al vir die beste deel van twee eeue teen mekaar afgespeel word, dieselfde een is waarin versoening die afgelope jare geïnstitusionaliseer is. Die logika hiervan is ongeveer dieselfde as om vir vrede te veg met 'n AK-47.

Hierdie prentjie bevestig die allernoodsaaklikheid van instellings in die lewens van gemeenskappe, maar ook in die soeke na versoening. Eliteversoening is ten beste 'n siniese spel, soos ook vandag sigbaar in die enorme magstryd wat hom tussen die neoliberale nasionaliste en die sosialiste binne die Drieparty-alliansie afspeel, of in die gebrek aan geesdrif by korporatiewe Suid-Afrika om 'n duik in armoede te maak.

As dit by gemeenskapsgebaseerde instellings kom, is Suid-Afrika betreklik gelukkig dat sy heelwat hiervan het. Die probleem is dat hierdie instellings eenvoudig nie oor die mag van die staatskorporatiewe bestel beskik nie. Nietemin bly hierdie instellings – waarvan die kerk miskien die belangrikste is – op die voorpunt van die soeke na versoening, maar ook na die beliggaming van die diversiteit waarvoor Suid-Afrika so beroemd is, maar waarvan so min vandag in instellings beliggaam word.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die onlangse tree nader aan kerkvereniging deur die NG Kerk en die VGK so betekenisvol is. Die histories verdeelde NG-kerkfamilie dra in haarself meer taal- en kulturele diversiteit as enige ander instelling met sy wortels in die Afrikaanse wêreld. Die tree nader aan kerkvereniging maak die groter uitlewing van hierdie diversiteit 'n wesenlike moontlikheid.

Dié stap het nie gekom sonder die allernoodsaaklike wedersydse erkenning van die twee partye se legitimiteit en die ewe belangrike afstanddoening van wat by tye aan historiese moralisme gegrens het, of dit nou oor die Belydenis van Belhar of die NG kerk se verlede gegaan het. Hier verdien dr. Allan Boesak, wat die VGK oorreed het om sy houding oor die NG Kerk se aanvaarding van Belhar te versag, spesiale vermelding. Wedersydse erkenning en oordeelkundige politiek bly die basis van enige versoening, want daarsonder kan die twee partye wat mekaar moet vind dit nie as gelykes doen nie.

Kenmerkend van soveel Afrikaanse debatte die afgelope jare oor taal, die kerk en die media is dat die verdeeldheid dikwels langs wit en bruin lyne geloop het. Dit is hoopgewend dat op elk van hierdie terreine die gaping tussen wit en bruin geleidelik aan die verklein is, ofskoon dit nog nie agtergelaat is nie, en die spanning tussen die twee kante ook nie noodwendig onkreatief hoef te wees of weggewens te word nie. Nietemin mag dit wees dat die Afrikaanse wêreld in later jare op hierdie tydvak sal terugkyk en sê, "Ons het nie agtergekom hoeveel ons wel gevorder het nie."

Die groot belofte wat in die vereniging van die NG Kerk en die VGK skuil, is dié van nuwe praktyke, van nuwe maniere van ontmoeting. In 'n samelewing wat besig is om sy siel te verloor, kom hierdie belofte nie 'n oomblik te vroeg nie. Dit sal inderdaad ook goed wees as hierdie nuwe kerk van die toekoms hom weer soos die oudste kerke kan besig hou met die volle spektrum van menswees op die openbare terrein, eerder as net die maatskaplike: dit bly ironies dat die huidige regering geen kans verby laat gaan nie om kerke om hulp met maatskaplike vraagstukke te vra wat 'n regstreekse gevolg is van die neoliberale ideologie wat hulle self aanhang.

Maar saam met die groot belofte lê 'n jaar of drie van oordeelkundige omgang met die gewone lidmate vir die onderskeie kerkleiers voor. Hermann Giliomee het al dikwels gewys op die teenstrydigheid in Suid-Afrika van leiers sonder volgelinge en volgelinge sonder leiers. Talle gewone lidmate (en predikante) van die NG Kerk-familie is vandag in die grootste simboliese of materiële ellende gedompel: eetversteurings en dwelmverslawing is die stalmaat van hongerlone en bendegeweld. In hierdie situasie is die gemeentepredikant vandag nie die statusfiguur van ouds nie, maar eerder die seuntjie wat sy arm in die groeiende gat in die dyk van gemeenskapsverwering moet hou – 'n eensame, uitmergelende en soms ondankbare taak.

Daar kan geen twyfel wees nie dat juis gewone lidmate en predikante te midde van die groot psigiese en materiële druk waaronder hulle verkeer, met groot geduld en respek gehanteer moet word as kerkvereniging nie moet sneuwel by gebrek aan geesdrif of konsensus op voetsoolvlak nie.

'n Vroeë teken, soos die belofte van dr. Allan Boesak dat plaaslike gemeentes of tale van aanbidding gerespekteer sal word, versinnebeeld die gees waarmee die kerkleiding hopelik gewone lidmate en predikante sal ontmoet. As hierdie gees vaardig bly, kan 'n nuwe instelling met nuwe praktyke vir 'n ander Afrikaanse wêreld gebore word – en kan versoening uit die hande van die elites terug na die gemeenskap geneem word.

LE MONDE diplomatique

Politieke, diplomatieke maneuvers in die Balkan

OP 5 JUNIE HET DIE SERWIESE PARLEMENT SY AFSTIGTING VAN MONTENEGRO "WAARGENEEM". SO WORD SERWIË EEN VAN DIE MIN LANDE TER WÊRELD WAT SY ONAFHANKLIKHEID TERUGKRY SONDER DAT HY DIT VERLANG HET. DIE REFERENDUM WAT OP 21 MEI IN MONTENEGRO GEHOU IS, MAAK OP HIERDIE WYSE 'N EINDE AAN DIE EENHEID WAT TUSSEN DIE TWEE REPUBLIEKE BESTAAN HET, EN SERWIË WORD VERPLIG OM SY GRENSE, SY IDENTITEIT EN DIE AARD VAN SY POLITIEKE BESTEL TE HERDEFINIEER. ONMIDDELLIK NÁ DIE STEMMERY DOEN VUK DRASKOVIC, MINISTER VAN BUITELANDSE SAKE IN DIE VERDWENE UNIE VAN SERWIË-MONTENEGRO, 'N BEROEP VIR DIE HERSTEL VAN DIE SERWIESE MONARGIE. ENKELE DAE LATER VERKLAAR PRINS ALEKSANDAR KARADJORDJEVIC HOM TOT AANSPRAAKMAKER OP DIE TROON.

Deur ons spesiale verteenwoordigers Jean-Arnault Dérens en Laurent Geslin*

2006 begin as 'n "swart jaar" vir Serwië. Die referendum in Montenegro kom enkele weke na die staking van onderhandelings tussen Serwië en die Europese Unie: generaal Ratko Mladic ('n Serwiër van Bosnië), aangekla deur die Internasionale Strafhof vir die voormalige Joego-Slawië (ISVJ), skuil klaarblyklik steeds in Serwië. 2006 sou ook die jaar wees waarin die status van Kosovo beslis word: Belgrado berei hom voor op die verlies van dié provinsie wat sedert Junie 1999 onder die VN se voorlopige bestuur geplaas is, en wat kan lei tot 'n nuwe uittog van die 100 000 Serwiërs wat nog daar woon.

Hoewel die oorloë van die 1990's ter wille van 'n "Groot Serwië" gevoer is – of ten minste ter wille van die begeerte om "alle Serwiërs in een staat" te herenig – moet die werklike Serwië telkens toekyk hoe sy grondgebied kleiner word en sy bevolking tussen 'n groeiende aantal state versprei word (1).

In vele opsigte is die afstigting van Montenegro 'n niegebeurtenis. Die afgelope klompie jare het daar nie veel van sy betrekkinge met Serwië oorgebly nie. Die Unie wat in 2003 tot stand gebring is in die plek van die Federale Republiek van Joego-Slawië, was net 'n leë dop: elkeen van die twee republieke het sy eie belastingstelsel, doeane en selfs geldeenheid gehad – in Montenegro die Duitse mark, gevolg deur die euro.

Nietemin, in weerwil van die onlangse herontdekking van Montenegro se oorspronklike identiteit, bly daar belangrike kulturele en menslike bande tussen die twee lande. Tydens die sensus in 2003 verklaar 30% van Montenegro se burgers dat hulle nasionaliteit Serwies is (2). Woonagtig in veral die landelike gebiede in die noorde van die klein landjie, moet hulle maar – hoewel hulle duidelik teen onafhanklikheid gekant is – die nuwe situasie aanvaar.

'n Mens kan inderdaad praat van 'n Montenegriese "uitsondering". In Cetinje, voormalige koninklike hoofstad van Montenegro en 'n bastion vir onafhanklikheidsgesindes, beklemtoon Petar Martinovic, 'n pensioenaris, 'n belangrike feit: "Die drie stede wat die onafhanklikheid bewerkstellig het, is Cetinje, Rozaje en Ulcinj." In Ulcinj, met sy oorgrote meerderheid Albanese, en in Rozaje, waar "Bosniese" Slawiese Moslems die grootste persentasie van die bevolking uitmaak, het die minderhede bankvas (tussen 88% en 91%) die projek vir onafhanklikheid gesteun.

Dit is die eerste keer in die streek se onlangse geskiedenis dat 'n land se nasionale minderhede rondom 'n politieke projek met die hoofgemeenskap saamstaan. Kroasiese onafhanklikheid het berus op die uitsluiting van die Serwiërs uit die land; die Masedoniese Albaniërs het nooit die planne vir 'n Masedoniese staat onderskryf nie; en slegs die Albaniese Kosovare wil onafhanklikheid hê. Voorstanders van die onafhanklikheid van Montenegro verdedig die plan vir 'n multiëtniese, burgerlike staat wat nie sonder die deelname van al die gemeenskappe kan bestaan nie. Die Onafhanklikheidsverklaring wat op 3 Junie 2006 aanvaar word, bevestig dus "Montenegro as 'n burgerlike, multinasionale, multiëtniese, multikulturele, multigodsdienstige gemeenskap, gefundeer op respek vir en die beskerming van mense se regte en vryhede, en die regte van minderhede (3)."

Meer as 200 000 Montenegriane woon in Serwië: hulle loop gevaar om staatloos te word indien Montenegro hulle nie burgerskap gee nie. Baie van hulle, wat oornag vreemdelinge geword het in die land waarin hulle woon, loop boonop gevaar om hulle werk te verloor – talle werk in die staatsdiens, die regstelsel

* *Jean-Arnault Dérens het pas* Kosovo, année zéro *by Paris Méditerranée gepubliseer. Laurent Geslin is 'n joernalis by* Courrier des Balkans. *Uit die Frans vertaal deur Sonya van Schalkwyk-Barrois, sonyavs@yahoo.com*

of die polisie, poste wat voortaan vir Serwiese burgers opsygesit word. Vir hulle sal die breuk dus brutaal wees: net soos 'n groot gedeelte van die Serwiese gemeenskap sien hulle die afstigting van Montenegro as die begin van 'n nuwe "Serwiese grondgebied". Hierdie afstigting hou die gevaar in dat dit die gevoel van "verontregting" waaraan heelwat Serwiërs ly, kan versterk – iets wat die verregses uitbuit deur teen die onophoudelike "verskeuring" van die nasionale grondgebied uit te vaar.

Tragieser skeurings lê in Kosovo voor. In die Serwiese enklawes berei talle hulle reeds op die vertrek voor. "Ek sal tot die einde toe hier bly, ek sal die laaste een wees": die stem klink hees. Dimitrije Vucic, een van die 700 inwoners van die Serwiese dorpie Velika Hoca – in die suidooste van Kosovo, wat die Serwiërs Metohija noem – was die afgelope sewe jaar nog nie uit hierdie enklawe nie. Die Duitse bataljon van die KFOR, NAVO se sending in Kosovo, het op die hoogtes stelling ingeneem, agter 'n netwerk van doringdraad, ten einde die dorpie, een van die laaste Serwiese enklawes in die suide van Kosovo, te beskerm. Elders in die streek is die enigste oorblywende Serwiërs die ongeveer 500 inwoners van die stedelike "ghetto" van Orahovac.

Niemand hier koester enige illusie nie: "Die jonges is reeds weg, hier bly twee hubare meisies oor vir sewentig jongmans. Selfs my vrou wil hier weg, maar daar is niks van ons in Serwië nie," beklemtoon mnr. Vucic. Soos baie van die inwoners in die enklawe verval die voormalige "voorsitter" van die dorpie stadigaan in alkoholisme. Daar is nie werk in Velika Hoca nie, net landerye en 'n paar wingerde van die beroemde klooster van Visoki Decani. Die inwoners moet egter tevrede wees om die wingerde binne die KFOR se veiligheidsgebied te bewerk.

Enkele kilometer verder het die Middeleeuse klooster van Zociste in 1999 totaal afgebrand. Twee jaar gelede het drie monnike weer daar kom bly, onder beskerming van NAVO. Hulle bou stuksgewys weer die kloostermure op. Een van hulle klink realisties: "Die Serwiërs van Orahovac is gedoem om te vlug. Dié van Velika Hoca kan bly as die KFOR vir hulle voldoende beskerming kan bied. Ons monnike sal hier bly solank dit fisiek moontlik is, om die teenwoordigheid van getuies in die Kosovo-landstreek te verseker."

Terwyl die Serwiese noorde van Kosovo, aangrensend aan die "moederland", steeds drome koester van 'n verdeling wat kategories deur die internasionale gemeenskap verwerp word, word al die Serwiese enklawes suid van die Ibarrivier direk bedreig: in dié wat in die middel van die provinsie lê (sowat vyftien dorpies rondom die Gracanica-klooster), neem eiendomsverkope vinnig toe.

Regstreekse samesprekings tussen Belgrado en Pristina, wat in die herfs van 2005 in Wene onder beskerming van die VN se spesiale gesant, Martti Ahtisaari, begin is, het tot dusver geen resultate opgelewer nie. Geen terrein vir 'n kompromis lyk moontlik nie: die Albaniërs wil van niks anders as onafhanklikheid hoor nie, terwyl Belgrado bereid is om enige moontlikheid te oorweeg ... behalwe onafhanklikheid. Die desentralisering van Kosovo behoort nietemin een van die kernpunte van dié besprekings te wees.

Om die behoud van die Serwiërs te waarborg, aanvaarbare lewenstoestande te verseker vir dié wat in die gebied woon, en die ontworteldes wat wil terugkeer, toe te laat om dit te doen, sal daar inderwaarheid nuwe, lewensvatbare Serwiese gemeenskappe geskep moet word wat oor aansienlike selfbestuur beskik. Teenoor die maksimalistiese eise van die Belgrado-afvaardiging, wat op meer as twintig nuwe kommunes aandring, haal die Albaniërs afwateringsmaneuvers uit en probeer hulle om die gebiede wat aan dié kommunes afgestaan moet word, soveel moontlik te verbrokkel (4).

As die internasionale gemeenskap die teenwoordigheid van nie-Albanese gemeenskappe in Kosovo wil verseker, sal hy hierdie desentralisering moet afdwing, al moet hy dit dan ook aan die Albanese verteenwoordigers voorhou as die prys wat vir onafhanklikheid betaal moet word. Indien nie, sal die verklaarde doelwit van 'n "multi-etniese Kosovo" niks meer as 'n hol frase wees nie. Maar daar is aanduidings dat die VN se Hoë Kommissariaat vir Vlugtelinge (VNHKV) hom reeds op die ontvangs van 'n verdere 50 000 tot 70 000 nie-Albanese ontworteldes uit Kosovo in Serwië voorberei (5).

'n Mens sien reeds heelwat ontworteldes uit Kosovo in die suide van Serwië, soos in die omgewing van Vranje. So het 277 gesinne uit Lipjan toevlug by die klein mineraalbron Vranjska Banja gevind. Langs hulle opslaanhuisies is 'n projek van stapel gestuur om groot kweekhuise te bou waarin hulle kan werk: hier verbou hulle slaaie en uie vir… McDonald's-restourante. "Ons is trots daarop dat ons teen die Amerikaners en NAVO, die sterkste militêre magte ter wêreld, kon baklei. Eendag sal ons terugkom en die Albaniërs verjaag," benadruk Zorica Peric, verteenwoordiger van die "munisipaliteit in ballingskap" van Lipljan en lid van die oorlede Slobodan Milosevic se Sosialistiese Party (SPS). Te oordeel aan die gelate blikke van die ander vlugtelinge, word haar sekerheid nie gedeel nie. Hoofsaaklik afkomstig uit landelike milieus en met min opleiding, lyk die ontheemdes uit Kosovo se kanse skraal om by Serwië in te skakel waar een-derde van die aktiewe bevolking deur werkloosheid geteister word.

"Indien die 120 000 Serwiërs wat nog in Kosovo woon as gevolg van die onafhanklikwording vlug, sal ons dit nóg maatskaplik, nóg polities gesproke kan behartig," verduidelik Radomir Diklic, voormalige raadgewer van die Presidensie in die (ontbinde) Unie van Serwië-en-Montenegro, wat aan die onderhandelings in Wene deelneem. "Ons veg om die Serwiese teenwoordigheid in Kosovo te behou, maar die Albaniërs wil nie onderhandel nie, en die internasionale gemeenskap probeer net om so gou moontlik van die saak ontslae te raak. Maar 'n Serwië wat steier onder die gewig van nuwe vlugtelinge, wat verskeur word deur die ekonomiese krisis, en waarin die verregses hoogty vier, sal allermins in staat wees om sy eie verlede met nugterheid te bejeën, óf om tot die stabilisering van die streek by te dra."

Die spook van die verregses doem inderdaad al

groter op in Serwië. Volgens onlangse meningspeilings kan die Radikale Serwiese Party (SRS), wat steeds deur Vojislav Seselj uit sy sel in Den Haag beheer word (6), hoop op byna 40% van die stemme. Voeg daarby die 7-8% wat aan die Sosialistiese Party toegeskryf word, en die houers van die eertydse diktatoriale regime sou 'n parlementêre meerderheid kon behaal indien die verkiesing vervroeg word. Wat waarskynlik lyk: volgens sekere bronne sou die Eerste Minister, Vojislav Kostunica, verkies om te bedank en nuwe verkiesings uit te lok eerder as om persoonlik Kosovo se ondergang te onderteken. In ieder geval berus sy regering op 'n uiters wankele meerderheid wat van die steun, sonder deelname, van die sosialistiese parlementslede afhanklik is.

Indien die verregse nasionaliste, wat amptelik die "besetting" van Kosovo kritiseer en aan die hand doen dat dié gebied "bevry" word, aan bewind kom, sou dit enige vooruitsig op 'n ooreenkoms met Belgrado rakende Kosovo in die wiele ry, wat dan summier 'n nuwe, direkte konfrontasie tussen Serwië en die internasionale gemeenskap tot gevolg sal hê.

In Banja Luka, hoofstad van die Srpska Republiek (RS) van Bosnië-Herzegovina, is die vlugtelinge ook legio. Hulle kom uit Kroasië, sentraal-Bosnië, Herzegovina of Kosovo, en het elkeen 'n tragiese verhaal te vertel. Sommiges het amptelik staatloses geword wat van hulle nasionaliteit gestroop is, en baie voel bloot dat hulle Serwiërs is. "Almal hier rig die oë op Serwië. En as daar 'n sokkerwedstryd tussen Serwië en Bosnië is, ondersteun ons almal die Serwiese span," verduidelik Milodrag Pavic, lid van die RS se vereniging vir jong joernaliste. "Ek is nie vyandig teenoor enigeen nie, maar ek voel nie soos 'n Bosniër nie: vir my bestaan daar nie so 'n land nie."

Vir talle Serwiërs wat daar woon, bly Bosnië-Herzegovina 'n kunsmatige bousel, 'n leë dop. Sedert 26 Mei 2006 dring Milorad Dodik, eerste minister van die RS, aan op die reg om 'n referendum te hou in die "eenheid" wat hy bestuur, met die Montenegro-referendum as model. Christian Schwarz-Schilling, Hoë Verteenwoordiger van die Europese Unie, het onmiddellik 'n spervuur ontketen deur te beklemtoon dat 'n moontlike referendum in RS sou indruis teen die Dayton-vredesooreenkomste van 1995 wat die eenheid van die staat van Bosnië-Herzegovina waarborg – selfs al bestaan laasgenoemde uit twee "eenhede", die Republika Srpska en die Kroasies-Bosniese Federasie van Bosnië-Herzegovina (7).

Tydens 'n openbare vergadering in Novi Sad in Voïvodine, op 6 Junie vanjaar, dring Dodik weereens aan op die argumente ten gunste van 'n referendum. Volgens hom sou 90% van die RS se burgers 'n afstigting steun. En geen regsbeginsel sou hulle hierdie moontlikheid kon ontneem as dit aan die Kosovare toegestaan word nie (8). Die belang van hierdie stellinginname lê daarin dat dit van 'n politikus kom wat, as leier van die onafhanklike sosiaal-demokrate, vir lank die RS se nasionalistiese leiers teengestaan het en as "gematig" beskou is.

Daar word alom saamgestem dat die huidige Bosniese staat nie werk nie, maar enige pogings om die ingewikkelde institusionele meganisme wat daargestel is deur die Dayton-ooreenkomste te hervorm, het misluk. In hierdie omstandighede loop die veldtog vir die algemene verkiesing op 1 Oktober vanjaar gevaar om slegs rondom een kwessie te draai: die afstigting van die Republika Srpska of die uitwissing van dié entiteit, soos wat die voorstanders van 'n herenigde Bosnië vra. Soos Senad Pecanin, redakteur van die tydskrif *Dani* in Sarajevo dit uitdruk, het Bosnië teruggeval in die soort politieke debat wat in 1996, of voor die oorlog, gevoer is (9).

Die moontlikheid van so 'n afskeiding, wat enkele jare gelede nog ondenkbaar was, lyk al meer geloofwaardig. Dié van Montenegro het beslis geen direkte regsgevolge nie: dit het gegaan om 'n voormalige federale republiek met 'n erkende reg op afstigting. Daarenteen sou onafhanklikheid vir Kosovo 'n presedent skep. Sommige diplomatieke kringe sou ook die argument van "meerderhede" kon aanvoer: indien 90% van Kosovo se huidige inwoners Albanees is en onafhanklikheid wil hê, is die geval dieselfde in RS, waar bykans 90% van die inwoners Serwiërs is ...

So 'n denkwyse sou vinnig daartoe kon lei dat feitlik al die Balkan-grense in twyfel getrek word, met onberekenbare gevolge vir sowel Bosnië-Herzegovina as die streek in sy geheel. Die opsie van 'n "ruilery" – Kosovo se onafhanklikheid vir die oorhandiging van die Republika Srpska aan Belgrado as 'n soort troosprys – sou dus opnuut 'n krisis in die streek kon laat opvlam. Sou 'n mens jou 'n grootskaalse heromskrywing van die hele streek se grense kon voorstel, gebaseer op die skep van "etniese" state?

Dit sou nie rekening hou met die feit dat Serwië steeds een van die mees multiëtniese state in die Balkan is nie. Nie-Serwiese minderhede verteenwoordig ongeveer 45% van die bevolking in die noordelike provinsie van Voïvodine, wat tot in 1990 groot outonomie geniet het voordat dit onder die regering van Slobodan Milosevic erg teruggesnoei is. Net so is daar ongeveer 100 000 Albanese burgers in die Presevo-vallei, aangrensend aan Kosovo, terwyl die bevolking van Sandjak in Novi Pazar halfpad uit Slawiese Moslems bestaan wat hulself vandag "Boshniak" noem (10). Hierby moet 'n mens dan nog die klein Roemeense, Bulgaarse en Aromse gemeenskappies in die ooste van Serwië reken, asook die talle sigeuners.

Die Radikale Serwiese Party het nie van sy doelwit van 'n "Groot Serwië" afstand gedoen nie – dit is ook die naam van die party se koerant – en sy eise om hereniging van Serwiese gebiede gaan hand aan hand met 'n rassistiese vyandigheid jeens nasionale minderhede in Serwië, wat as 'n "vyfde kolonne" beskryf word. Die ware uitdaging is in werklikheid die heropbou van 'n Serwiese identiteit, wat twee aspekte moet insluit: die multiëtniese aard van die Serwiese samelewing, en die bestaan van 'n nasionale Serwiese kwessie wat oor grense heen strek. En slegs een van twee alternatiewe is moontlik: óf nuwe grense, nuwe verdelings, nuwe volksverskuiwings, nuwe geweld en selfs, gewis, nuwe oorloë; óf die vinnigste moontlike inlywing van die hele streek in die Europese Unie, met al die gevolge – positief maar ook negatief – vir die bevolkings.

So ’n inlywing sou dit moontlik maak om die grense tussen die state te relativeer en om nuwe verhoudings en nuwe vennootskappe tussen die verskeie Serwiese gebiede in die Balkan te skep. Uit ’n Brusselse oogpunt gesien lyk ’n spoedige inlywing onwaarskynlik, maar, soos in 1991 met die uitmekaarspat van die sosialistiese Joego-Slawië, kan politieke oorversigtigheid dramatiese gevolge hê. Een feit staan in elk geval soos ’n paal bo water: die Serwiese vraagstuk kan slegs binne Europa opgelos word.

---

(1) Lees “Lendemain amers pour les orphelins de la Grande Serbie”, *Le Monde diplomatique*, November 1997.
(2) Lees “Recensement : les Monténégrins minoritaires dans leur pays ? ”, *Le Courrier des Balkans*, 8 Desember 2003, http://balkans.courriers.info/article3892.html
(3) Lees “Le Parlement du Monténégro proclame l’indépendance”, *Le Courrier des Balkans*, 4 Junie 2006, http://balkans.courriers.info/article6801.html
(4) Lees “Décentralisation du Kosovo: nouvelles propositions albanaises”, *Le Courrier des Balkans*, 25 April 2006, http://balkans.courriers.info/article6637.html
(5) Lees die dagblad *Politika*, 1 Junie 2006.
(6) Seselj is in Januarie 2003 deur die ISJS (TPYI) van oorlogsmisdade en misdade teenoor die mensdom aangekla. Hy is steeds verhoorafwagtend.
(7) Lees “Bosnie: l’exemple monténégrin ne vaut pas pour la Republika Srpska”, *Le Courrier des Balkans*, 31 Mei 2006, http://balkans.courriers.info/article6785.html
(8) Lees “Bosnie: la Republika Srpska réclame son référendum”, *Le Courrier des Balkans*, 7 Junie 2006, http://balkans.courriers.info/article6808.html
(9) Lees “Débats sur un référendum en Republika Srpska: la Bosnie régresse de dix ans”, *Le Courrier des Balkans*, 6 Junie 2006, http://balkans.courriers.info/article6805.html
(10) In die tyd van die sosialistiese Joego-Slawië is ’n “Moslem”-nasionaliteit in Bosnië-Herzegovina erken, net soos in Sandjak. Vandag beskryf die lede van dié gemeenskap hulself as “Boshniak” (*Bosnjaci*), terwyl “Bosniak” of “Bosniër” (*Bosanci*) verwys na die inwoners van Bosnië-Herzegovina, ongeag die gemeenskap waartoe hulle behoort.

• *Die Vrypostige Afrikaan*

Handdoek geïnternasionaliseer?

"Ons weet van niks"

DIERBARE LESERS VAN *DIE VRYPOSTIGE AFRIKAAN* WAT HULLE IN DIE VERRE VREEMDE BEVIND, NADER ONS GEREELD OM NUUSBROKKIES UIT DIE VADERLAND. ONS GEE VANDAG GRAAG GEHOOR AAN HIERDIE VERSOEK MET 'N KEUR UIT ONLANGSE OPSPRAAKWEKKENDE NUUSGEBEURE. GEDAGTIG AAN HOE MOEILIK DIT MISKIEN VIR ONS VERAFGELEË LESERS MAG WEES OM HIERDIE GEBEURE TE BEGRYP, HET ONS SPESIAAL VERDUIDELIKENDE KOMMENTAAR MET ELKE GEBEURTENIS INGEWIN. ONS HOOP DAT DIE SKYN VAN ABSURDITEIT DAARMEE TELKENS VERBREEK SAL WORD.

Deur ons rondreisende verslaggewer, Kleinjan Schietekat

Eerstens het die Minister van Veiligheid en Sekuriteit (sic), mnr. Charles Nqakula, onlangs verklaar dat mense wat kla oor misdaad maar eerder in ander lande moet gaan woon. Nqakula het dié uitspraak gemaak in die parlement toe hy deur opposisielede vrae oor misdaad gevra is nà die onlangse toename in geweldsmisdade in voorstede, waaronder die bloedige moord op 'n 78-jarige dame. 'n Voorspelbare storm van protes is hierdeur ontketen, en op Sondag 25 Junie het die Minister soort van jammer gesê in 'n onderhoud met *Rapport*.

Die Vrypostige Afrikaan kan vandag onthul dat die Minister heeltemal verkeerd verstaan is, indien nie verkeerd aangehaal of vertaal nie, soos wat altyd met Suid-Afrikaanse politici gebeur. 'n Woordvoerder van die Ministerie van Veiligheid en Sekuriteit, wat uit vrees vir sy lewe verkies om anoniem te bly, sê dat dit net wittes is wat oor misdaad kla omdat net wittes daardeur geraak word. "Ons weet van geen misdaad in die townships nie, en ons weet ook van geen kabinetslid wat die teiken van misdaad was nie. Altans nie in maande nie. Daar is eintlik geen misdaad nie en ons weet van niks."

Tweedens is daar onlangs in 'n studie van die Noordwes-Universiteit bevind dat 98% van alle wildjagters in Suid-Afrika wit, manlik en Afrikaanssprekend is (oftewel Afrikanermans). Die navorsers wat die studie onderneem het, het nie net gewys op die groot ekonomiese bydrae wat die jagbedryf tot die land maak nie, maar ook gevra dat daar gekyk word na maniere om die jagbedryf ook onder ander geslags- en kultuurgroepe te vestig.

In sy reaksie sê dr. Petrus de Beer van die Nasionale Bemarkingsinstituut dat dit oorweeg moet word om jagtrofeë "polities meer betekenisvol" te maak." 'n Mens moet na maniere soek om die jagbedryf in lyn met die oogmerke van die Nasionale Demokratiese Rewolusie te bring."

Dr. de Beer wou nie verder uitbrei nie, maar 'n sosioloog wat verkies om anoniem te bly, meen dat die onlangse insident waartydens 'n wit vrouejoernalis doodgeskiet is dalk 'n poging kan wees om aan die praktyk van jag nuwe inhoud te gee. "Die snelweg is nou die jagveld van jaagduiwels wat hulle motors soos wapens inspan," sê sy.

'n Derde interessante brokkie nuus uit die vaderland is nie meer so vars nie, maar het nog niks van sy aktualiteit verloor nie. Gekonfronteer deur 'n buitelandse joernalis met die statistiek dat daar elke 30 sekondes in Suid-Afrika 'n vrou verkrag word, het 'n Suid-Afrikaanse minister verklaar dat dit nie waar kan wees nie "omdat niemand dit gesien het nie". Dit herinner sterk aan die President, wat 'n tyd gelede Suid-Afrika se hoë werkloosheidsyfers bevraagteken het "omdat daar nie soveel werklose mense op straat gesien kan word nie" (effens geparafraseer).

'n Hooggeplaaste lid van die Nasionale Intelligensiediens wat om professionele redes nie sy naam genoem wil hê nie, sê dit is duidelik dat "'n sinistere Derde Mag die Sentrale Statistiekdiens geïnfiltreer het" en dat "die saak aandag op die hoogste vlak geniet – hier is mense aan die werk wat alles sal doen om transformasie te dwarsboom!"

Nader aan die Afrikaanse wêreld is geskiedenis onlangs gemaak toe 'n student vir studentepret met 'n deurtrekker in 'n filosofieprofessor se klas tot 150 uur gemeenskapsdiens gestraf is. In die volksmond staan dié voorval nou as die "Slurpie-episode" bekend, en 'n diepgaande debat is weke lank oor die fyner nuanses van die saak deur die publiek gevoer.

Hoewel die openbare mening tot 'n groot mate dit wou hê dat die professor en die betrokke tugkomitee se humorsin hulle in die steek gelaat het, sê prof. Nols Niemand, 'n kenner van dramateorie, dat die professor en die tugkomitee eintlik maar net die grap terugbetaal het met rente. Niemand sê daar steek geen waarheid in die aanname dat die Universiteit Stellenbosch, waar die ongelukkige voorval plaasgevind het, "alle humor in die huidige progressiewe, moderne en internasionaal

voortreflike transformasieproses verloor het nie; die feit van die saak is dat ons nou sit met 'n geslag studente wat nie hulle Kafka ken nie – die studente is eenvoudig te agterlik, barbaars en van kultuur wars om te weet dat ook Josef K. se vervolgers 'n humorsin gehad het."

Laastens met die ter perse gaan van *Die Vrypostige Afrikaan* is berig ontvang dat die Rektor van die Universiteit Stellenbosch, prof. Chris Brink, rektor gaan word van die Universiteit van Newcastle. Prof. Brink het gesê dat die "skip by die US nou gedraai is" en per implikasie kan iemand anders dit nou verder bestuur. Mnr. Paul Mofokeng, 'n diversiteitskenner, sê: "Dis dapper van die Rektor - want as Newcastle in Kwazulu-Natal is, kan hy nou weer die skip omdraai en die Zoeloes dan toelaat om dit verder te stuur - na 'n Zoeloe-universiteit."

Blykbaar steek daar geen waarheid in gerugte dat prof. Brink se jarelange stereotipering van sy opponente en hul gevolglike weerstand teen hom so suksesvol was dat hy nou maar die handdoek gaan internasionaliseer eerder as om dit in te gooi nie.

Uit Bothasig, Kaapstad skryf J. Fred Roux

Onlangs het 'n klein nuusberiggie op e-tv verskyn van 'n referendum wat beplan word om te bepaal of Katalonië van Spanje moet afskil. Vir meeste Suid-Afrikaners het dit geen betekenis gehad nie. Net lesers van *Die Vrye Afrikaan* het presies geweet wat dit behels.

Graag wil ek u gelukwens met die besonder interessante artikels vertaal uit Frans oor Katalaans en Katalonië wat in *Die Vrye Afrikaan* van 17 Februarie, 2006 verskyn het. Dit was geweldig insiggewend.

Nie net was dit betekenisvol gesien vanuit 'n algemenekennisoogpunt nie; die paralelle relevansie met die huidige verloop van Afrikaans maak dit soveel meer tersaaklik. Met ander woorde, as Katalaans uit die stof kan opstaan, behoort Afrikaans wat nog op sy voete is, dit makliker vind om te slaag.

Om dít reg te kry, moet hierdie storie, hierdie prysenswaardige boodskap, oorgedra word aan alle Afrikaners, en veral die jeug. Bes moontlik kan dit 'n uitdaging vir die FAK word.

Geluk ook met die algemene samestelling van *Die Vrye Afrikaan*. Ek vind dit geweldig interessant. *(Brief effens verkort)*

- En u is die soort leser waarvan ons hou! Intussen het die Katalone die referendum en groter outonomie gewen. – Red.

Na aanleiding van Jaap Steyn se artikel "Van Wyk Louw die anti-Semiet?" skryf dr. Loammi Wolf uit Duitsland

'n Weldeurdagte en goeie artikel! Daar is twee dinge wat daarby aansluit wat ons tot vandag toe dalk onderskat: eerstens, fascisme het nie noodwendig anti-Semitisme omvat nie, veral nie in Italië en Spanje nie; tweedens, ons onderskat die invloed van eugenetiek wat sy ontstaan gehad het in Frankryk en toe oorgespoel het na Duitsland, Engeland en die VSA. Hierdie maatskaplike Darwinisme was 'n inherente deel van die onderbou van koloniale ekspansionisme in die latere 19de eeu. Dit het die wit rasse se meerderwaardige stelling in verskeie opsigte legitimeer om dinge te doen waarteen andersinds etiese norme sou spreek.

In reaksie op Carel (iv) Boshoff se artikel "Afrikaners en die DA: hoe te verklaar?" (Die Vrye Afrikaan, 21 April 2006) skryf Desirée van der Walt, DA-LP, Kaapstad

By betragting van die Afrikaner en sy politieke lojaliteite sou dit miskien wys wees om uit die staanspoor te erken dat dié volk vir al sy gedeelde oortuigings, ervaringe, geskiedenis en mylpale – beide dit waaroor hy vandag sy kop saam met dié van landsgenote hoog kan hou, en dit waaroor hy op sy knieë moet gaan – en ten spyte van sy vele pogings, homself nog baie min suksesvol as 'n politiese monoliet kon voordoen.

As sodanig is daar nie te veel wat die Afrikaner van vandag behoort te onderskei van sy landgenote wanneer dit kom by hoe en hoekom hy kies watter politieke party hy wil ondersteun nie. Ja, dit kwel dat dié ooreenkomste steeds nie ver genoeg strek om die sterk apartheidbabalaas by die stembusse te verlig nie. Die feit dat Afrikaners landswyd hulself vereenselwig met 'n moderne, progressiewe politieke party wat glo dat Suid-Afrika vir ál sy burgers moet werk, dat Afrikaners hulself in steeds talryker massas na die Demokratiese Alliansie wend, is egter skaars kwalifiseerbaar as 'n "toenemend onontwykende" vraag soos voorgehou deur Carel (iv) Boshoff.

Hoekom dié verskynsel in die eerste plek steeds bevraagteken word, gaan meeste van óns breë kerk se mense natuurlik heeltemal verby. Wat sou die alternatiewe dan wees? Moet ons 'n pad voorstaan waar elke enkele groepering in Suid-Afrika vir die doel van deelname op die primêre politieke vlak – menende die politiek van verkiesings, die wetgewer en die regering – hulself streng laer rondom nougesette kultuur-, kultus- of geloofsbelange? Sal so 'n benadering vir die gemiddelde individu of belangegroepering in 'n hoogs belange-gediversifiseerde land soos Suid-Afrika deug? Sal dit dié belangegroepe goed genoeg van toegang kan verseker tot die nodige politieke hefbome om sake van breër gemeenskaplike belang regverdig te beïnvloed tot die redelike voordeel en bevrediging van die gemiddelde Suid-Afrikaner? Is daar hoop vir die Afrikaner wat haar- of homself op primêre politieke vlak – afgerond al dan nie, en so eietyds soos dit enigsins geag kan word – deur 'n etniese appèl laat verlei? Die antwoord is duidelik nee, nee en weer nee!

As 'n kultuur- en geloofsinklusiewe organisasie wat homself primêr as 'n politieke party ag is 'n groot deel van die DA se werk kommunikasie: kommunikasie met ons ondersteuners, kommunikasie met die

groter kieserskorps, kommunikasie met ander politieke partye en kommunikasie met die regering. Ons doen dit ook nie net gedurende verkiesings nie.

Dus, waar daar deur Boshoff geïmpliseer word dat Tony Leon slegs Afrikaans praat in ruil vir ondersteuning by die stembus moet dit net so belaglik geag word soos om te sê dat Joe Seremane en Motlatjo Thetjeng vir dieselfde rede slegs by geleentheid nie Engels praat nie; dat Helen Zille isiXhosa slegs vlot kan praat omdat sy 'n obsessie ontwikkel het met mag; of dat Sherry Chen nie die hele tyd Mandaryns praat nie omdat sy bang is dat sy haar werk gaan verloor.

Oor Neville Alexander se "Afrikaans in 'n veeltalige, multikulturele en nierassige konteks" (Die Vrye Afrikaan, 19 Mei, 2006) skryf Buks van Rensburg uit Toronto, Kanada

Ek het Neville Alexander se bydrae as ingelig en interessant ervaar. Ek het veral die koue logika wat hy op die universiteitstaaldebat in die Wes-Kaap giet, baie geniet. Dit is in dié konteks jammer dat die "vanselfsprekende" waarna hy verwys, skynbaar ook hopeloos is. Die interessantste maatskaplike ontwikkeling in Suid-Afrika na 1994 is myns insiens die vinnige en voortgesette ondermyning van Afrikaans as 'n openbare, intellektuele, en onderwystaal. Die vraag wat dus ontleed moet word, is waarom die agteruitgang van Afrikaans in skole, in universiteite, en in die besigheidswêreld, en selfs op radio en televisie, skynbaar so onvermydelik en snel plaasvind. In dié opsig kan 'n antwoord gesoek word deur die situasie rakende tale en kulture in die Nuwe Suid-Afrika te vergelyk met ervaring elders. Daar bestaan lande waarin twee of meer tale floreer as amptelike tale, maar die algemene tendens in eenheidstate is die onverstoorde agteruitgang van die tale van minderheidsgroepe. Dit is net in state waar minderheidstale op federale wyse ondersteun word of was, dat agteruitgang nie plaasgevind het nie. In dié opsig kan mens verwys na die sukses van Frans in Kanada, of Vlaams in België, en in 'n breër konteks na die multikulturele en veeltalige voormalige kommunistiese state, onder meer die Sowjet-Unie en Joegoeslawië, wat federaal op linguistiese en etniese lyne georganiseerd was (dit was natuurlik nie apartheid nie!). In teenstelling met die bogenoemde, het minderheidstale in demokratiese eenheidstate ten gronde gegaan, of is hulle ten minste erg verwaarloos. Dit is veral die geval in die voormalige kolonies van Europese moonthede, maar ook in volwasse demokrasieë in Europa en in Asië. Dit is selfs die geval in Groot-Brittanje en in Spanje. Die Nuwe Suid-Afrika is georganiseer as 'n sterk eenheidstaat met minder grondwetlike regte vir minderhede as wat die Skotte of Baske geniet, wat ten minste geografies gekonsentreerd is in hulle lande. Die onvermydelike gevolg van dié feit is dat Afrikaans, ten spyte van die waarborge wat die huidige regeerders gee, waarskynlik dieselfde afskaling en aftakeling ervaar as wat Gallies en Wallies in Brittanje oorgekom het. Dit is moeilik om die slotsom verkeerd te bewys. Dit is waarskynlik onpopulêr om te beweer dat Afrikaans die slagoffer is van die soort grondwetlike bedeling wat die ANC en die Nasionale Party in 1994 onderhandel het. Maar myns insiens is dit ook die korrekte en grondliggende rede vir Afrikaans se ondergang. 'n Federale grondwet, wat die bestaan van diverse populasies binne Suid-Afrika se grense sou erken, sou waarskynlik, soos die voormalige Joegoeslawië, 'n meer bestendige omgewing geskep het vir die behoud van taal en kultuur onder Afrikaners, Zoeloes, en dies meer. So 'n staat sou waarskynlik ook minder "gelyk" wees, omdat dit kultuurverskille dan tot op regeringsvlak verhef, wat in die konteks van die voormalige apartheidsbeleid dan ook onaanvaarbaar vir die ANC sou wees (dit is egter aanvaarbaar in België en was aanvaarbaar in Joegoeslawië). Wat is die gevolgtrekkings? Eerstens, dat die organisasie van Suid Afrika as 'n eenheidstaat met 'n sterk sentrale regering skynbaar onvermydelik was gegewe die geskiedenis van die land sedert 1910. (Die geskiedenis van Suid-Afrika tot in 1910 rasionaliseer egter 'n federale stelsel as die mees geskikte regeringsvorm vir die land). Tweedens, dat regerings in eenheidstate nog nêrens die kultuur en veral tale van minderhede gerespekteer het nie. Trouens, dit is die geval dat selfs federale state soos Australië en die VSA nie minderheidstale erken of bevorder nie (selfs nie in die huidige betreklik gunstige ekonomiese toestande nie). Net in spesiale soorte federale state is minderheidstale en -kulture bevorder, en dan weens spesiale geografiese of historiese omstandighede, soos byvoorbeeld Frans in Kanada of die tale van die voormalige Joegoeslawië. Derdens, dat die "nasiebou"-projek in Suid-Afrika ten doel het die langtermynversmelting van Suid-Afrika se verskeidenheid mense om 'n Nuwe Suid-Afrikaner te definieer. Dit verg die onvermydelike verandering van Afrikaner, Zoeloe, en dies meer, in 'n universele Suid-Afrikaner wat waarskynlik Engelssprekend gaan wees. Dit is ongelukkig 'n feit dat 'n geïntegreerde ekonomie en sosiale kultuur altyd eentalig is, behalwe as regeringsregulasies dit anders verg. In dié opsig kan mens Suid-Afrika met die historiese VSA vergelyk, waar menige eens wydverspreide tale (Duits, Spaans, Frans, inheemse tale) die slagoffers is van die ontwikkeling van 'n "etniese Amerikaner" wat eentalig Engels praat. Vierdens en laastens wil ek opmerk dat die behoud van die enkele minderheidstale in demokrasieë net gebeur het as gevolg van die radikale en soms ongeskikte houding van taalaktiviste. Frans-

Kanadese en Vlaminge is byvoorbeeld bekend vir hulle radikale politiek van selfbehoud, en hulle het nooit geskroom om op tone te trap nie. Gegewe die toestande en organisasie van Suid-Afrika sedert 1994, is dit vir my vanselfsprekend dat Afrikaans net tot in die volgende geslag gaan oorleef as ten beste 'n kombuistaal. Daarna sal die taal waarskynlik vinnig kwyn, as Suid-Afrika bly voortbestaan as 'n eenheidstaat. Mens kan die feit verstaan deur die demografie van Afrikaans se sprekers te ondersoek. Die demografie van die taal is nie net erg deur emigrasie geknou nie, maar ook deur die volgehoue politieke druk op Afrikaanse instellings. Die druk het die kultuurspasie van die taal se sprekers vernietig, en die taal erg in die openbare sfeer geknou. Dit is trouens duidelik dat net 'n radikale verandering in hierdie feite en toestande Afrikaans van sy ondergang sal red. Laastens moet ek van Alexander se finale sin verskil. Hy skryf naamlik dat "'n regverdige saak kan nooit verslaan word nie." Dit is ongelukkig nie waar nie. Maar daar is mos altyd hoop, dan nie?

- Inderdaad is daar. Gelukkig is die geskiedenis die terrein van die onverwagse eerder as die voorspelbare, ten spyte van wat die bestuurders van ons era beweer – Red.

• *Gedig*

Die Minotourus

by 'n beeld van Paul Wunderlich

Deur Hennie Aucamp

Staan wankel gevestig
in eie labirint:
twee arms en 'n been
stomp afgebind.

Die kop nogtans trots
is skuins weggedraai
na die Ouwêreldsee
en 'n wyndonker baai.

Sien hy bollende seile
na Griekeland vaar
met Theseus en Ariadne
voorlopig 'n paar?

Of sien hy vooruit
hoe die vyand hom stort
van 'n loodregte krans
en sélf offer word?

Néé: die stukkende dier
wil vir oulaas aanskou
hoe 'n vader se trane
'n see laat verblou.

LE MONDE diplomatique

Atomiese Iran

'N HANDOMKEER. DIE NUWE HOUDING VAN DIE VERENIGDE STATE TEENOOR IRAN MET BETREKKING TOT DIE KERNTWIS, IS 'N SKOUSPELAGTIGE OMMEKEER. DAAR MOET ONTHOU WORD DAT AMERIKAANSE HOOGGEPLAASTES SKAARS TWEE MAANDE GELEDE NOG DAARAAN GEDINK HET OM, AS "MOONTLIKE OPSIE" (1), TOT SELEKTIEWE AANVALLE OOR TE GAAN OM VIR TEHERAN – "EEN VAN DIE DRYFKRAGTE VAN WÊRELDWYE TERRORISME" VOLGENS MNR. DONALD RUMSFELD, MINISTER VAN VERDEDIGING – TE DWING OM AF TE SIEN VAN SY KERNPROGRAM. HIERDIE AANVALLE HET DIE AANWENDING VAN B61-11 ANTI-BUNKERBOMME MET 'N KERNPLOFKOP VERONDERSTEL, EN HET VERAL DIE NATANZ-KOMPLEKS BEDREIG WAT 250 KILOMETER VAN TEHERAN GELEË IS EN WAAR DAAR 'N URAANVERRYKINGSAANLEG BESTAAN. VOLGENS 'N HOOGGEPLAASTE BY DIE PENTAGON WAS DIE WITHUIS VAN MENING DAT "DIE ENIGSTE MANIER OM DIE PROBLEEM OP TE LOS, GESETEL IS IN 'N VERANDERING IN DIE IRANSE GESAGSTRUKTUUR. EN DIT BETEKEN OORLOG (2)."

Deur Ignacio Ramonet*

Dit was dus die situasie totdat dinge ewe skielik radikaal verander het. Tydens 'n vergadering op 1 Junie in Wene het die Ministers van Buitelandse sake van die Verenigde Nasies se Veiligheidsraad se vyf permanente lede (Verenigde State, Sjina, Frankryk, Verenigde Koninkryk, Rusland), sowel as Duitsland 'n dokument opgestel, met 'n versoenende aanslag en sonder dreigemente, wat met nuwe voorstelle vorendag kom om hierdie twis finaal te besleg. Voorstelle wat mnr. Javier Solana, hoë verteenwoordiger van die Europese Unie se buitelandse beleid, op 6 Junie in Teheran aan mnr. Ali Larijani, Sekretaris van die Opperste Raad vir Nasionale Sekuriteit en hoofonderhandelaar van Iran rakende hierdie kwessie, oorhandig het.

Alhoewel die inhoud van die dokument nie openbaar gemaak is nie, is dit bekend dat die Ses hiermee Iran, wat die Nie-proliferasieverdrag vir Kernwapens (NPV) onderteken het, se reg op toegang tot burgerlike kernenergie erken en dat hulle hulself daartoe verbind om hom by te staan om ligte waterreaktors te bekom. Hulle bied ook aan om 'n einde te bring aan die ekonomiese embargo, om hom te voorsien van onderdele wat sy burgerlike lugvaart benodig, en hulle belowe om sy lidmaatskapsaansoek by die Wêreldhandelsorganisasie (WHO), wat Washington reeds negentien keer met sy veto teengestaan het, te ondersteun.

Die ware toegewing is elders te vinde: die Amerikaanse regering, wat dusver geheel en al geweier het, stem in om by die onderhandelingstafel te kom aansit, langs die vyf ander groot moondhede, om direk met die Iraniërs te onderhandel. Die enigste voorwaarde: die opskorting van die uraanverrykingsprogram.

Dit wil voorkom of Teheran op sy beurt ook staatmaak op die paaibeleid en hy het homself die tyd gegun om na te dink voordat hy 'n antwoord gee. Die eerste aanduidings is bemoedigend. Mnr. Ali Larijani het erken dat "daar positiewe stappe in hierdie voorstelle is". En die Iranse Minister van Buitelandse Sake, mnr. Manucher Mottari, wat nietemin erken dat sy land hom moet beywer om internasionale besorgdheid te verdryf, het ook op 'n optimistiese toon verklaar: "Dit is 'n stap vooruit. Verlede jaar het die Europeërs aan ons gesê: 'Hier is ons plan, vat dit of los dit.' Terwyl daar nou vir ons gesê word: 'Hier is 'n voorstel, ons kan daaroor praat, dit bestudeer en daaroor onderhandel deur diplomatieke kanale.' Dit is positief. Hulle erken dat dit onderhandelbaar is nadat ons dit bestudeer het. Die Verenigde State het ingestem om aan die onderhandelings deel te neem, en ons het hierdie besluit met genoeë ontvang (3)."

Hoe kan hierdie Amerikaanse handomkeer verklaar word? Eerstens is dit Iran se onbetwisbare reg – 'n streeksmoondheid met 76 miljoen inwoners en belangrike verskaffer van olie wat daarvan bewus is dat die afname in olieproduksie onvermydelik is – om besorg te wees oor die toekoms van sy energie. En om op die tegnologie van burgerlike kernkrag staat te maak. Ten spyte van meer as 2 000 inspeksies sedert 2003 was die Internasionale Atoomenergie Agentskap (IAEA) nog nooit in staat om enige bewys te lewer dat die Islamitiese Republiek 'n militêre kernprogram volg nie – die enigste wat deur die NPV verbied word.

Rusland en Sjina erken dat die Iraniërs 'n poging moet aanwend om 'n klimaat van vertroue te skep, maar verdedig Teheran se reg om oor burgerlike kernkrag te beskik. Hierdie twee state sou enige sanksies teen Iran teenstaan as hierdie vraag by die VN onder bespreking sou kom. Hulle het onlangs weer hulle solidariteit hernu tydens samesprekings van die Sjanghai Koöperatiewe Organisasie (SCO) wat in

* *Redakteur*, Le Monde diplomatique. *Uit die Frans vertaal deur Christel Cattin, christelcattin@hotmail.com*

middel Junie in hierdie Sjinese stad gehou is.

Ander oorwegings het sonder twyfel ook ’n rol gespeel. Byvoorbeeld, die mislukking van die besetting in Irak waar die pro-Iranse Sjiïete op paradoksale wyse Washington se beste bondgenote is; die Iranse dreigement om, sou hy aangeval word, die Straat van Ormuz, waardeur 20% van die wêreldproduksie van ru-olie vervoer word, met seemyne te bestrooi; Iran se voorneme om die betaling van olie- en gasuitvoere in Europese geld te vereis *(lees Krassimir Petrov se voorbladartikel*), nadat die grootste gedeelte van geldreserwes reeds in euro omgesit is, want Teheran is daarvan bewus dat die dollar tans die Verenigde State se Achilles-hiel is …

Hoe dit ook al sy, voor die G-8 spitsberaad in Sint-Petersburg van 15 tot 17 Julie is dit in beide partye se belang om ’n kompromis te bereik.

---

(1) *The Washington Post*, 9 April 2006.
(2) Seymour M. Hersh, “The Iran Plans”, *The New Yorker*, 17 April 2006.
(3) *El Pais*, Madrid, 15 Junie 2006.

• *Die Vrye Afrikaan-Intussen, Vrydag 7 Julie*

Die geval Chris Brink

Die nuus van professor Chris Brink, Rektor van die Universiteit Stellenbosch (US), se skielike bedanking op Dinsdag 4 Julie het reeds dieselfde aand landwyd versprei voor dit nog in die media bekend was. Een van die redes hiervoor is ongetwyfeld die wyse waarop Brink se verbete najaging van 'n ideologiese posisie hom grootliks van die Afrikaanse wêreld vervreem het, maar die geval Chris Brink wys heen na veel diepliggender kwessies as persoonlike ongewildheid of styl. Hierdie diepliggender kwessies behoort deeglik verreken te word in die voortgaande debat oor die toekoms van Afrikaners as 'n gemeenskap of Afrikaans as universiteitstaal.

In die eerste plek was die woorde van me. Olivia Grant, voorsitter van die Raad van die Universiteit van Newcastle in Brittanje – waarvan Brink oor 'n jaar rektor word – veelseggend: "Chris Brink is 'n uitstaande akademikus met 'n internasionale reputasie as leier op die gebied van hoër opvoeding. Sy aanstelling bevestig ons verbintenis tot internasionale voortreflikheid en diversiteit." (1)

Hierdie woorde kon netsowel regstreeks uit 'n US-mediaverklaring oor die aanstelling van 'n bestuurslid of akademikus gekom het. Om die waarheid te sê, kon hierdie woorde kom van enige universiteit wat hom vandag waar ook al aan die heersende Westerse standaarde meet.

Dit is woorde waarmee die neoliberale wêreldwanorde hom vandag met heerlikheid omgeef, en dit versinnebeeld die wyse waarop die huidige diversiteitsvernietigende kapitalisme diversiteit inspan om homself mooi te laat lyk – hier dink 'n mens onwillekeurig aan die berugte "United Colours of Benetton"-advertensies.

Terwyl die kapitalisme vandag wêreldwyd dieselfde waardes en standaarde afdwing, biodiversiteit vernietig, eentaligheid bevorder en die liberale demokrasie as die hoogste staatsvorm voorhou, vermom hy sy vernietiging van diversiteit veral deur bemarking. Nog nooit in die geskiedenis van die mensdom is ons daagliks so bewus gemaak van ons kleurrykheid as deur die moderne advertensiewese nie.

Maar die diversiteit wat hier ter sprake is, is volledig in diens van die spelreëls van die neoliberale wanorde. Aan die US het Chris Brink hierdie feit op sonderlinge wyse beliggaam: terwyl hoog opgegee is oor gesprek, is besluite uiteindelik deur hom en sy binnekring geneem; terwyl hoog opgegee is oor diversiteit, is geen ideologiese pluraliteit verduur nie; terwyl van komplekse veranderingsmodelle gepraat is, is 'n hoogs eenduidige veranderingsmodel toegepas; terwyl van taaldiversiteit gepraat is, is Afrikaans in 'n toenemend broser posisie teenoor Engels geplaas.

En inderdaad: die kleurvolheid waaroor dit hier gaan, is in 'n hoë mate visueel, 'n optiese effek, baie soos die reeks advertensies wat onlangs tydens rustyd in Wêreldsokkerbekerwedstryde uitgestal is – "Football, we all speak one language". Daardie taalspel is vandag die onverbiddelike eise van die mark en sy taal, Engels.

Presies op hierdie punt oorvleuel die eise van die neoliberale ekonomie en die Afronasionalistiese politiek, oftewel van Suid-Afrika se korporatiewe en staatselites. Sowel neoliberalisme as Afronasionalisme munt uit in die vergrote demografiese verskeidenheid van personeel, maar nooit word die heersende kode deur hierdie verskeidenheid bedreig nie. Soos Breyten Breytenbach dit onlangs so treffend gestel het: "Mag maak dom, en dit verduister aanspreeklikheid. Suid-Afrikaanse 'denkers' is merendeels nog steeds parogiaal, provinsialisties, en agter die klip. Hulle is tog so gesteld daarop om 'progressief' en 'modern' te wees; hulle dink dis revolusionêr (want selfontkennend) om in te val by 'n Stalinistiese eensoortigheid en die Eenparty na die mond te praat, en hulle weet nie eens nie dat die snykant van transformerende denke waar ook al in die wêreld deesdae besig is juis met die bevrydende ontginning van die wedersydse en wederkerende skeppingsveld tussen oorkoepelende en saambindende waardestelsels en die lewensnoodsaaklike tekstuur van diversiteit en spesifisiteit – uitgedra in tale, gelowe, gebruike, geslagte, streeksverskille ... Maar dis mos ongemaklik om *so* te wil dink, dit beteken dan 'permanente rewolusie', dit impliseer immers dat jy die nuwe selftevrede en selfversorgende elite aanvat wat gelegitimiseer is deur vergeet-en-vreet (swart en wit, met 'n paar bruines hinkepink agterna)." (2)

Oftewel, watter van die nuut "bemagtigdes" wat die orde divers laat lyk, sal dit ooit waag om sy fundamentele uitgangspunte uit te daag? Soos dinge tans in Suid-Afrika staan, word dié enkele dapperes eerder op swartlyste geplaas en die mond gesnoer.

'n Tweede kwessie kom ook ter sprake in *Die Burger* se voorbladberig oor Brink se skuif na Newcastle: "Die stad Newcastle is verlede jaar deur die Britse regering benoem as een van ses 'wetenskapstede' waar die wetenskapgebaseerde ontwikkeling van die kennis-ekonomie bevorder sal word" (3).

As daar ooit 'n netjiese samevatting was van die manier waarop kennis vandag verskraal en misbruik word deur die heersende wanorde, is dit hierdie woorde. Onder vele ander denkers wys Bernard Stiegler in band 3 van sy reeks *Tegniek en Tyd* (4) watter belangrike ommeswaai in die verhouding tussen wetenskap en tegniek nà die Nywerheidsomwenteling in die middel van die 19de eeu plaasgevind het: waar die tegniek tot dan nog in diens van die wetenskap was, was die wetenskap sedertdien toenemend 'n verlenging van die tegniek, en wel in die vorm van die tegnowetenskap. Die tegnowetenskap is vandag 'n

enorm belangrike sektor van die magsbasis van die heersende kapitalisme, en die onderliggende aanname is dat kennis slegs kennis is as dit verrekenbaar en "toepaslik" is.

Die reuse skade wat hierdie benadering reeds wêreldwyd aan die geesteswetenskappe aanrig, was ook die afgelope jare in die Suid-Afrikaanse akademie daar vir almal om te sien. Gesluite taal- en filosofiedepartemente lê vandag soos lyke op die slagveld van akademiese "transformasie", waarvan die uiteinde die oppermag van "swart Afrikane" en "die mark" is.

Vir sy voortreflike najaag van hierdie doelwitte word Chris Brink nou ook deur sy geliefde internasionale orde beloon, baie soos Charlize Theron wat 'n Oscar in Hollywood gewen het.

Waarna talle deelnemers aan die debat oor die toekoms van Afrikaans aan die US nie verwys nie, is dat Afrikaans maar een van die slagoffers van hierdie benadering is. Net iemand wat die beeldpoetsers van die US glo, kan vandag dink dat dié instelling in terme van 'n gedeelde visie en interne harmonie in 'n goeie toestand is, om maar te swyg oor die huidige afstand tussen die US en sy vernaamste voedingsgemeenskappe.

Miskien die heel grootste ironie van Chris Brink se stormagtige rektorskap – waarvan moontlik nog 'n jaar oor is – is dat die waardes van vriendelikheid, goeie bestuur en gesprek waarop hy hom so dikwels beroep het, eers onlangs moontlik begin seëvier het onder enorme openbare en burgerlike druk. Dit was dan ook veelseggend dat Brink dit nodig geag het om te verklaar "niks dryf my hier weg nie". "The lady doth protest too much," wil 'n mens sê.

Brink se komende afskeid en vertrek na die hoër hoogtes van "internasionale voortreflikheid" het die Afrikaanse wêreld in aanloop tot die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se kongres op 1 en 2 September in Stellenbosch oor 'n plan van aksie vir Afrikaans op universiteit meer as ooit voor die vraag te staan gebring: Hoe sal ware diversiteit en voortreflikheid vandag universeel in Afrikaans aan die universiteit beliggaam kan word?

---

(1) *Die Burger*, Woensdag 5 Julie, 2006. Hierdie aanhaling is woordeliks oorgeneem, soos trouens groot dele van *Die Burger* se berigte oor Brink se bedanking uit die US se mediavrystelling oor Brink se bedanking, waarin hy deur van sy nouste bondgenote besonder hoog aangeprys word.

(2) Breyten Breytenbach in *Die Burger*, Saterdag 18 Maart, 2006

(3) *Ibid.*

(4) Bernard Stiegler, *La technique et le temps: 3. Le temps du cinéma et la question du mal-être*, Parys: Galilée, 2001.

Afrikaners:
Tyd vir groter samewerking

DIE FAK WAS DIE AFGELOPE MAANDE BY VERSKEIE GESPREKKE MET 'N WYE VERSKEIDENHEID VAN INSTANSIES OOR DIE GANSE SPEKTRUM VAN DIE AFRIKAANSE KULTUURWÊRELD BETROKKE OOR DIE SAAK VAN GROTER KOÖRDINASIE. DIE VRAAG TYDENS HIERDIE GESPREKKE WAS OF DAAR NIE 'N LOSSE 'FORUM VAN FORUMS' TOT STAND KAN KOM WAARDEUR GROTER VORME VAN KOÖRDINASIE TUSSEN DIE VEELHEID VAN STEMME ONDER ONS MENSE BEWERKSTELLIG KAN WORD NIE.

Deur Danie Goosen[*]

Kan daar te midde van die verskille onder ons as kultuur- en taalgemeenskap ook groter samehang geskep word? Alhoewel daar tydens genoemde gesprekke voorbehoude ten opsigte van die gedagte van groter formele koördinasie uitgespreek is, was die algemene gevoel dat die tyd vir sodanige samewerking inderdaad aangebreek het.

Dié vrae kan inderdaad nie meer langer ontwyk word nie. As kultuur- en taalgemeenskap word ons vandag met dinge gekonfronteer wat slegs enkele jare gelede nog ondenkbaar was, soos die marginalisering van Afrikaans in die openbare lewe; die ongekende vloedgolf van geweld wat 'n verwoestende uitwerking op ons maatskaplike weefsel het en reeds duisende van ons mense daarvan oortuig het om hulle Afrika-wortels af te sny; die historiese feit (reg of verkeerd) dat regstellende aksie nog vir 'n onbepaalde tyd ons jongmense uit betrekkings gaan hou; ensovoorts.

As gemeenskap kon ons tot relatief onlangs nog met oortuiging aanvoer dat groter samehang "nie nou nodig is nie." Prof. Francois Venter, voormalige voorsitter van die Afrikanerbond, het byvoorbeeld so onlangs as in Mei 2002 dié argument met groot oortuiging voor 'n groot byeenkoms van Afrikaanse organisasies in Bloemfontein gebruik. Intussen het die situasie egter drasties verander en is die rasionaal ten grondslag van dié argument besig om sienderoë voor ons weg te kalwe. Groter samewerking en koördinasie het 'n dwingende noodsaaklikheid geword.

Dat ons hier met 'n enorme historiese uitdaging te doen het, spreek bykans vanself. Tot so onlangs as 'n dekade gelede was ons as kultuur- en taalgemeenskap partypolities in (agterna geoordeel) 'n vrugtelose burgertwis betrokke. Reste van dié uitgediende twiste vertroebel nog dikwels ons blik op dit wat nou van ons gevra word. Ons kan egter sowel dié twiste as die voortsetting daarvan vandag in allerlei nuwe vorme nie meer bekostig nie.

Daarmee word glad nie gesê dat daar nie ook goeie redes bestaan waarom helder verskille en selfs snydende dialoë tussen ons nie ook dikwels noodsaaklik is nie. As verskille nie na vore kan tree en, bygesê, op demokratiese forums verwoord word nie, versink enige gemeenskap in 'n verstikkende eendersdenkendheid. En dit kan gevaarliker wees as enige van die vrae waarmee ons vandag gekonfronteer word.

Nogtans kan die voorspraak vir demokratiese forums waarop ons skerp met mekaar kan verskil, nooit beteken dat daar nie ook tegelyk na wyses van koördinasie gesoek moet word nie. Sonder koördinasie val die noodsaaklike verskille vas in die dryfsand van versplintering en ontbinding. 'n Mens kan met groot oortuiging aanvoer dat 'n sekere minimum van samehang en koördinasie juis die voorwaarde daarvoor is om die verskille tussen ons mense as skeppende verskille te ervaar.

Die vraag is egter 'hoe'? Hoe kan ons as kultuurgemeenskap groter koördinasie met betrekking tot gemeenskaplike sake bewerkstellig? Hoe kan sodanige samewerking tussen die veelheid van forums in ons kultuur- en taalgemeenskap op 'n legitieme grondslag geplaas word?

Ter wille van die gesprek oor hierdie belangrike saak, noem ons 'n enkele belangrike oogmerk van sodanige 'forum van forums' (of 'gemeenskapsraad'). Ons verwys ook na die belangrikste voorwaarde waaraan dit behoort te voldoen; na die wyse waarop sodanige forum tot stand gebring kan word; en laastens enkele wyses waarop die forum van forums sy oogmerke kan verwesenlik. Ter wille van die gesprek word slegs in die mees algemene terme na hierdie sake verwys.

Die *oogmerk* van 'n toekomstige 'forum van forums' is om met behulp van die uitgangspunte van die demokratiese tradisie en 'n beroep op universeel erkende beginsels in te tree vir die Afrikaanse taal en kultuur.

Sonder die voorspraak vir ons taal en kultuur aan die hand van die demokratiese tradisie sal ons saak nie as legitiem ervaar word nie, maar as 'n poging om parogiale belange ten koste van andere in beskerming te neem.

Die *voorwaarde* waaraan 'n 'forum van forums' moet voldoen, is dat dit so inklusief as moontlik moet wees. Die volle diversiteit van stemme wat hulself met die saak van Afrikaners as 'n unieke kultuur-historiese

[*] *Filosoof en Voorsitter van die FAK*

gemeenskap vereenselwig, behoort in beginsel daarin verwelkom te word.

Sonder die demokratiese tuismaak van die veelheid van stemme in ’n forum van forums sal dit nie die demokratiese stempel van goedkeuring dra, en dus nie legitimiteit onder ons mense geniet nie.

Die *weg* daarheen behoort op ’n neutrale wyse en so onafhanklik as moontlik van die veelheid van bestaande forums gelei te word. Om hierdie rede kan ’n onafhanklike persoon (moontlik ’n regter?) aan die stuur van die proses staan.

Vanweë die historiese verdelings onder ons mense sal die totstandkoming van ’n forum van forums nie deur enige bestaande organisasie gelei kan word nie. Indien laasgenoemde inderdaad gebeur, sal die proses by voorbaat nie die nodige legitimiteit geniet nie.

Alhoewel ’n moontlike forum van forums op verskillende wyses vir die Afrikaanse taal en kultuur kan intree, kan veral die volgende uitgesonder word:

1. ’n Forum van forums kan op ’n strategies sinvolle wyse vir ons mense by die regering van die dag intree. Vanaf die 1994-oorgang het die Afrikaanse wêreld op ’n veelheid van ongekoördineerde wyses sy saak teenoor die regering verwoord, dikwels sonder noemenswaardige sukses. ’n Toekomstige forum van forums kan op ’n strategies sinvoller wyse inhoud aan dié verhouding gee.
2. ’n Forum van forums kan die saak van die Afrikaanse wêreld internasionaliseer by wyse van bondgenootskappe met ander taal- en kultuurgemeenskappe.
3. ’n Forum van forums kan by die Kommissie vir die Bevordering van die Regte van Taal, Kultuur en Godsdiens registreer met die oog op die oordeelkundige gebruik van die instrumente wat dié Kommissie ingevolge Artikel 185 van die Grondwet aan die veelheid van gemeenskappe beskikbaar stel.

• *Ekonomierubriek*

Ontwikkeling:
dit verg hoop, dit gee hoop

EK SKRYF HIERDIE OPSTEL IN ASAWA, HOOFSTAD VAN DIE STREEK SUIDELIKE NASIES, NASIONALITEITE EN VOLKE, ETHIOPIË. DIT IS 'N WERKSVERWANTE REIS. BAIE WERK EN MIN PRET – DIE GEWONE OU STORIE – MAAR DIT IS 'N ERVARING WAT HERINNERINGE SKEP EN WAT GEWIS DIE MOEITE, TYD EN KOSTE WERD IS.

Deur James Blignaut[*]

Die doel van die besoek is om die beste manier te ondersoek om gelyktydig in sowel mense as die natuur te investeer, of, anders gestel, om in sowel mense- as natuurkapitaal te investeer. Ek is hier op uitnodiging van een van die projekleiers van 'n span van die Universiteit van Vermont in die VSA, en ons is die gaste van die Groen Awasa-projek, wat begin is en georganiseer word deur die Awasa-kindersentrum ('n MIV/vigs-weeshuis) en die Awasa-kinderkampus (wat gasheer vir 'n uitvoerendekunste-groep is). Die projek is die geesteskind van 'n teaterregisseur in die VSA, wat daarvan oortuig is dat kuns die beste manier is om 'n boodskap oor te dra en mense oor 'n vraagstuk op te voed. Die afgelope ses jaar het die sirkus vertonings saamgestel en aangebied wat hoofsaaklik op vigsbewustheid fokus. Nou het die tyd gekom om die omgewing en omgewingsagteruitgang aan te pak. Iets moet verander. Dit is nie goed genoeg om net te praat oor omgewingsdegradasie nie – iets moet gedoen word om 'n alternatief voor te hou. Maar is so 'n ingryping nodig?

Awasa lê in die Groot Skeurvallei, omtrent 300 kilometer suid van Addis Abeba. Die reis van Addis af duur omtrent vyf uur. Hierdie hoofpad na Kenia is, in teenstelling met talle ander paaie in Afrika, nie vol slaggate nie. Dit is egter dig bevolk met en het 'n hoë konsentrasie van elke denkbare vervoermiddel van elke denkbare vorm en grootte, en dit is bitter moeilik om, behalwe vir kort entjies, 'n spoed van meer as 80 km/h te handhaaf. Slegs een generasie gelede sou 'n mens meestal deur 'n woud gery het, maar vandag is daar beswaarlik enige plantegroei oor, buiten enkele uit-heemse bome soos Australiese bloekoms hier en daar.

Veranderde grondgebruik, en dus omskakeling van woude na droëland-gewasproduksie, is aan die orde van die dag. Die grond is meestal baie sanderig en arm – die klein en halfverbleikte mielieplante met bykans blaarlose stamme verraai dié feit. Na gelang die grondproduktiwiteit afgeneem en bevolkingsdruk toegeneem het, is al hoe meer grond oorgeskakel na gewasverbouing, wat weer die ideale toestande skep vir 'n waaistofgebied. Groot stukke kaal en verskroeide grond, omring deur verarmde mense wie se grootste behoefte is om die volgende vis of voël te vang, ongeag hoe groot of klein dit is, begroet die reisiger – 'n sosio-ekologiese ramp.

Al is ek net 'n toevallige waarnemer, het ek reeds Suider-Afrika deeglik deurkruis, en ek het nog nooit die negatiewe wisselwerking (of siklus) tussen armoede en omgewingsdegradasie so sterk gesien nie. Hierdie twee elemente versterk mekaar wedersyds – 'n bose, kwade kringloop – 'n vloek waarvan die uitwerking duidelik sigbaar is op die gesigte en in die lewensomstandighede van dié wat daardeur geraak word.

Nog 'n toevallige waarneming, soortgelyk aan dié wat in verskeie Afrika-stede soos Maputo, Kampala, Lusaka en Lilongwe gemaak is, is die onvoltooide projekte wat laat vaar is: geboue wat begin, maar nie klaargemaak is nie; paaie wat gebou, maar nie voltooi is of in stand gehou word nie; projekte wat begin, maar gestaak is voordat hulle hul visie of potensiaal kon verwesenlik; sakeondernemings wat geopen is net om weer gesluit te word; en, baie droewig maar nogtans baie waar, gesinne wat begin is, maar aan hulle lot oorgelaat word.

Ontwikkeling, lyk dit, is kwessie van begin-stop-begin, en mense is gevolglik besig – in werklikheid is hulle BAIE besig (die middedorp is telkens 'n miernes van bedrywigheid) – maar die mense bly arm, baie arm. Die les van die verhaal: Moenie begin wat jy nie kan klaarmaak nie. Maar hoe weet 'n mens wat jy sal kan klaarmaak en wat nie? Hoe dikwels is dit 'n geval van rondgewaai word deur die winde van verandering sonder enige weerstands-vermoë? Of is dit dat die mense so kwesbaar, so blootgestel, so desperaat is dat vasberadenheid voor opportunisme swig? En namate elke persoon maar weer 'n onderneming of projek begin wat maar weer onvoltooid en eenkant gelaat gaan word, word die kumulatiewe omgewings-, sielkundige, ekonomiese en estetiese uitwerking (die "voetspoor") van die onvoltooide besighede al hoe groter, en word dit al hoe moeiliker vir die volgende persoon om met sy/haar projek te begin, wat weer die waarskynlikheid vergroot dat ook dié een nie voltooi nie en dus laat vaar gaan word. Die bose kringloop word al hoe erger. Die hindernisse in die pad van ontwikkeling word al hoe groter, en dit nogal terwyl die handelswêreld

---

[*] *Deeltydse professor in ekonomie aan die Universiteit van Pretoria, direkteur van Jabenzi & Beatus, en geaffilieer by GreenGrowth Strategies, drie maatskappye wat daarna streef om landelike ontwikkeling in Suider-Afrika 'n werklikheid te maak. james@jabenzi.co.za*

doodgelukkig elke dag al hoe meer verbruik.

Sentraal te midde van dit alles staan die mense van Afrika egter. Ek wil graag die verhaal vertel van een van die mense wat ek hier ontmoet het. Kom ons noem hom sommer Jack.

Jack se pa was Soedannees en sy ma Keniaans. In sy jongdae het hulle in Suid-Soedan gewoon. Sy pa, 'n boer, is gedwing om teen die regeringsmagte uit die noorde te gaan veg. Hy het sy pa nooit weer gesien nie. Hy was toe vyf. Vanweë die bomaanvalle deur die regeringsmagte moes hy en sy ma saam met sy broers, susters en ander mense na 'n vlugtelingkamp in Ethiopië vlug (1988); talle is op pad dood. Tydens die Ethiopiese burgeroorlog (1991) het die Ethiopiese leër die Soedannese vlugtelinge aangeval, en Jack moes weer vlug. Sy ma het na Uganda gevlug, maar hy het in Kenia beland. Daar het hy skool toe gegaan – 'n vlugteling en funksioneel 'n weeskind.

Maar toe het daar hulp gekom. Hy en 'n paar duisend ander Soedannese vlugteling het 'n aanbod gekry om na die VSA te gaan (2001) om te studeer en so 'n nuwe lewe te begin. Tans is hy besig met 'n graad in omgewingstudie, en nou het hy saam met die span na die provinsie waar hy meer as 15 jaar gelede 'n vlugteling was, teruggekeer om te help om oplossings te vind vir die probleme waarvoor sy voormalige gasheer op die oomblik staan. Hoog op sy agenda is om ná 15 jaar van skeiding weer sy ma op te spoor. In die VSA het hy uitgevind waar sy haar bevind, maar nou is dit tyd om haar weer op te soek, en binne enkele weke sal hy dit hopelik regkry.

Maar Jack is een van die "gelukkiges". Hy hét nog 'n ma, hy het 'n uitstekende opvoeding gekry en oor twee maande sal hy 'n burger van die VSA wees. Daar is miljoene van sy portuurgroep wat hoegenaamd geen hoop op 'n beter toekoms het nie: ekonomiese en ekologiese vlugtelinge in hulle eie land.

Dit bring my dan by my slot: Ontwikkeling is hoop. Sonder hoop is alle werk en inspanning tevergeefs. Hoop bring die vasberadenheid om jou te verset, om uit te hou en die taak ter hand te voltooi. Dit is die hoop op môre wat ons in staat sal stel om die onafgehandelde kwessie van Afrika se ontwikkeling af te handel. Al wat ons in Awasa kan doen, is om hoop te bring – en mag ons dit regkry om minstens hierdie een taak te voltooi.

Waar kennis en taal mekaar insluit:

die NWU-model

DIS ALBERT EINSTEIN WAT NA BEWERING GESÊ HET: "WE CANNOT SOLVE THE PROBLEMS WE HAVE CREATED WITH THE SAME THINKING THAT CREATED THEM" (1). DIT KAN BESKOU WORD AS 'N WENK HOE DAAR OP NUWE EN KREATIEWE MANIERE GEKYK BEHOORT TE WORD NA 'N EIETYDSE EN RELEVANTE MANIER VIR TAALBESTUUR BY SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITE.

Deur Marlene Verhoef[*]

In hierdie reeks oor die voortbestaansmoontlikhede van Afrikaans en van Afrikaanse universiteite binne die huidige Suid-Afrikaanse tersiêre bestel is dit deur verskillende skrywers gestel dat Afrikaans se toekoms as hoëronderwystaal taamlik uitsigloos lyk.

Hierdie artikel wil egter betoog dat, as die aktiewe bestuur om die voortbestaan van Afrikaans as hoëronderwystaal te verseker, nie wesentlik deel word en bly van die toekoms van die nasionale transformasieagenda van die hoëronderwyslandskap nie, dan is haar kans op oorlewing waarskynlik maar skraal. As dit nie gaan om die innoverende bestendiging van Afrikaans se posisie binne 'n groter meertalige Suid-Afrikaanse werklikheid nie, waar dit om méér gaan as die somtotaal van die dele – naamlik die vestiging van 'n nuwe taalinklusiewe institusionele identiteit by tersiêre instellings – dan verdien die meertalige samelewing die hegemonie van Engels wat oor hom gaan spoel.

Ondanks die gunstige de jure-bepalings oor die totstandkoming van 'n hoëfunksie-meertalige gemeenskap kan daar na baie kante toe geredeneer word oor redes hoekom die afgelope tien jaar sy merk gelaat het op die ontnugteringsvlakke van veral Afrikaanssprekendes en die tanende de facto-posisie van funksionele meertaligheid.

Wanneer daar egter, daarteenoor, strategies en besinnend vanuit pragmatiese hoek gekyk word na die praktiese of instrumentele waarde van taal en daar gekapitaliseer word op die kommoditeitswaarde hiervan (natuurlik met verrekening van die eise van die makro- en mikro-tersiêre omgewing waarbinne so 'n taal haar sê moet sê), dan kom al die winste van die metafore uit die bedryfswêreld ook tot diens van taalbestuur. Dit is dan dat die begrip 'funksionele meertaligheid' soos PanSAT dit definieer (2) teen die agtergrond van die instelling se eie visie-, missie- en waardestelling geïnterpreteer word en as werksdefinisie vir taalbestuur optree.

Dit is teen hierdie agtergrond dat kort-, medium- en langtermyn strategiese doelwitte vir die ontwikkeling van 'n nuwe taalinklusiewe institusionele taalidentiteit gekonseptualiseer en onderhandel word en in haalbare aksiestappe omgeskakel word, nogmaals gekonsulteer word en aan die hand van toepaslike projekbestuursbeginsels inbestuur word, terwyl daar weer en weer met verskillende belanghebbendes gekonsulteer word.

Die voorafgaande paar paragrawe gee in 'n neutedop weer wat die mandaat van die Institusionele Taaldirektoraat aan die Noordwes-Universiteit (NWU) is. Die NWU het op 1 Januarie 2004 tot stand gekom na 'n samesmelting tussen die voormalige Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die University of the North West, met die gepaardgaande inkorporering van die Sebokengkampus van die Vista-Universiteit. Hierdie samesmelting volg na die kennisgewing van samesmelting en inkorporering wat deur die Minister van Onderwys ingevolge Artikels 23(1) en 24 van die Hoëronderwyswet (Wet 101 van 1997), soos gewysig, aangekondig is.

Hierdeur word die voormalige PU vir CHO die enigste van die vyf sogenaamd histories Afrikaanse Universiteite wat deur 'n volskaalse samesmelting en inkorporering van drie universiteitskampusse tot 'n nuwe multikampus hoëronderwysinstelling transformeer, naamlik die Noordwes-Universiteit met kampusse in Mafikeng, Potchefstroom en Vanderbijlpark.

Dit is dan ook die transformasiekader waarbinne die instelling funksioneer wat die taalbestuur by die NWU bepaal. Hierdie transformasie, saam met die Regeringskennisgewing 855 (21 Junie 2002) en die Nasionale Taalplan vir Hoër Onderwys (November 2002), is die uitdaging en stel die parameters vir die manier waarop taalsake by die NWU benader word. Waar Regeringskennisgewing 855 dit duidelik in die vooruitsig stel dat alle toekomstige nuutsaamgestelde (lees: merged) hoëronderwysinstellings se aanvaarding van nuwe beleids-, prosedure- en struktuurwysigings gedefinieer word teen die agtergrond van die nuwe instelling se gesamentlike etos en kultuur, stel die Taalplan vir Hoër Onderwys as strekdoelwit die

[*] *Direkteur Taalsake, Noordwes-Universiteit*

gelyktydige ontwikkeling van ’n werklik meertalige hoëronderwysomgewing waar overt ruimte gemaak word vir die ontwikkeling van voorheenbenadeelde inheemse tale vir hoëronderrigdoeleindes. Daarby stel beide dokumente dit duidelik dat die sogenaamde histories Afrikaanse universiteite behoort toe te sien dat onderrigmedium nie as hindernis vir toegang optree nie, veral nie by hoëkosteprogramme met beperkte studentetoegang nie en impliseer hierdeur dat daar kreatiewe oplossings gevind moet word om hierdie doelwitte te verwesenlik.

Die grondslag vir die gesamentlike taalstrategie by die NWU is reeds in 2003 gevestig in die tydperk wat die samesmelting voorafgegaan het met die totstandkoming van ’n gesamentlike interuniversitêre taaltaakspan. Hierdie taakspan het ooreengekom op ’n gesamentlike gedragskode en die beginsel van funksionele meertaligheid aanvaar nog vóór die totstandkoming van die NWU in 2004. In 2005 is ’n Institusionele Senaatstaaltaakspan in die lewe geroep. Die taakspan bestaan uit verteenwoordigers van die verskillende bedryfstrukture van die NWU. Die opdrag is om ’n institusionele taalbeleid, binne die raamwerk van die Nasionale Taalplan vir Hoër Onderwys en die Statuut vir die NWU, op te stel, met belanghebbendes te onderhandel en die beleid ingevolge Art 27(2) van die Hoëronderwyswet vir goedkeuring aan die Senaat voor te lê. In uitvoering van die opdrag is ’n institusionele taalbeleid wat (i) buigsaam en funksioneel is, (ii) poog om die taalwanbalanse van die verlede reg te stel, (iii) die bevordering van meertaligheid in die oog het, en (iv) toegang, integrasie en eienaarskap bevorder in Mei 2006 by ’n vergadering van die Institusionele Senaat ter tafel gelê en aanvaar.

Die taalbeleid is die resultaat van ’n omvattende taalkonsultasieproses. Dit het onder meer ’n institusionele taaloudit wat in September 2005 uitgevoer is, ingesluit. Hiertydens is volledig bestek opgeneem van die taalwerklikheid, taalbehoeftes en taalhoudings van meer as 6 000 interne belanghebbendes op al die kampusse en bedryfsvlakke van die NWU (voorgraadse, nagraadse studente en akademiese sowel as administratiewe personeel).

Tans is die taakspan besig om die institusionele taalbeleid in ’n institusionele taalplan om te skakel en stapsgewys met belanghebbendes te konsulteer. Vanweë die radikale verskille in die taaldemografiese samestelling van die onderskeie kampusse bly dit ’n uitdaging om ’n enkele stel taalbeplanningsbeginsels uit die taalbeleid te abstraheer wat op eiesoortige manier op die verskillende kampusse geïmplementeer sal kan word.

In die nastreef van die universiteitsmissie om op die voorpunt te bly staan van die generering van kennis en innovasie, is ’n institusionele taaldirektoraat by die NWU gevestig. Die direktoraat is verbind tot die skep van ’n taalstabiele funksionele meertalige bestel sodat ’n bemagtigende omgewing gevestig kan word vir die versterking en verbetering van die universiteit se kernbesigheid.

Een van die maniere waarop funksionele meertaligheid in die praktyk gevestig kan word, is die lewering van klaskamertolkdienste. Daar is in 2004 op klein skaal aan die Potchefstroomkampus begin met klaskamertolking as ’n aparte afleweringsmodus naas parallel- en dubbelmediumonderrig in sommige van die sogenaamde skaars en duur onderrigprogramme wat ’n beperking op studentegetalle plaas. In teenstelling met die dienslewering in 17 periodes per week binne die ingenieursprogram in 2004, word daar tans tolkdienste in 205 periodes per week in vyf onderrigprogramme gelewer en is die vooruitsig dat dit tot meer as 350 periodes per week in die tweede semester van 2007 sal vermeerder.

Klaskamertolkdienste behels op basiese vlak die beste moontlike akkommodasiegeleenthede tussen gespreksgenote met verskillende taalbehoeftes. Dit gebeur in werklike tyd in ’n enkele ruimte vir sover dit die onmiddellike fasilitering van kommunikasie moontlik maak tussen sprekers en luisteraars wat verskillende tale praat. Wat in die klaskamerpraktyk by die universiteit gebeur, is dat draagbare fluisterolktoerusting wat maklik van lokaal tot lokaal rondgedra kan word, gebruik word. Die tolke sit in die klas tussen die studente, en, terwyl die dosent die lesing in ’n sekere taal gee, word die lesing onmiddellik in ’n ander taal getolk. Deur hierdie afleweringsmodus is dit moontlik om leerders met verskillende taalbehoeftes tegelykertyd, in een groep, te akkommodeer sonder die nodigheid om voorsiening te maak vir klasse vir verskillende taalgroepe

Dit word algemeen aanvaar dat klaskamertolkdienste, soos dit op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampusse van die NWU gelewer word, innoverend en eiesoortig is, omdat dit nêrens (nasionaal of internasionaal) op hierdie skaal gebied word nie. Daarom is daar van die heel begin af besondere klem geplaas op die noukeurige ondersoek en monitering van die hele proses.

Die volgende drie grafieke wat longitudinale navorsing oor drie jaar aan die Potchefstroomkampus weergee waar onderrig in Afrikaans gegee word en in Engels getolk word, gee ’n samevatting van die persepsies van eindgebruikers van 2004 tot 2006 weer oor die haalbaarheid en wenslikheid van tolkdienste in universiteitsklasse. (Let op, die steekproefgrootte vir al drie grafieke stem ooreen, naamlik: 2004:38; 2005:52; 2006:88):



Grafiek 1: Tolking as afleweringsmodus in die onderrigleergeleentheid by universiteitsklasse



Grafiek 2 : Die ergonomie van tolking in die universiteitsklas



Grafiek 3: Die haalbaarheid van klaskamertolking as 'n manier om meertalige HO-omgewing te fasiliteer

Dit word uit die voortgaande persepsiemetings oor die tolkdiens duidelik dat daar oor die tyd nie gebruikersweerstand teenoor hierdie afleweringsmodus ontstaan het nie; dat die diens nie buitengewone negatiewe inbreuk maak op leerders se begripsvorming in onderrigsituasie nie; dat dit nie steurend/hinderlik ervaar word nie en as 'n haalbare manier gesien word om diversiteit te help bestuur.

In 'n land met 11 amptelike tale wat elkeen 'n kans gebied behoort te word om as hoëronderwystale te ontwikkel te midde van gestrenge begrotingsbeheer vir die tersiêre sektor, is dit duidelik dat kreatiewe oplossings gesoek behoort te word om die behoeftes van universiteitsleerders met verskillende taalbehoeftes te balanseer. In hierdie verband het die klaskamertolkdiensloodsprojek by die NWU tot nou toe voldoende empiriese bewys gelewer dat dit 'n haalbare oplossing bied.

Dit het voorts oor die afgelope twee jaar duidelik geword dat klaskamertolkdienste bekostigbaarder en haalbaarder op die lang termyn is as parallel-mediumonderrig en dat dit beter resultate bied as dubbelmediumonderrig.

Benewens die feit dat tolkdienste ruimte vir speling laat op die universiteitsinfrastruktuur in so ver dit nie die rooster belas nie, beteken dit ook dat dosente nie nodig het om lesings te herhaal nie – nie by wyse van aparte lesings in verskillende tale nie, maar ook nie by wyse van die herhaling van lesinhoude in twee tale in een lesing nie.

Deur die tolkdienste word groepe in al die klasse op die rooster bymekaar gehou, wat op sy beurt die eenheidsgevoel in klasgroepe, wat gewoonlik met parallelmediumonderrig verlore gaan, behou. Klaskamertolkdienste bied dus 'n geleentheid aan die instelling om op aktiewe manier te streef na eenheid te midde van diversiteit en na die vestiging van 'n ware multikulturele bedeling in onderrigleer- en sosiale verband.

Met betrekking tot die vestiging van 'n universiteitsbedeling waarin die ineemse Streeksafrikatale die geleentheid kry om as hoëronderwystale te ontwikkel, is die NWU met etlike loodsprojekte onder eksperimentele omstandighede besig. Die eerste een is die insluiting van meertalige glossaria (met begrippe en definisies in Afrikaans, Engels en Setswana) in studiegidse vir eerstejaarstudente in die eerste semester. Die oorhoofse doel met hierdie projek is om leerders vir wie Afrikaans die voorkeuronderrigtaal is, maar wie se handboeke hoofsaaklik in Engels is, deur die kernbegrippe te help begelei tot Engelse begrippe. Dit help tegelykertyd die onderrigleer fasiliteer vir studente wie se voorkeurtaal Engels is, maar wat Afrikaanse klasse bywoon. Dit behoort ook 'n bydrae te lewer tot die konseptualiseringsproses van leerders wie se huistaal Setswana is, maar wat hul leerproses in 'n ander taal as die huistaal rapporteer.

'n Loodsprojek is ook aan die begin van 2006 binne die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van stapel gestuur waardeur die verwerwing van basiese taalvaardigheid in 'n derde taal (in hierdie geval Setswana) as deel van die kernaanbod van 'n kurrikulum gebied word. Die projek, waarby 140 eerstejaar B.Ed Grondslagfase-studente betrokke is, word onder gekontroleerde omstandighede uitgevoer, gemoniteer, beskryf en geanaliseer met die doel om verdere aanbevelings te maak oor die haalbaarheid, bekostigbaarheid en praktiese uitvoerbaarheid van die uitbreiding van sodanige module tot ander onderrigprogramme by die NWU.

Oor studente se verwagting oor die vaardigheid waaroor hulle sal wil beskik na afloop van die module en soos gemeet ter aanvang van die projek, is dit duidelik dat hulle graag oor die nodige kennis en vaardigheid in Setswana sal wil beskik om op basiese vlak binne onderwyswerksomgewing te kan funksioneer. Hulle het ook verwagting dat die houdings wat hulle sal verwerf, begrip sal bring vir die diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing. Dit is opmerklik na afloop van die praktiese onderwyssessie waar hierdie studente in meertalige onderwysomgewings indiensopleiding ondergaan het, dat hulle behoefte aan Setswana nie werklik op die onderrigvlak lê nie, maar op die fasilitering van leer soos dit in die meta-taalgebruik na vore kom.

Vervolgens is daar pas 'n haalbaarheidsprojek aan die NWU voltooi waar die werklike koste wat tot dusver meegebring is, asook die projeksie van toekomstige koste vir die implementering van 'n funksioneel meertalige beleid aan die NWU bepaal is. Die studie was deel van 'n meestergraadinternskap wat deur Bedryfswiskundestudente gedoen is. Hierdie ondersoek wat op grond van 'n sogenaamde kosteaktiwiteitsanalise ("cost activity based analysis") gedoen is, se projeksie dui daarop dat die implementering van 'n drietaalmeertalige funksionele taalbeleid aan die NWU waarskynlik nie die normstelling van 2% van die institusionele begroting [soos bevind deur die Departement van Kuns en

Kultuur met die opstel van die Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003)] sal oorskry nie.

Uiteindelik moet die vraag gevra word tot watter mate die verskillende projekte en aktiwiteite tot die vestiging van 'n funksioneel meertalige bestel die NWU in staat stel om sy visie in die praktyk te laat werk. In hierdie opsig is die vestiging van 'n inklusiewe taalidentiteit binne 'n stabiele meertalige institusionele omgewing ononderhandelbaar. Daarom bly die oogmerk met institusionele taalbestuur om die volgende strategieë en strukture sodanig te bly balanseer dat die doelwitte so effektief moontlik bereik kan word:

- Die NWU-taalstrategie behels dat die NWU die realiteite van 'n veeltalige samelewing en 'n veeltalige universiteitsomgewing erken. Dit het tot gevolg dat daar ruimte is vir verskillende strategieë en modelle om funksionele meertaligheid binne die oorkoepelende veeltaligheids-konteks te implementeer.
- Dié taalstrategie gee aanleiding tot 'n taalbestuursbenadering wat breedweg beteken dat (i) daar rekening gehou word met die taalwerklikheid op die verskillende kampusse van die instelling, (ii) sensitief opgetree word rakende die taalvoorkeure, taalbehoeftes en taalverwagtinge van die individue en belangegroepe by die instelling, (iii) die taalbeleid en taalplan belyn word met die eise van die makro-omgewing waarin die instelling funksioneer, (iv) die streekstale wat op die kampusse van die NWU gebruik word (Afrikaans, Setswana, Sesotho en Engels) as nasionale bate gesien word, en 'n inkrementele en meetbare bydrae gelewer word tot die gebruik van hierdie tale as hoëronderwystale.
- Hoewel Afrikaans en Engels as primêre werkstale gebruik word, sien die instelling dit as sy taak om 'n planmatige en meetbare bydrae te lewer tot die bevordering van Setswana en Sesotho as hoëronderwystale.
- Die genoemde strategie en bestuursbendering word verwesenlik deur 'n taaldirektoraat wat 'n institusionele fasiliteringstruktuur is. Dit gebeur in onderhandeling met die kampusbesture en in uitvoering van die onderskeie kampusbedryfsplanne. Soos reeds genoem, stel die direktoraat die NWU in staat om die algemene bestuur van taalsake op pragmatiese, planmatige en volhoubare manier te doen. Die Taalsakedirekteur tree ook op as ombudsman vir die hantering en bemiddeling van taalgriewe indien gevalle van die taalregteskendings aanhangig gemaak word.

Ter wille van die afronding van die argument pas dit om af te sluit waar daar begin is, en dit is met die implikasie van wat Einstein gesê het vir die manier waarop taalbestuur in Suid-Afrika gedoen word. Vir die hantering van taalsake binne die universiteitswese in Suid-Afrika, en by implikasie in die besonder die bestuur van die toekoms van Afrikaans as hoëronderwystaal, staan dit klinkklaar dat daar nuut en anders *gedink* behoort te word, konsultatief *beplan* word en op pragmatiese manier *geïmplementeer* en *gemoniteer* word.

Dalk is dit juis omdat ons vanwëe die verlede met al sy soorte hegemonieë en linguisismes vasgevang bly sit, dat ons soms vergeet dat die oop en nuwe Suid-Afrikaanse samelewing 'n vrugbare teelaarde skep en 'n uitstekende en lewende taallaboratorium is vir mense wie se kernbesigheid kennis en innovering is.

---

(1) http://www.brainyquote.com/quotes/authors/a/albert_einstein.html

(2) *Government Gazette*, vol. 407, no. 20098, 28 Mei 1999

• *Reeks: Wat is transformasie?*

Heruitvinding eerder as koöptering

OP IETWAT ONGEBRUIKLIKE WYSE BEGIN EK GRAAG HIERDIE ARTIKEL, WAARIN EK VERAL MET MOELETSI MBEKI SE OPENINGSBYDRAE TOT HIERDIE REEKS (1) IN GESPREK TREE, MET 'N PERSOONLIKE STAALTJIE: IN 1990, TYDENS MY TWEEDE JAAR AS STUDENT, MET DIE BELOFTE VAN INGRYPENDE POLITIEKE, EKONOMIESE EN MAATSKAPLIKE VERANDERINGE IN DIE LUG, GESELS EK EENDAG MET 'N SWART VROU WAT AS HUISHULP WERK BY MENSE WAAR EK LOSEER.

Deur Johann Rossouw[*]

Die presiese besonderhede van die gesprek kan ek vandag nie meer onthou nie, en miskien sê die staaltjie meer van my destydse politieke naïwiteit as van enigiets anders, maar wat ek helder onthou is die gewaarwording wat ek in die gesprek gekry het, naamlik dat die grootste begeerte van die vrou voor my nie was om 'n ander land uit te vind nie, maar gewoon om aan die bestaande stelsel deel te kry en die destydse (wit) heersersklasse na te boots. Te midde van my groeiende destydse besef van die mate waarin Afrikaners self *hoofsaaklik maar nie volledig nie* uiteindelik dekades na 1948 die tipiese pad van Westerse modernisering gestap het eerder as om 'n ander vorm daarvan uit te vind, was hierdie gewaarwording in gesprek met die vrou voor my erg neerdrukkend.

Natuurlik kon hierdie enkele vrou met haar gebrek aan formele opleiding nóg instaan vir alle swartmense, nóg sonder meer die grondlegger van 'n nuwe Suid-Afrikaanse politieke filosofie word, maar wat sedertdien vir my net op al hoe groter skaal duidelik bly word het, is die mate waarin die voormalige slaaf – om nou Hegel se taal te gebruik – nie *anders* as die voormalige meester wil wees nie, maar *soos* hy. Anders gestel, die mimetiese of nabootsende begeerte by die voormalige slawe is 'n fenomenale krag in die huidige Suid-Afrikaanse politiek, en dit is miskien al so sedert die eerste ontmoeting tussen inheemse en die uitheemse vanaf die middel van die 17de eeu in Suid-Afrika.

Oor die mimetiese begeerte in die Westerse wêreld is al baie geskryf, maar minder oor hoe dit in die (voormalige) koloniale wêreld funksioneer. In navolging van Moeletsi Mbeki se gevoeligheid vir plaaslike variante van die globale kapitalisme, kan ek ook nie anders nie as om aan te voer dat die mimetiese begeerte op verskillende maniere in verskillende (voormalige) kolonies manifesteer.

In die Suid-Afrikaanse geval is dit ongetwyfeld so dat die aanvang van die invoer van die heersende Westerse tegniese bestel tweehonderd jaar voor die res van koloniale Afrika, en die versnelling wat hierdie invoer vanaf die Britse kolonisasie van 1806 gekry het, Suid-Afrika voor die volgende boeiende paradoks geplaas het: terwyl die materiële verwoesting waaraan swart Suid-Afrikaners blootgestel was, moontlik nie so erg was soos in sommige ander gekoloniseerde Afrikalande nie, was die simboliese verwoesting moontlik van die ergste. Hierdie graad van simboliese verwoesting – waarmee ek verwys na die skade aan inheemse tradisies, wêreldbeskouings, praktyke, tegniese stelsels, ensovoorts – was nie soseer toe te skryf aan die groter wil daartoe by die koloniste nie, maar kan verstaan word as newe-effek van die verskerpte en verhoogde invoer van Westerse tegniek na Suid-Afrika soos dit veral vanaf die ontdekking van goud en diamante in die 1860's en 1870's beslag gekry het – die datum wat Moeletsi Mbeki per implikasie aandui as die geboortejare van die Mineraalenergiekompleks (MEK).

Die verwoesting wat uit die invoer van Westerse tegniek vir inheemse gemeenskappe gespruit het, kan verstaan word as 'n gevolg van die feit dat tegniek nie net 'n vorm van uitvoering (*execution*) is nie, maar ook 'n hele simboliese orde beliggaam. Om dit met 'n voorbeeld te illustreer: hoewel 'n besem en 'n stofsuier min of meer dieselfde funksie het, verskil die wêrelde waaruit hulle gebore is radikaal van mekaar. Danksy die groter doeltreffendheid en kapitaal onderliggend aan die ingevoerde Westerse tegniese stelsel, is inheemse tegniese stelsels en simboliese wêrelde oral waar hulle die ingevoerde stelsel ontmoet het, verinneweer en verneder. Aangesien hierdie botsing veral plaasgevind het in die gebiede wat vandag die belangrikste stede van Suid-Afrika uitmaak, neem die graad van ruïnering en vernedering af namate 'n mens dieper die platteland in beweeg – wat dan ook vandag nog die gebiede uitmaak waar premoderne tradisies in wisselende mate voortbestaan. (As ek die woord premodern gebruik, is dit hoegenaamd nie met 'n konnotasie van agterlikheid nie, inteendeel.)

Dit is dan die spesifieke aard en omvang van die botsing tussen Westerse en inheemse tegniese stelsels, en die gepaardgaande vernietiging van inheemse selfrespek in die aangesig van die koloniseerder wat die inheemse gemeenskappe met 'n allesoorheersende

[*] *Redakteur*

drang om die herwinning van selfrespek gelaat het.

Die herwinning van selfrespek kan in so 'n situasie waarin meester en slaaf teenoor mekaar staan op een van twee maniere geskied: óf die slaaf moet die meester in sy eie spel klop en daarop verbeter, óf die slaaf moet sy eie spel skep wat die meester agterlaat of minstens relativeer.

Dit is my betoog dat die eerste strategie tot nou toe gevolg is deur Suid-Afrika se inheemse gemeenskappe in hul anti-koloniale versetstryde, soos dit veral in eers Afrikanernasionalisme en later Afronasionalisme beslag gekry het. Dit is ook my betoog dat die tweede strategie nog nooit as hoofstrategie deur die inheemse anti-koloniale bewegings ingespan is nie, en dat as dit oor transformasie gaan, daar geen sprake van transformasie kan wees sonder om die tweede strategie te volg nie.

Moeletsi Mbeki se ontleding van die ontstaan, opkoms en selfhandhawing van die MEK is myns insiens 'n belangrike en deurtastende bydrae tot die verstaan van moderne Suid-Afrika, maar sy ontleding vra om enkele kwalifikasies en aanvullings as daar tot 'n werklike moontlikheid van transformasie gekom moet word.

Die kern van Moeletsi Mbeki se betoog is om Suid-Afrika aan die hand van ekonomiese magskonstellasies te ontleed: op klassiek Marxistiese wyse word die ekonomie as die finale terrein van vryheid verstaan, en die stryd om vryheid as 'n ekonomiese een.

Daar kan geen twyfel oor die sentrale belangrikheid van die ekonomie in die stryd om vryheid wees nie, maar vryheid is nie uitsluitlik (of selfs hoegenaamd) 'n ekonomiese begrip nie. Eweneens kan die oormatige klem op die ekonomie ons blind maak vir van die ander bepalende faktore wat Suid-Afrika steeds vandag in 'n wesenlik koloniale situasie hou, en waar die vernaamste inheemse versetstrategie dié van nabootsing eerder as heruitvinding is.

Dit sou natuurlik naïef wees om nabootsing en heruitvinding as twee volkome afsonderlike strategieë te hanteer, en in die werklikheid werk dit ook nie so nie. Nietemin is die gevaar van 'n strategie van nabootsing heel eenvoudig, naamlik koöptering, veral omdat die slaaf nie sonder meer die meester in sy eie spel klop nie – hoewel ons weet dat dit vandag in die sportwêreld gebeur as ons maar net kyk waar, sê, Engeland in sokker teenoor Brasilië staan, of teenoor Nieu-Seeland in rugby!

Dat die verskillende inheemse anti-koloniale versetbewegings, waarvan Afrikaner- en Afronasionalisme die belangrikste was, uiteindelik op koöptering uitgeloop het, word dan ook uitstekend deur Moeletsi Mbeki aangetoon. Veral die transformasievergelyking wat hy uitlig, bevestig dat die koöptering van die Afronasionaliste deur die MEK vandag in volle swang is. Ter wille van volledigheid herhaal ek weer hierdie vergelyking, naamlik parlementêre demokrasie + globalisering + SEB (Swart Ekonomiese Bemagtiging) = transformasie.

Onderliggend aan die enorme energie wat eers aan meerderheidsbeheer oor die parlement en die staat bestee is, en nou by wyse van SEB oor die plaaslike tak van die globale kapitalisme bestee word, is die versugting van die voormalige slaaf om die meester in sy eie spel te klop en daarop te verbeter (soos dit byvoorbeeld in Suid-Afrika se besonder hoë internasionale ambisies beslag kry). Wanneer daar oor die staat en die plaaslike tak van die globale ekonomie gepraat word, word kodes soos demografiese verteenwoordiging ingespan om die aspirasie te verwoord van 'n staat en 'n ekonomie wat die nuwe meesters nog beter sal dien as die vorige (en steeds bestaande) meesters (soos beliggaam in die MEK). En inderdaad is dit dan nie vreemd nie dat die megalomanie en materialisme wat Afrikanernasionalisme in die laaste twee dekades van die vorige bedeling van alle voormalige waardigheid gestroop het, dan nou ook reeds besig is om nog meer verwoestend op Afronasionalisme in te werk – met geen teken dat die grondliggende produksiepatrone in die ekonomie aan die verander is nie. Nog minder lyk dit asof die staat as magsinstrument in die heersende globale ekonomiese klimaat ingespan kan word deur die Afronasionalistiese elite om die MEK koud te sit – soos Moeletsi Mbeki skryf, is die staatselite kwesbaarder as die MEK, omdat die MEK nuwe partye kan steun om die huidige staatselite uit te knikker.

Die feit dat die hoofstrategie onderliggend aan die heersende transformasievergelyking dan nabootsing eerder as heruitvinding is, verklaar dan ook waarom die woord "toegang" vandag met fanatieke ywer soos 'n mantra deur die Afronasionalistiese elite herhaal word. Die harde waarheid van Afronasionalisme is dat hy net soos sy voorganger, Afrikanernasionalisme (waarteen hy hom *naas* die MEK verset het), eerder wil naboots as wil nuutskep. Daar is 'n tragiese gebrek aan politieke verbeelding in Afronasionalisme, en die versugting om op 'n waardige manier weer "ons" te kan sê, word reeds vervang deur krete van "my, my, my"… In hierdie klug is die grootste narre daardie selfontkennende Afrikanerintellektuele en -sakelui wat armoedig aan verbeelding en versmorend aan hulle historiese skuld dink dat om 'n paar swart en bruin gesigte na die vleispotte van Egipte te nooi, "progressief" of "regstellend" is. Die skouspelagtige dekadensie en denkarmoede wat hierdie narre vandag beliggaam, is om van skaam te word, aangesien dit nooit by hulle opkom om die grondliggende instellings van die Suid-Afrikaanse politieke bestel, naamlik die staat en die MEK, grondig en krities te ondersoek nie. Nuwe vlieëniers in atoombomwerpers gaan nie help om landerye te bewerk nie.

In die lig daarvan dat die onderliggende aanname van transformasie vandag eerder die vergroting van die stelsel as die wesenlike omvorming daarvan is, wil ek as eerste aanvulling tot Moeletsi Mbeki se analise klem lê op die rol wat die staat as instelling sedert die Britse kolonisasie in Suid-Afrika speel. In Moeletsi Mbeki se taal gaan die geboorte van die moderne Suid-Afrikaanse staat die geboorte van die MEK met sowat 60 jaar vooraf, maar dit is belangrik om te verstaan dat die Suid-Afrikaanse staat en die MEK albei onderlê word deur die koloniale logika, waar 'n uitheemse minderheid 'n inheemse meerderheid oorheers en die winste van die oorheersing uitvoer. Dit is eweneens belangrik om

daarop te let dat die MEK, veral as dit by die grootskaalse tegniese modernisering van SA kom, dit nooit sonder die staat sou kon doen nie. Een voorbeeld: die eerste treinspoor in SA word in die vroeë 1860's gebou voor die ontdekking van goud en diamante, maar die spoornetwerk word aansienlik daarna uitgebrei en voltooi (c.1905 deur Milner, die eintlike grondlegger van die moderne SA staat, danksy die feit dat hy die gebied wat vandag as SA bekendstaan in een entiteit omvorm het deur middel van 'n nasionale spoornetwerk).

Veral as dit by die hef van belastings kom, is die staat aansienlik versterk deur die opkoms van die MEK, maar die staat kon nog nooit 'n alternatiewe ekonomie naas die MEK tot stand bring nie, ofskoon die Afrikanernasionaliste se pogings in dié verband met die parastatale vandag ewe handig deur die Afronasionaliste gebruik word om hul ondersteunerskorps te paai en die illusie van breedgrondige bemagtiging te skep. Tans is die verhouding tussen die staat en die MEK paradoksaal tegelyk intiemer en meer gespanne as ooit, en hierdie groeiende naburigheid moet deeglik verreken word in die nadenke oor transformasie.

Maar hoe het die MEK daarin geslaag om oor meer as 130 jaar sy magsbasis te behou? Hier wil ek verdere aanvullings tot Moeletsi Mbeki se analise aan die hand doen. Ek wil dit doen vanuit die bewering dat die enkele belangrikste faktor in Suid-Afrika se politieke ekonomie afstand is: wie aan afstand uitgelewer is, is uitgelewer aan onveiligheid, swak dienste, swak onderwys, min kapitaal, ensovoorts. Omgekeerd is dit ewe waar dat wie afstand beheer, Suid-Afrika beheer: presies dieselfde politieke aspirasie het Paul Kruger se droom van 'n spoorlyn na die destydse Lourenço Marques (Maputo) onderlê as wat tans die geval met die ANC se droom van internet vir almal is.

Die twee vernaamste maniere waarop afstand in Suid-Afrika geneutraliseer en beheer word, is vervoer en kommunikasie. Die moderne Suid-Afrikaanse vervoer- en kommunikasienetwerk se grondslag is gelê tussen die 1860's (aanvang van die spoornetwerk gevolg deur die telegraaf- en posnetwerk) en voltooi teen die 1960's (voltooiing van die motorpadnetwerk, vestiging van 'n nasionale elektroniese uitsaaidiens). Elke golf van modernisering van hierdie netwerke het gepaardgegaan met nuwe politieke beheer: vanaf Britse kolonisasie tot 1948 tot 1994.

Wat egter konstant in hierdie golwe van tegniese modernisering bly, is twee keiharde onderliggende aannames: 1) dat die inheemse die uitheemse moet naboots (eers Groot Brittanje, vandag die VSA, maar wesenlik dieselfde Anglo-Amerikaanse wêreldbeskouing met sy radikale individualisme) 2) dat die inheemse groter toegang tot die stelsel moet kry, sonder om die stelsel self wesenlik na die beeld van die inheemse te probeer heruitvind.

Die rede waarom hierdie twee aannames die afgelope 130 jaar konstant bly, is dat die MEK in sy hart gedra word deur 'n bepaalde Anglo-Amerikaanse subetniese groep (wat nie noodwendig wit is nie, maar dit tot nou toe hoofsaaklik was). Ons sal nooit die binnewerking van die MEK verstaan nie, as ons nie verstaan dat die MEK homself ook onderskei in sy formidabele vermoë om homself intern van geslag tot geslag oor te dra (waarin sekere privaatskole en universiteite bepalend is), en ekstern van geslag tot geslag die potensiaal vir weerstand teen hom weg te kommunikeer, en wel danksy sy enorme aandeel in die moderne Suid-Afrikaanse kommunikasiebedryf. In sy kommunikasie na buite was en is die MEK enorm doeltreffend in sy ondermyning en verspotmaking van inheemse tradisies en gemeenskappe, tensy dié as skadelose poskaartbeeld van Suid-Afrika se veelgeroemde diversiteit ingespan word.

Hierdie ondermyning en verspotmaking lei op sy beurt tot 'n voortslepende krisis in die geledere van die uitgeslotenes, naamlik 'n toestand van simboliese ellende, soos Bernard Stiegler dit omskryf. Omdat die uitgeslotenes – dit is die meerderheid inheemse gemeenskappe in die land – nie wesenlik deelneem aan hierdie stelsel nie en deurgaans vervreem word van hul eie tradisies, word hulle gedompel in 'n permanente toestand van onvervulbare begeerte. Deur die daaglikse massiewe kommunikasie van die glans en mag van die MEK, veral deur TV, word die meerderheid Suid-Afrikaners vandag soos die anekdotiese man wat nie van sy Viagra-geïnduseerde ereksie kan wegkom nie. Dit is hierdie konstant geprikkelde en tegelyk onvervulbare begeertes wat oplaas mense dompel in enorme psigiese pyn, wat nie anders kan nie as om op geweld uit te loop. Dit is wanneer mense nie kan deelneem aan wat konstant as begeerlik voorgehou word nie, dat hulle uiteindelik gewelddadig toegang daartoe probeer kry – en die kwesbare middelklas die teiken van hulle woede word. *Hieruit kan ons dan sien dat mimetiese begeerte in die kolonie Suid-Afrika op massiewe skaal deur die MEK gestimuleer word met die oogmerk om verset daarteen te neutraliseer, maar met die onbedoelde effek van groeiende geweld.* (Al daardie gewillige, bruikbare transformasie-agente van die huidige Suid-Afrika kan gerus tob oor die mate waarin die geweldsmisdaadkrisis in Suid-Afrika 'n durende en tans verskerpte kenmerk van die koloniale staat en die MEK is – 1994 ten spyt.)

Maar wat is transformasie dan as dit nie nabootsing en koöptering is nie? By die waag van 'n antwoord op hierdie onontkombare en oudste historiese Suid-Afrikaanse vraagstuk, lyk dit my asof die enigste alternatief vir ware verandering kan kom uit die reserwes van die uitgeslotenes of die dusver nog niegekoöpteerdes. In gewone Afrikaans: die gemeenskappe van Suid-Afrika met hulle inheemse tradisies en plaaslike maatstawwe van wat selfstandigheid, vryheid of demokrasie kan beteken.

In aansluiting by en in aanvulling van Moeletsi Mbeki, wil ek voorstel dat Suid-Afrikaanse demokrate die volgende transformasievergelyking nastreef: kultuurpolitieke outonomie + ekonomiese selfstandigheid + 'n plurale (eerder as 'n eenheid)staat = transformasie.

Hoe kan hierdie ideaal verwesenlik word? Dit is 'n omvattende onderwerp vir 'n ander artikel, maar ek gee graag enkele riglyne:

1) Daar sal geen kultuurpolitieke outonomie of

ekonomiese selfstandigheid sonder die voortgaande modernisering van Suid-Afrika se inheemse tale wees nie. Taal is nie net die werktuig van deelname aan die politiek of die ekonomie nie, dit is ook die toegang tot 'n inheemse wêreldbeskouing uit ons tradisies. Die voortslepende verdrukking van die inheemse tale deur die hegemoniese taal van die heersersklasse (normaalweg Engels, maar eens ook Afrikaans) is bepalend in die onvryheid van moderne Suid-Afrika.

2) 'n Versetstryd wat hom dit ten doel stel om bloot die Suid-Afrikaanse staat oor te neem en te vergroot, is gedoem om te faal. Die oogmerk behoort te wees om die Suid-Afrikaanse staat radikaal te hervorm aan die hand van die mate waarin dit finansiële en simboliese kapitaal in die gemeenskappe van die land se hande stel, eerder as om hierdie kapitaal te vernietig of uit te voer.

3) Die radikale hervorming van die Suid-Afrikaanse staat sal nie kan plaasvind bloot op grond van die droom van 'n (sosialistiese of ontwikkeling-) staat wat bloot meer regverdig en verspreidend is nie, maar eers as gemeenskappe as die vernaamste agente van die politieke ekonomie erken word.

4) Die MEK is struktureel te magtig om dit suiwer ekonomies te probeer omvorm. Die enigste alternatief is om 'n radikale alternatiewe kultuurpolitiek met plaaslike inhoude te vestig. Hier sal die totale herdinking van die openbare media 'n eerste stap wees, want solank as wat verstedelikte, individuele verbruikerskap die hoofbeeld van die openbare media is, sal Suid-Afrika 'n koloniale agterplaas van die neoliberale wêreldwanorde bly.

5) Burgerskap moenie eerstens van 'n staat nie, maar van 'n gemeenskap wees. Waar dit nie moontlik is nie, moet deelname die sentrale deug wees, want burgerskap is vandag in Suid-Afrika ten beste 'n kliëntifikasie en pasifisering van die meerderheid Suid-Afrikaners.

6) Die basis van 'n ander Suid-Afrika is nie 'n "wêreldklasekonomie" of dergelike "wêreldklas"-kategorieë nie, maar 'n universeel gerespekteerde plaaslike ekonomie en simboliese orde wat die mense van hierdie land, eerder as die aandeelhouers, eerste stel. Om wêreldklas te wees, sal nooit deur die nabootsing van elders kan gebeur nie, maar slegs deur die heruitvinding van hier (in gesprek met elders). Alle "wêreldklaslande" gryp die verbeelding aan, omdat hulle eerstens plaaslik iets universeels kon beliggaam.

Om saam te vat: die voortgaande vernedering van die meerderheid Suid-Afrikaners – ryk en arm – hetsy simbolies of materieel (of albei) het nie verminder nie, maar vermeerder. Solank as transformasie bedink word as nabootsing en toegang, sal die krisis vererger. Eers wanneer transformasie bedink word as heruitvinding en alternatiewe skepping, sal die krisis beëindig word.

Hierdie stryd het maar pas begin – tensy Suid-Afrika institusioneel gedoem is om soos Rusland steeds deur die tsaar geregeer te word.

Die keuse is ons s'n.

---

(1) Moeletsi Mbeki, "Die wit wortels van SEB", *Die Vrye Afrikaan*, Vrydag 19 Mei, 2006, http://www.vryeafrikaan.co.za/lees.php?id=572

LE MONDE diplomatique

Kongo vir die derde keer geplunder

MAER, DIE GESIGTE WIT VAN DIE STOF, SING DIE MYNWERKERS UIT VOLLE BORS "HIERDIE IS DIE GROND VAN ONS VOORVADERS, SY KOPER IS ONS S'N". SKREEUENDE MANS EN KINDERS OMSINGEL DIE AFVAARDIGINGS WAT DIE EEN NA DIE ANDER BY DIE RUASHI-MYNGEBIED NABY LUBUMBASHI IN DIE DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN DIE KONGO (DRK) OPDAAG. MWAMBE KATAKI, REMY ILUNGA EN PIERRE KALUME, VOORMALIGE WERKNEMERS VAN DIE MAGTIGE GECAMINES (1) WAT NOU GESKOOLDE DELWERS GEWORD HET, MAAK IN DIE NAAM VAN HUL KAMERADE SEKER DAT HULLE NIE VERDRYF SAL WORD NIE.

Deur ons spesiale verteenwoordiger Colette Braeckman*

Hulle is van plan om versperrings op te rig teen groot maatskappye wat ná jare van oorlog na Katanga terugkeer danksy die privatisering wat deur Joseph Kabila se regering aangemoedig word. Voormalige Kamituga-diensnemers in Kivu dreig om die Kanadese maatskappy Banro te verhoed om sy produksie te hervat, en onrus teister die Kilo Moto-myn in Ituri. Die groot maatskappye neem in werklikheid net 'n handjie vol geskoolde werkers in diens, en die nuwe beleggingsvoorwaardes skeld hulle van alle maatskaplike verpligtings kwyt. Wat die Kongolese staat betref, sal hy ongetwyfeld nie die vermoëns hê om dié wat aan hulle lot oorgelaat word, te vergoed nie.

Terwyl daar gewag word dat die Suid-Afrikaanse maatskappy Ruashi Mining sy penne op die Ruashi-terrein kom inslaan en dit met wagte en doringdraad afsper, lyk die dagboumyn na 'n maanlandskap vol gate en kraters. Met 'n pik as enigste werktuig kap die mans tonnels waardeur die kinders kruip; party grawe, ander haal die kopererts uit en stop dit in sakke. 'n Entjie verder maak lorries gereed om die Zambiese grens oor te steek met hulle vragte ru-erts. 'n Gedeelte van die heterogeniet, 'n kombinasie van koper en kobalt, word ter plaatse deur klein maatskappytjies in meganiese oonde verwerk. Ná 'n eerste affinering word die kobalt en koper, steeds per vragmotor, na Suid-Afrika of die hawe van Dar es Salaam (Tanzanië) gekarwei, waar Sjinese vragskepe dit inwag ...

Die burgemeester van Lubumbashi, Floribert Kaseba, wys daarop dat 'n mens hier, anders as in die hoofstad Kinshasa, geen bedelaars of kinders op straat sien nie. Almal werk – vir seker, maar in watter omstandighede! Die meeste van die 70 000 delwers in Katanga verdien minder as 'n dollar per dag. En hoewel die mynbouers hul eie versekeringsgroep, die Emak (Entreprise minière artisanale du Katanga) gevorm het, is dit hoofsaaklik om hulle begrafniskoste te dra, want die grondstortings eis talle slagoffers. Mynbou verteenwoordig 74% van die DRK se uitvoere en verskaf op informele wyse werk aan 950 000 mense teenoor slegs 35 000 in die formele sektor.

Om die Kongolese mynwerkers se huidige vrese te verstaan, moet 'n mens onthou dat die Zaïre van maarskalk Joseph Mobutu koloniale strukture oorgehou het waardeur groot regeringsmaatskappye soos Gecamines of die Minière de Bakwanga (MIBA) in Kasai die grootste deel van die land se inkomste gegenereer het. Maar in die ná-koloniale Zaïre het hierdie groot maatskappye ook 'n paternalistiese tradisie geërf: hulle was verplig om huisvesting en gratis toegang tot mediese sorg aan hulle werkers en dié se gesinne te verseker – voordele wat laasgenoemde deel van die maatskappy laat voel het. Privatisering het 'n einde hieraan gemaak: die groot staatsbeheerde maatskappye is ontbind, en hulle opvolgers wil van die verlede en sy verpligtings ontslae raak.

Dit wat as die "mynkarnaval" van die Kongo bekend staan, is oor verskeie fases voltrek, en die laaste sal waarskynlik nie die mins wrede wees nie. In die 1990's, reeds teen die einde van Joseph Mobutu se bewind en in sy gretigheid om aan die Wêreldbank se voorskrifte te voldoen, het die Eerste Minister, Kengo wa Dondo, begin om veral mynmaatskappye te privatiseer ten einde die staatskas terug op die been te kry en hom in staat te stel om sy skuld te vereffen. In Mei 1995, toe daar begin is met die ontbinding van Gecamines en die privatisering van ander regeringsmaatskappye, het groot mynmaatskappye die veld betree: die Kanadese Lundin, Banro, Mindev, die Belgies-Kanadese Barrick Gold, die Australiese Anvil Mining, die Suid-Afrikaanse Gencor en Iscor. Maar, gesien die land se onstabiliteit, het dié "grotes" verkies om hulle skaars te hou: toe die oorlog in 1996 uitbreek – en, sewe maande later, die Mobutu-regime tot 'n val bring – het die "juniors" die veld ingeneem, direk met

* *Joernalis,* Le Soir *(Brussel). Uit die Frans vertaal deur Sonya van Schalkwyk-Barrois, sonyavs@yahoo.com*

die rebellebewegings saamgewerk en die opsie oopgehou om later hulle bates te kan verkoop. Dit is só dat Laurent Désiré Kabila by die Amerikaanse Mineral Fields, die Australiese firma Russel Resources en die Zimbabwiese Ridgepoint Overseas die fondse kon kry om sy oorlog te finansier en daarna die polities-administratiewe masjien terug op die spoor te kry, in ruil vir ooreenkomste rakende die drie persele van Gecamines, die mineraalafsettings van Mongwalu (2) in die Ituri-streek, en die diamantsindikate van Kisangani.

Die euforie was van korte duur: kort na sy bewindsoorname in Mei 1997 distansieer Laurent Désiré Kabila hom nie net van sy Ugandese en Rwandese bondgenote wat hulle buit kom opeis in ruil vir hul vroeëre hulp nie, hy spreek ook sy begeerte uit om die mynkontrakte in heroorweging te neem, en – soos in die verlede – die nuwe aankomelinge maatskaplik verantwoordelik vir hulle werkers te maak. Saam met die veiligheidsfaktore gee dié houding wat as ondankbaar en radikaal gesien word, aanleiding tot die "tweede oorlog", wat in 1998 uitbreek. Onder goedkeuring van die Westerse lande onderneem Rwanda en Uganda dus om hulle eertydse bondgenoot te verjaag en kom hulle nie net te staan voor die bevolking se weerstand nie, maar ook die ingryping van Angola en Zimbabwe, wie se weermagte Laurent Kabila verdedig. Die Kongolese grondgebied word in drie outonome gebiede verdeel, wat beheer word deur die sentrale regering en drie rebellegroepe, onder meer die RCD-Goma (Rassemblement congolais pour la démocratie, ondersteun deur Rwanda) en die Kongolese vryheidsbeweging (MLC), tot stand gebring met die steun van die Ugandese weermag. Die sentrale regering en die rebelle moet hulle militêre operasies finansier en hul bondgenote vir hulle hulp betaal. Die vier streke, nou van mekaar geskei, word in "selfdiens"-areas omskep waar Mafia-agtige netwerke uit alle oorde goud, koper, colombo tantaliet (coltan), hout en diamante ontgin (3).

Hierdie plunderaars is geneë om hulle fooie te betaal aan die krygshere wat in werklikheid in beheer is, en indien nodig, hulle van wapens te voorsien. Hierdie skandaal, 'n humanitêre (3,5 miljoen burgerlike slagoffers) asook politieke ramp wat aanvanklik nie veel belangstelling lok nie, is ook 'n finansiële verkwisting. Sedert die begin van die jare 2000, toe die vraag na colombo tantaliet (wat in die vervaardiging van selfone gebruik word) begin afneem en die naspeurbaarheid van diamante geleidelik al meer afgedwing word, begin die wêreldvraag na koper, kobalt en uranium toeneem, met pryse wat opgejaag word deur Sjina se groei en Indië se toenemende behoeftes. Die ontginning van dié minerale verg egter groot en langtermynbeleggings, wat 'n betreklik stabiele politieke omgewing veronderstel. Kortom, die tyd van vrybuitery kom tot 'n einde en die Suid-Afrikaanse mynbedryf (met heelwat nuwe swart kapitaliste) reken op sy beurt dat Wes-Afrika, en in die besonder die Katanga koperstreek, vir hom 'n natuurlike uitbreidingsgebied is.

Internasionale drukgroepe fokus hulle aandag op die Kongolese oorloglustiges en hulle onderskeie bondgenote, en kom uiteindelik byeen in Sun City in Suid-Afrika waar hulle in 2003 ooreenkomste onderteken rakende die terugtrek van buitelandse weermagte, die land se hereniging en 'n oorgangstydperk van twee jaar, wat uiteindelik verleng word tot drie jaar om op 30 Junie 2006 tot 'n einde te kom. Vir die "internasionale gemeenskap" (met ander woorde die groot Westerse lande plus Suid-Afrika), sterk teenwoordig, gaan dit veral om die legitimering en stabilisering van die bewind ten einde die ekonomie en heropbou van die land aan die gang te kry. Vir die Kongolese bevolking, wat vir die eerste keer in 46 jaar die kans gegun word om in 'n werklik vrye verkiesing te stem, gaan dit veral daarom om weg te breek uit 'n stelsel wat die elite koöpteer ...

Hoewel die wetgewende verkiesing en die eerste ronde van die presidentsverkiesing vir middel somer 2006 aangekondig word, begin die oorgang die land duur te staan kom. Talle verslae deur internasionale organisasies beklemtoon in watter mate die plundering van hulpbronne voortgesit is nadat vyandelikhede amptelik in 2003 tot 'n einde gekom het (5). Hierdie waarneming, hoewel dit toepaslik is, sien 'n ooglopende feit oor die hoof: ten spyte van die beginsels wat beaam is, was die Sun City-verdrae se grootste oogmerk nie om die bestuur van hulpbronne te demokratiseer nie, maar om 'n einde aan die oorlog te maak, buitelandse troepe aan te spoor om die gebied te verlaat, en dit moontlik te maak om die Mafia-agtige kringe wat oor die kort termyn werksaam is, met ekonomiese operateurs te vervang wat stabieler is, indien dan nie noodwendig minder kranig nie.

Politieke logika moet nie met morele logika verwar word nie, en die Sun City-verdrag gee derhalwe voorrang aan die krygshere bo die "burgerlike gemeenskap" en die voormalige politieke klas. Tot die misnoeë van die bevolking, wat dit sien as 'n beloning vir dié wat skotvry daarvan afkom, word die formule "een plus vier" aanvaar: president Joseph Kabila, wat sy vader opvolg nadat dié in Januarie 2001 om die lewe gebring is, stem in om die mag te deel met vier visepresidente afkomstig uit rebellefaksies, die politieke opposisie en die burgerlike gemeenskap. So sien 'n mens dan hoe die visepresident Jean-Pierre Bemba, 'n voormalige sakeman wat deur VN-deskundiges daarvan beskuldig is dat hy die banke en die koffie-oeste van die Ewenaarstreek geplunder het, voorsitter word van die sogenaamde Ekonomie- en Finansieskommissie, terwyl die ander voormalige rebel, Azarias Ruberwa, wie se troepe in samewerking met die Rwandese weermag in die ooste van die land grootskaalse slagtings gepleeg het, aangestel word oor Verdediging en Veiligheid ...

Die spoedige hereniging van die land toon hoeseer die oorlog van buite aangehits is en in hoeverre die gevoel van nasionale samehorigheid 'n werklikheid gebly het. Die sukses mag egter dalk net oppervlakkig wees. Elkeen hou sy beste magte in reserwe en die nuwe nasionale weermag se troepe, wat min of selde betaal word - aangesien die geld verduister word - buit dikwels die bevolking uit vir 'n bestaan. Om moontlike uitbarstings te voorkom, het die VN gevra en daarna toestemming gegee dat 'n Europese mag van 1 250

man die 17 500 VN-vredestroepe wat reeds ontplooi is, kom bystaan.

Na die hereniging is die staat, wat weer terug op sy voete geplaas is, nou daarvoor verantwoordelik om ’n minimum fisieke en regsveiligheid vir beleggers in die mynsektor te verseker. Maar die staat, pas klaar met ’n oorlog en boonop deurspek met teenstrydighede, is ook aansienlik verswak en was tydens die oorgang nie sterk genoeg om die eensydige klousules wat deur die firmas afgedwing is, teen te staan nie. Die verkwanseling van natuurlike hulpbronne het dus nie saam met die oorlog tot ’n einde gekom nie; dit het bloot van gedaante verwissel. Lede van die Nasionale Vergadering – onverkose - is aangesê om ’n kode vir die mynbou op te stel, asook ’n bosboukode waarvan die uiters liberale bepalings deur die Wêreldbank voorgeskryf is, en wat wye speelruimte vir privaat belange laat en tegelyk die verpligtinge van laasgenoemde tot die minimum beperk. Dit is byvoorbeeld so dat die Wêreldbank die heropbou van Gecamines geloods het. Voordat die maatskappy broksgewys verkoop is, is 10 500 werkers afgedank teen ’n skadevergoeding van 1 900 tot 30 000 dollar. Maar hierdie bedrae is gebruik vir die afbetaling van skulde of deur korttermyn-uitgawes geabsorbeer. Hierdie werkers, voortaan ontneem van enige vorm van welsynsversekering, werk nou in die informele sektor waar die firmas beoog om hulle mettertyd met masjiene te vervang en slegs die minimum geskoolde werkers aan te stel.

Die Kongolese staat het aansienlike belastingkortings aan verskeie semi-openbare maatskappye toegestaan, vir tydperke van 15 tot 30 jaar. Die meeste van hulle het in 2004 slegs 0,4 miljoen dollar aan belasting betaal... In die diamantsektor lyk sake nie veel beter nie: die MIBA is van 45% van sy bates ontneem ten bate van Sengamines, ’n Kongolees-Zimbabwiese semi-openbare maatskappy. Daarbenewens, hoewel die goedkeuring van die nuwe Grondwet in November 2005 deur 85% van die kiesers ’n prestasie was in hierdie land met sy gebrekkige paaie en kommunikasiemiddele, is dit ook ’n oorwinning vir al diesulkes wat die staat se bevoegdhede wil inkort: dit verdeel die land in 26 provinsies, en hulpbronne in ’n verhouding van 60% vir die owerhede in Kinshasa en 40% vir provinsiale owerhede. Dit beoog om hulpbronne te desentraliseer, maar die outonomie wat aan provinsiale regerings gegee is, hou die gevaar in dat dit korrupsie op plaaslike vlak kan laat toeneem. Sal die nuwe gesag, nou gelegitimeer en gerugsteun deur die volk se stem, die moed hê om van die duistere elemente in sy midde ontslae te raak en hom van die “internasionale gemeenskap” se raadgewery-in-eie-belang los te maak? Sal hy die durf hê om die mynooreenkomste te herbeding sodat die Kongolese volk, nadat hy sy stem op politieke terrein teruggekry het, uiteindelik – vir die eerste keer in sy geskiedenis – ook beheer oor sy rykdomme kan verkry?

---

(1) Lees François Misser en Olivier Vallée, “Les nouveaux acteurs du secteur minier africain”, *Le Monde diplomatique*, Mei 1998.

(2) Lees Stefano Liberti, “Nasleep van die oorlog in Ituri: Strome van goud in die Kongo en Uganda”, *Die Vrye Afrikaan*, 16 Januarie 2006, http://www.vryeafrikaan.co.za/lees.php?id=439

(3) VN deskundige verslag oor die onwettige ontginning van natuurlike bronne en ander rykdomme in die Demokratiese Republiek van die Kongo, no S2003/1027 van 23 Oktober 2003.

(4) Lees VN Menseregtekomitee, “Waarnemings oor die toestand in die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK)”, 27 Maart 2006. www.fidh.org/article.php3?id_article=3230

(5) Lees byvoorbeeld die verslag *The State vs. the People: governance, mining and the transitional regime in the DRC = L’Etat contre le Peuple: La gouvernance, l’exploitation minière et le régime transitoire en RDC*, Nederlandse Instituut vir Suidelike Afrika (NIZA), Amsterdam, 2006, www.niza.nl

LE MONDE diplomatique

Hoe ekonome die wetenskap minag

POLITIEKE GESPREKVOERING WORD DIKWELS ONTSIER DEUR SOGENAAMDE EKONOMIESE "KLAARBLYKLIKHEDE", AANGEVOER AS GESAGHEBBENDE ARGUMENTE. DIE GEVOLG IS DAT SEKERE ONDERWERPE SKOON UIT DIE VELD VAN BESPREKING GEHAAL WORD: PROTEKSIONISME, DIE POSITIEWE ROL VAN OPENBARE MAATSKAPPYE OF STAATSBETROKKENHEID, ENSOVOORTS. SULKE ARGUMENTE SOU DAN KWANSUIS BO POLITIEKE VERSKILLE VERHEWE WEES, VANWEË HUL "OBJEKTIEWE" AARD.

Deur Jacques Sapir[*]

Indien ekonomiese "klaarblyklikhede" wetenskaplik begrond was, sou niemand hulle kon weerspreek nie. Die gedagte sou by niemand opgekom het om natuurwette aan 'n stemmery te onderwerp nie. Maar sou dié grondslag twyfelagtig blyk, dan sou die status wat hulle in die debat verkry het, nie alleen op bedrog neerkom nie, maar ook op 'n anti-demokratiese toeeiening: sulke "feite" word in der waarheid deur 'n minderheid (die "deskundiges") vasgestel, wat boonop nie polities verantwoordingspligtig is nie. Indien hulle op wetenskaplikheid wil aanspraak maak, sou ekonomiese studies aan die reëls van toetsbaarheid en bewysvoering onderwerp moes word (1). Pleks daarvan bly neoliberale ekonomiese denke ongeknelter deur sulke beperkinge (2).

Die belangrikste kamma-klaarblyklikheid wat voorgehou word, is die grondliggende rol van mededinging (3), wat die voorrang regverdig wat aan vryhandel in die makro-ekonomie gegee word, en aan buigsaamheid in die mikro-ekonomie. Dit is waarom die neoliberale daarvan 'n kardinale beginsel van die Europese Grondwetlike Verdrag wou maak. Daarin lê een van die oudste debatte in moderne ekonomiese denke. Trouens, die vraag is nie óf – in sekere omstandighede, en om spesifieke resultate te bereik – mededinging kan help om die een en die ander se handelinge te koördineer nie. So gestel, is die vraag in die werklikheid geanker. Vir die liberale is die rol van mededinging 'n dogma. Dit verkry 'n absolute karakter wat verhewe staan bo die vraag hoe dit konkreet toepasbaar kan wees.

Die oorsprong van hierdie dogma vind ons in die werke van die grondleggers van die klassieke ekonomie in die 18de eeu: David Hume, Bernard Mandeville en Adam Smith. Hulle wou aantoon dat mededinging tussen individuele aktiwiteite, hoewel dit deur selfsugtige oorwegings gedryf word, spontaan tot 'n positiewe resultaat vir die gemeenskap sou lei. Hierdie beginsel lê agter die eerste algemene teorie van vryhandel, saamgestel deur Hume, Mandeville se *Fabel van die Bye* en Adam Smith se befaamde "onsigbare hand".

Maar ondersoek 'n mens dit, hou dié drie skrywers se redenasies nie steek nie. Hume se teorie oor die outomatiese ewewig van internasionale handel, wat feitlik woord vir woord deur die Wêreldhandelorganisasie (WHO) se apologete oorgeneem is, is gebaseer op onrealistiese hipoteses, naamlik dat ekonomiese spelers oor onmiddellike, perfekte inligting beskik, en dat oombliklike, kostelose aanpassings sowel in die verhouding tussen aanbod en vraag as in die aard van die aanbod en aanvraag gemaak word. Daar moet dus aangeneem word dat goedere en dienste totaal met mekaar vervangbaar is, beide uit die aanvraer en die aanbieder se oogpunt. Mandeville se tese – dat private ondeug (selfsug, ambisie) dikwels onwillekeurig in "kollektiewe deugde" omvorm word, 'n bietjie soos 'n by wat 'n korf bou sonder dat hy dit weet of wil hê – is 'n mooi literêre maaksel. Wat Adam Smith betref, het hy nooit die meganisme van die "onsigbare hand" (die mark wat dan spontaan produksie en verbruik doeltreffender sou afpen as enige voorbedagte stelsel) bewys nie; soos die historikus Jean-Claude Perrot uitgewys het, is dit in werklikheid 'n religieuse aporie in 'n poging om wetenskaplike diskoers daar te stel (4).

Waar hulle voorgee om bykans natuurlike "wette" te formuleer, streef die drie outeurs in werklikheid politieke doelwitte na. Hume wou toon dat vryhandel - in die mate dat dit tot geluk vir almal lei - konflik tussen state onnodig maak (5). Vir Mandeville en Smith bied die spontane organisering wat deur mededinging geskep word, die moontlikheid om van verligte despote en hulle eiemagtigheid ontslae te raak. 'n Mens kan nie anders as om simpatiek teenoor Hume se pasifisme, of teenoor Mandeville en Smith se

[*] *Navorsingshoof aan die Ecole des hautes études en sciences sociales (Skool vir hoërstudies in sosiale wetenskappe), skrywer van onder meer* Les Economistes contre la démocratie, *Parys: Albin Michel, 2002 en* La fin de l'euro-libéralisme*, Parys: Seuil, 2006. Uit die Frans vertaal deur Sonya van Schalkwyk-Barrois, sonyavs@yahoo.com*

verwerping van despotisme te staan nie, maar die welmenende gebruik van 'n pseudo-wetenskaplike betoog moet nie met werklike bewysvoering verwar word nie.

Teen die einde van die 19de en in die 20ste eeu word die teorie van mededinging gediversifiseer. Drie skole tree na vore. Die eerste, wat steeds die grootste invloed het, reken in navolging van Léon Walras (1834-1910) dat dié meganisme lei tot ewewig tussen die vraag by sommiges en die vermoë by ander om daaraan te voldoen. Vilfredo Pareto (1848-1923) voeg by dat hierdie ekonomiese ewewig ook, uiteraard, 'n maatskaplike ewewig is. Daar bestaan dus 'n enkele oplossing vir alle probleme in die werklike ekonomie, en mededinging sou optimaal beide op ekonomiese en maatskaplike vlak wees – saak afgehandel (6).

'n Tweede denkrigting ontwikkel tans rondom die vraagstukke wat die Walraso-Paretiaanse teorie opper: dit staan bekend as die "Oostenrykse" skool en sluit skrywers soos Ludwig von Mises en Friederich von Hayek in. Vir hulle is mededinging nie 'n spontane meganisme nie, maar 'n neo-Darwinistiese proses van eliminering van die mins geskikte oplossings.

Vir 'n derde skool is mededinging bowenal 'n vernuwingsdinamika waarin die aftakeling van ou oplossings versnel word deur die ontstaan van nuwe, meer toepaslikes. Hier is geen sprake meer van die een of ander ewewig nie: mededinging is slegs 'n instrument vir 'n nimmereindigende rewolusie van aktiwiteite, bekend as "skeppende aftakeling". Joseph Schumpeter (1883-1950), die skrywer wat die meeste tot dié teorie bygedra het, gee blyke van dieselfde ambisies as die diskoers van die 19de-eeuse denkers. Dit gaan oor die depolitisering van die ekonomie en die gedagte dat inherente "wette" plaasvervangers kan wees vir doelbewuste handelinge wat deur individue gesamentlik ooreengekom word (7).

Hierdie drie skole se denkraamwerke is uiteenlopend en onverenigbaar. Aanvaar 'n mens die hipoteses van die Walraso-Paretiaanse model wat deur Kenneth Arrow en Gérard Debreu, twee van die grondleggers van die moderne vorm van neo-klassisisme in die 1940's en 1950's, ontwerp is, kan jy nóg die "Oostenrykse" teorie, nóg die Schumpeteriaanse een van mededinging akkommodeer. Die teendeel is ook waar: plaas 'n mens jou binne die raamwerk van Hayek se hipoteses, is dit onmoontlik om ook van die ewewigsteorie te praat. In plaas van saamloop, skakel hierdie drie teorieë mekaar uit.

Nog 'n kopkrapper: die hipoteses wat as uitgangspunt dien. Dié van volledige, onfeilbare inligting waaroor ekonomiese agente moet beskik en waarop die teorie van algemene ewewig berus, is absurd, behalwe as 'n mens reken dat hulle alwetend is. Tog bly dit sentraal. As 'n mens onvolmaaktheid en asimmetrie in die agente se inligting sou invoer, hou die markte op om doeltreffend te wees, mededinging word destabiliserend en openbare ingryping word 'n direkte noodsaaklikheid. Dit weet teoretici lank reeds (8).

Ander hipoteses wat onontbeerlik is vir die onderskeie teorieë, moet ook met voorbehoud bejeën word. Arrow en Debreu se model veronderstel dat individue se voorkeurhiërargie los staan van persoonlike kontekste en omstandighede. Dus, as ons ding A bo ding B verkies en ding B bo ding C, dan sal dit in alle omstandighede so wees en sal ons antwoord as ons voor 'n identiese keuse te staan kom, nooit verskil nie. Die seleksieproses wat Hayek hom voorstel, impliseer dat voorkeure onveranderd bly in die loop van tyd. Om 'n keuse te kan maak, moet ons ervarings geheel en al vergelykbaar wees en mag ons nie tussen twee ervarings van plan verander oor wat ons verkies nie. Verder moet al ons ervarings ook identiese herinneringe by ons laat, of hulle nou in die verlede lê of onlangs is. In wiskundige terme kan 'n mens reken dat ons volgens die gemiddelde van ons ervarings in die verlede optree, en nie op 'n spesifieke hoogte- of laagtepunt nie.

Schumpeter se model vereis weer dat die skokke wat innovering bring, ook geen uitwerking op die struktuur van ons voorkeure sal hê nie. Ons verkies gewin bo sekuriteit, of omgekeerd. Ons verhouding tussen die grade van tevredenheid wissel nie, selfs as die verskeidenheid dienste wat deur innoverende produkte gelewer word, ver verskil van wat die ou produkte gelewer het.

Hierdie hipoteses oor individue se gedrag het sedert die 1970's onder die loep begin kom (9). En elkeen van hulle het in die stof gebyt in herhaalbare toetse wat volgens protokol opgestel is, met ander woorde onderwerp aan toestande van 'n wetenskaplike eksperiment. So verander ons keuse tussen twee mediese behandelings totaal na gelang daarvan of die resultate uitgedruk word as hoop op oorlewing nà 'n operasie, of inteendeel in terme van sterfterisiko. Insgelyks is die prys wat ons bereid is om vir 'n artikel te betaal, nie noodwendig dieselfde as wat ons sal aanvaar om daarvan afstand te doen nie. Ons voorkeur vir gewin of inteendeel vir sekuriteit kan soos handomkeer verander. Wanneer hulle te staan kom voor loteryspeletjies wat identies is maar waarvan die uitslag soms in geld en soms in goedere aangedui word, verander die proefkonyne gereeld van strategie waar hulle reaksies veronderstel is om stabiel te wees. Daarbenewens word 'n pyn wat intens maar van korte duur was, gouer vergeet as matige maar langdurige pyn tydens 'n mediese ondersoek. Hierdie resultate vermorsel die hipoteses van die neo-klassieke model (onveranderlikheid van voorkeure en strategieë), maar ook die modelle van Hayek en Schumpeter.

In werklikheid word ons voorkeure bepaal deur die keuseraamwerk ("framing effect"), of ons materiële welstand ("endowment effect"). Ons kognitiewe stelsel reageer sterker op spitsoomblikke as op progressiewe verwikkelings, en die inbring van nuwe elemente maak dat ons keusemodelle deurgaans hersien word.

Die grootskaalse, onomkeerbare vernietiging van die model van 'n "individuele agent" wie se reaksies voorspelbaar sou wees ongeag die konteks en sy omstandighede – 'n hipotese wat aan die wortel van al hierdie teorieë lê – is beslis een van die grootste tekens van vooruitgang op die gebied van sosiale wetenskappe die afgelope dertig jaar. 'n Mens merk dat die meerderheid ekonome in 'n ontkenningstrategie gewikkel is jeens hierdie resultate wat radikaal die

fondamente van hulle modelle skud. Deur dit te doen, doen hulle afstand van hulle wetenskaplike geloofwaardigheid (10). Die grondliggende rol van wedywering in die organisering van ekonomiese aktiwiteite blyk uiteindelik nie 'n hipotese te wees nie, maar 'n soort religieuse (by)geloof.

Ons keer dus, hier aan die begin van die 21ste eeu, terug na 'n einde-18de-eeuse soort situasie. 'n Wetenskaplik legitieme projek – die studie van die manier waarop menslike samelewings produseer, verander en verbruik – is om suiwer ideologiese beweegredes van koers gedwing. Voeg daarby, in die lig van diverse skandale waarin "kundiges" betrokke was tydens privatiserings in Rusland (11), of die Enron-, WorldCom en Parmalat-aangeleenthede (12), ensovoorts, dat hierdie doelwitte minder edel lyk as dié wat Hume, Mandeville en Smith nagestreef het ...

Deur so hulle vakgebied te verkoop, hetsy vir magsgewin of vir gewin op sigself, maak sekere ekonome hulle aan 'n dubbele morele oortreding skuldig. Eerstens teenoor demokrasie, deur 'n mite met verwoestende maatskaplike gevolge as 'n wetenskaplike waarheid, 'n onbetwisbare "feit" voor te hou. En tweedens teenoor die gedagte van navorsing self, deurdat hulle vir baie toeskouers die moontlikheid van ware wetenskaplike ekonomiese studie na 'n feëverhaal laat lyk.

---

(1) Bruce J. Caldwell, "Economic methodology: rationale, foundations, prospects", in Uskali Mäki, Bo Gustafsson en Christian Knudsen, *Rationality, Institutions & Economic Methodology*, Londen en New York: Routledge, 1993.

(2) Lees Daniel M. Hausman, *The Inexact and Separate Science of Economics*, Cambridge (Verenigde Koninkryk): Cambridge University Press, 1994, in besonder hoofstuk 13, "On dogmatism in ectoproctes: the case of preference reversals".

(3) Lees Frédéric Lordon, "Et les lendemains n'ont pas chanté", *Le Monde diplomatique*, Mei 2005.

(4) Jean-Claude Perrot, *Une histoire intellectuelle de l'économie politique*, Parys: Editions de l'EHESS, 1992, pp. 141-142.

(5) David Hume, *Discours politiques*, in Frans vertaal deur ab Le Blanc, Dresden, 1755. Lees Jean-Claude Perrot se analise van die gesprek tussen Hume en Turgot in *Une histoire intellectuelle de l'économie politique*, *op.cit.*, pp. 237-255.

(6) Lees *Les Trous noirs de la science économique*, Parys: Albin Michel, 2000.

(7) Lees Jacques Généreux, *Les Vraies Lois de l'économie*, Parys: Seuil, 2002.

(8) Lees Sandford J. Grossman en Joseph Stiglitz, "On the impossibility of informationally efficient markets", in *American Economic Review*, Pittsburg, vol. 44, no2/1980, pp. 451-463.

(9) Daniel Kahneman, "New challenges to the rationality assumption" en Amos Tversky, "Rational Theory and Constructive Choice", *in* Kenneth J. Arrow, Enrico Colombatto, Mark Perlman en Christian Schmidt (onder leiding van), *The Rational Foundations of Economic Behaviour*, New York: Saint Martin's Press, 1996.

(10) Daniel M. Hausman, *The Inexact and Separate Science of Economics*, *op.cit.,* hoofstuk 13. Lees ook Hazel Henderson, "Prix Nobel, l'imposture", *Le Monde diplomatique,* Februarie 2005.

(11) Lees Nina Bachkatov, "Le Kremlin contre les oligarques", *Le Monde diplomatique*, Desember 2003.

(12) Lees Thomas Frank, "Enron aux mille escroqueries", *Le Monde diplomatique*, Februarie 2002.

LE MONDE diplomatique

Die namakers van "ekotoerisme" in Sentraal-Amerika

IN DIE NOORDE VAN GUATEMALA EN DIE MAYA-BIOSFEERRESERVAAT (MBR), DIE BELANGRIKSTE BESKERMDE AREA IN SENTRAAL-AMERIKA, WAS DIE ARGEOLOGIESE TERREIN VAN DIE MIRADOR 'N GOEDBEWAARDE JUWEEL VAN DIE WOUD. BUITEN DIE PLAASLIKE GEMEENSKAPPE EN ARGEOLOË WAS NIEMAND BEWUS VAN HIERDIE 26 MAYASTEDE WAT UIT DIE VOORKLASSIEKE PERIODE DATEER, EN WAT ANDER BELANGRIKE MAYATERREINE (PALENQUE, COPÁN, TIKAL) MET 1 000 TOT 1 800 JAAR VOORAFGAAN NIE.

Deur Anne Vigna*

Spesialiste beskou die Mirador as die wieg van die Maya-beskawing; dit huisves die hoogste piramides wat ooit in Meso-Amerika opgerig is (147 meter). 'n Amerikaanse argeoloog, mnr. Richard Hansen, het hierdie nalating as 'n nuwe goudmyn beskou: "Ons het hier 'n unieke kombinasie van 'n tropiese woud en 'n argeologiese terrein van onskatbare waarde wat enorme potensiaal vir toerisme in Guatemala skep".

Volgens hom sal die voorgestelde konstruksie van 'n toerismekompleks 'n inkomste verseker om tegelykertyd die terrein te restoureer, plundering stop te sit en die natuurlike hulpbronne te bewaar. Die El Mirador-projek is dus gebore, met die etiket van "ekotoerisme" daaraan gekoppel, en gesteun deur sowel die president van Guatemala, mnr. Oscar Berger, as 'n lang lys van instansies wat die versekering gee dat hulle uitsluitlik werk vir die beskerming van die reservaat (1). Nietemin, met die verwagte aanloop van 120 000 toeriste per jaar in hierdie ongerepte milieu, verdeel die aangeleentheid gemeenskappe wat tot dusver verenig was; lei dit tot die privatisering van erfgoed onder die dekmantel van duister wetenskaplike en/of toerisme- doelwitte (2).

Selfs nog voordat besonderhede rakende die projek en die ekologiese impak daarvan vasgestel kon word, is El Mirador reeds in die pers aangekondig as uitstekende nuus vir die land se ekonomie en vir die bewaring van die planeet. Die waterkwessie is nie eers genoem nie. En dit terwyl daar nie water by El Mirador is nie; dit word per helikopter aangevlieg vir opgrawingsdoeleindes. En wat gebeur wanneer toeriste begin aankom? Geen antwoord nie. Maar vir mnr. Hansen skyn dit dringend te wees om op te tree (met ander woorde om te onteien): "Die rykdom van die MBR moet bewaar word; die plaaslike gemeenskappe is verantwoordelik vir die aftakeling daarvan."

'n Besonder skandalige regverdiging. Die beskuldigde gemeenskap behoort aan die Vereniging van Woudgemeenskappe van Petén (Acofop), wat tydens die Wêreldberaad in Johannesburg in 2002 bekroon is vir "sy bestendige bestuur van 500 000 hektaar in die reservaat", volgens die beperkings van die FSC-etiket vir woudbestuur (3). "Acofop is hoegenaamd nie verantwoordelik vir die ontbossing van die MBR nie," rebelleer mev. Ileana Valenzuela, van die Peténse groep Actions and Propositions. "Mnr. Hansen dra spesifieke kennis van die feit dat dit deur die ontginning van brandstof en dié van die woud [privaat] en deur dwelmroetes vernietig word. Daarteenoor gaan toerisme bykomende beweging en aktiwiteite skep binne 'n area van die reservaat wat tot dusver ongerep gebly het, juis danksy Acofop se werk."

El Mirador moes reeds sy teks hersien vir 'n "groener" voorstel, na afloop van die grootskaalse protes wat sy aanvanklike planne ontlok het: 'n trein en 'n helihawe het die paaie en lughawe vervang wat aanvanklik beplan is. Desnieteenstaande is daar niks wat verhoed dat hierdie area eendag deur busvragte toeriste of vragmotors van woudmaatskappye deurkruis sal word nie indien die "toeristeroetes" van die organisasie Mundo Maya, 'n onderdeel van die Plan Puebla Panamá (4), die lig sou sien. Mundo Maya is 'n groepering van die Inter-Amerikaanse Ontwikkelingsbank (IDB) en die Ministers van Toerisme van Mexiko, Guatemala, Honduras, Salvador en Belize om "groen" toerisme te bevorder wat voordelig sal wees vir plaaslike bevolkings… dit is ten minste die voorneme.

In werklikheid beoog Mundo Maya om "die beweging van toeriste tussen argeologiese Mayaterreine te vergemaklik en om toerisme-infrastrukture te skep (5)". Anders gestel, om kommunikasieweë tussen die terreine van Palenque en Tulum in Mexiko, Tikal in Guatemala en Copán in Honduras te skep en wat die MBR se area wat nog ongeskonde is, sal deurkruis, baie naby aan die Mirador (6). Amptelik onderneem die streek die ontwikkeling van "'n meer eerbiedige toerisme teenoor kulture en die omgewing, waarvan die wins sal dien om armoede te bestry (7)." In werklikheid kan hierdie beleid baie vinnig die

* *Joernalis, president van die vereniging EchoWay (bevordering van solidêre ekotoerisme). Uit die Frans vertaal deur Christel Cattin, christelcattin@hotmail.com*

teenoorgestelde uitwerking hê.

In Mexiko word die land se kuslyn toegebou met 142 projekte wat tans aan die gang is (uit 260 wat beplan word) om die "strandaanbod" te verhoog. Met die duidelike uitsondering van Costa Rica, wat 'n bewaringsbeleid implementeer, het Sentraal-Amerika agtergekom dat die natuur goed verkoop. Desnieteenstaande impliseer projekte wat onder "ekotoerisme" geklassifieer word, dikwels dat aktiwiteite in die natuur plaasvind sonder dat die inwoners deelneem – hetsy aan die omskrywing en bestuur van die projek, hetsy aan ekologiese aanpassings om die impak daarvan verminder. Private beleggers is op soek na ongerepte, beskermde terreine, lande verskaf die grondstowwe en, deur die resepte van klassieke toerisme te gebruik, droom elke administrasie daarvan om "'n groot projek" tydens sy mandaat te ontwikkel.

Die Mexikaanse president, Vicente Fox, het net nà sy bewindsoorname in 2001 'n rampspoedige inisiatief van Fonatur, die federale instansie wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van toerisme, gekies. Dit het te make met die ontginning van die "wêreld se laaste akwarium" in Onder-Kalifornië, 'n streek met 'n unieke marinebiodiversiteit, en voortplantingsgebied van die grys walvis en die walvishaai. Op hierdie 244 eilande (9) wat uiters sensitief is vir klankbesoedeling en chemiese besoedeling, wil die Mer de Cortès-projek Amerikaanse seiljagte lok en 24 marinas bou wat 50 000 private vaartuie kan huisves. Teen 2014 word daar vyf miljoen toeriste verwag.

Private beleggers het vrye teuels: die Paraíso del Mar (Seeparadys) projek het afgeskop sonder dat die nodige magtigings verkry is en sonder 'n volledige impakstudie. Dit voorsien die konstruksie van 1 500 villas, 2 000 hotelkamers, twee gholfbane, 'n winkelsentrum, 'n park met ontspanningsgeriewe en twee privaat hospitale op 500 hektaar vir 'n beleggingsbedrag wat geraam word op 900 miljoen dollar. In reaksie op beleggers se konkelary (konstruksie van paaie sonder magtiging, vernietiging van wortelbome…), het Unesco onlangs die eilande van die Golf van Kalifornië, wat veronderstel is om sedert 1978 deur Mexiko beskerm te word, tot Wêrelderfenisgebied verklaar. Dit is veelseggend dat nóg die staatsgoewerneur, mnr. Narciso Agundez, nóg die burgemeester van La Paz, mnr.Victor Castro Cosio, Unesco se amptelike seremonie bygewoon het vir die verklaring van die terrein op 23 Augustus 2005, terwyl beide die bouterrrein van Paraíso del Mar sogenaamd ingewy het. "Unesco sal hoegenaamd niks kan reguleer betreffende toerisme nie, dit het nie die vermoë nie", betreur mnr. Gonzalo Halffter, deskundige van die organisasie wat slegs kan intree as 'n regering hom versoek, en dit is nie die geval met die Staat van Mexiko nie. Andersyds het 'n netwerk van plaaslike verenigings, Ciudadanos Preocupados AC, hierdie projekte in die hof beveg weens "impakstudies wat die teenwoordigheid van walvisse of wortelbome vergeet". Volgens hierdie netwerk, "word die maatskaplike raamwerk ontken en is plaaslike ontwikkeling allesbehalwe 'n prioriteit".

Honduras pas ook "ekotoerisme" toe op een van die pragtigste dele van die Karibiese kus by die ingang van die nasionale Jeanette Kawas-park, land van die Garifunas, 'n Afro-Kreoolse bevolking wat sedert 1880 hier gesetel is. Langs die kus het die land reeds sy eilande aan die Amerikaners "verkoop" vir die duikbedryf – rondom Roatán waar daar Engels gepraat word en in dollar betaal word – en sy landbougrond vir pynappels van die Amerikaanse maatskappy United Fruit (wat in 1990 die Chiquita Brands Company geword het). Die regering van Tegucigalpa het tot nou toe vergeet van hierdie palmomsoomde kusgebied.

In die praktiese naam van "nasionale belang", het die Instituut van Toerisme van Honduras eenvoudig 'n kusgebied van 300 hektaar onteien, sonder om die Garifunas te vergoed. In 2004 het dit hierdie landstrook vir 19 miljoen dollar aan 'n private maatskappy verkoop wat saamgestel is om die groot Micos Beach & Golf Resort te realiseer. Hierdie naam het bowendien emosie ontlok by meer as een Garifuna. "In ons taal beteken micos aap en hier was nog ooit ape nie. Vir hulle is ons, die Garifunas, die enigste ape op die strand!", verduidelik die jong Alex Podilla, president van Pelican Café, 'n vereniging vir die bevordering van die Garifuna-kultuur. Dus geen ape nie, maar 'n gholfbaan van 25 hektaar, 2 000 hotelkamers, 170 villas, 'n konferensiesentrum, 'n marina, ens. Al is die nasionale park wel die hoofaantrekkingskrag waar "verskeie aktiwiteite" sal plaasvind, het "die Garifunas se danse en musiek ook 'n groot aantrekkingskrag" volgens die promotors. Word die boerplek vir seksuele toerisme ("table dance" in Sentraal-Amerika) ook reeds beplan?

In hierdie drie groot projekte – El Mirador, Mar de Cortès et Micos Beach – word die natuur uitgebuit en verkoop, net soos die manjifieke baai van Acapulco 40 jaar gelede. Die metodes wat aangewend word, het kwalik verander: korrupsie van die owerhede, beperkte inligting, belaglike of geen skadevergoeding nie vir grond, deurlopende ontkenning van die ekologiese en maatskaplike gevolge. 'n Mens vind deurentyd dieselfde promotors en beleggers (ook genoem die "prêriewolwe van toerisme" vir die aankoop van grond teen 'n lae prys) op soek na die laaste ongerepte juwele van die planeet.

Dit is baie ver van die verbintenisse wat die Wêreldorganisasie vir Toerisme en state onderneem met sy Wêreldkode vir Toerisme-Etiek en met die Verklaring van Quebec rakende ekotoerisme (10). En dit is ligjare verwyder van die ware definisie van ekotoerisme. Onder die dekmantel van bewaring (eg of nie) lei hierdie benaming tot vinniger privatisering van natuurlike hulpbronne as wat klassieke toerisme toegelaat het. Projekte vertoon soms ekologiese beplanning en ontwikkeling, maar almal vereis waarborge vir die eienaarskap van grond en stoot plaaslike inwoners weg.

Die plaaslike gemeenskap verloor sy grond, sy visvanggebied of sy waterbron, dit wil sê, alles wat dit vir hom moontlik maak om te oorleef. Soms beland federale gebiede (strande, rivieroewers, woude) in private besit deur middel van kommerwekkende, onwettige truuks. Om die waarheid te sê, hierdie

programme reserveer die laaste walvisse, die oorblywende ceibas (embleem-boom van Guatemala) of die meer van die Garifunas vir die rykstes, hulle wat juis die meeste tot die vernietiging daarvan bygedra het. Dit word dus normaal om te betaal, en om toenemend meer te betaal, om 'n bewaarde natuurskoon te geniet. El Mirador steun op Europese toerisme (meer beskaaf), terwyl Mar de Cortès en Micos Beach "pasgemaak" is vir Amerikaners.

Die bedrieglike gebruik van die benaming ekotoerisme word nietemin nouliks veroordeel. Ekotoerisme geniet oor die algemeen 'n positiewe beeld, en die ontwikkeling daarvan is ter sake. Dit wil voorkom of dit selfs 'n wondermiddel geword het vir internasionale ontwikkelingsagentskappe. In Sentraal-Amerika en in Mexiko het agentskappe van die VNO (11), finansieringsorganisasies (IDB, Wêreldbank, United States Agency for International Development [USAID] en die Europese Unie) verskeie projekte wat vir plaaslike gemeenskappe beplan word. Hulle regverdig die voordele van hierdie beleid in die naam van die skepping van 'n plaaslike ekonomie, van professionele opleiding en van inwoners se bewuswording van hulle natuurlike en kulturele erfenis. 'n Formule wat in sy geheel byna perfek is en wat voldoen aan die noodsaaklikheid om die waarde van 'n erfenis te erken en die bewaring daarvan terselfdertyd te verseker.

Organisasies soos die nieregeringsorganisasie (NRO) International Conservation en die IDB, wat desondanks skerp gekritiseer is vir die beleide wat hulle in die streek deurgevoer het, het nietemin klein toerismeprojekte in die 1990's geloods wat 100 % gerig is op gemeenskappe en waarby inwoners die ware behoud van die milieu verseker, gefinansier deur wins wat uit toerisme verkry word.

In die projekte van die Verenigde Nasies se Program vir die Omgewing (UNEP), verduidelik mnr. Diego Masera, ampsdraer binne hierdie organisasie vir toerisme in die VSA, "is die deelname van die gemeenskap die dryfkrag van die bewaringsproses en geen toerisme-aktiwiteit vind plaas sonder die bevolking nie". Daarteenoor, aan state se kant, skep die begrip van "gemeenskap", dit wil sê die skepping en bestuur van die projek deur die inwoners, 'n nuwe probleem. 'n Georganiseerde gemeenskap wat juis bewus is van die waarde van sy natuurlike hulpbronne, is minder geneig om sy grond teen 'n lae prys te verkoop of sy waterbron of waterval te privatiseer.

In die Chiapas is die ekotoerismeprojekte wat deur die regerings (plaaslik en federaal) op tou gesit is, nie op die gemeenskapsmodel gebaseer nie, maar geneig om private, familiegerigte toerisme te bevorder. Die plaaslike regering loof ekotoerisme sonder ophou as "die oplossing vir die Chiapas se ekonomiese probleme" maar finansier reeds jare lank die swakste ekotoerismeprojekte in Mexiko. Volgens mnr. Maxime Kieffer, konsultant in hierdie sektor en wat pas in die Chiapas ondersoek ingestel het, "is die inwoners nie geraadpleeg in die voorbereidingsfase nie, die aktiwiteite en klaargemaakte betonhutte word aan hulle bekendgestel, sonder enige ekologiese aanpassings, ten einde besoedeling te beperk. Ampsdraers word nie opgelei nie, daar is geen kollektiewe bestuur nie, geen projek vir plaaslike ontwikkeling nie en geen besinning oor rommel nie." Erger nog: wanneer gemeenskappe 'n projek op hulle grond weier, voorspel die metodes wat gebruik word om hulle te oorreed, 'n somber toekoms vir die streek. Die outonome Raad van die Roberto Barrios Zapatiste-gemeenskap het daarom die intimidasie deur staatsamptenare en private beleggers wat 'n ekotoerismeprojek naby aan hulle watervalle tot stand wil bring, herhaaldelik veroordeel. Die vernaamste reg van 'n gemeenskap is die vermoë om die aankoms van besoekers op sy grond te mag weier – en dat projekte dus nie op hulle afgedwing mag word nie, selfs "al is hulle uitstekend", soos die ampsdraer vir toerisme in die Chiapas voortdurend aan die pers herhaal.

Hierdie projekte word ook deur die Europese Unie gefinansier deur middel van die Prodesis-program. Met so 'n vennoot – die regering van mnr. Pablo Salazar (PRI) wat nie juis aanbevelenswaardig is nie – steun die Unie toerismeprojekte wat met die ekologie niks te make het nie en wat op sekere punte selfs die basiese reëls van ekotoerisme oortree. In Lacanjá Chansayab se gemeenskap in Lacandon bestuur die families elkeen private projekte, sonder onderlinge samewerking met mekaar. Hulle erken dat hulle steeds hul tradisionele tuniek (13) dra, omdat die opleiers wat deur Sectur (die departement van toerisme) gestuur is, hulle verseker het dat toeriste hulle graag so wil sien.

As 'n mens die brosjures glo, is die Chiapas die koninkryk van die natuur en van vreedsaamheid. Die groen van ekotoerisme sou dus die kakie van soldate laat verdwyn, wat nooit die streek verlaat het sedert 1994 nie, datum van die Zapatistiese opstand. Kommunikasie is inderdaad uitgeslape en skyn te werk. In die plaaslike kantoor van Sectur in Tuxtla Gutierrez word daar erken dat die projekte wat op die been gebring word, nie die sleutelbeginsels van ekotoerisme respekteer nie, maar dat die konsep gebruik word in al die regering se promosiemateriaal.

Tydens sy medepresidentskap van die Tweede Internasionale Forum vir Solidêre Toerisme (IFST) in die Chiapas in Maart 2006, het Frankryk nietemin hierdie vals beeld ondersteun. Mnr. Fox, dieselfde persoon wat die vernietiging van Onder-Kalifornië voorstel, is deur mnr. Salazar ontvang as "die groot stigter van solidêre toerisme". Die ywer van die Chiapas in hierdie verband is met lofspraak van mnr. Jean-Louis Dieux, Visepresident van die Provence Alpes Cote d'Azur-streek beskryf as sou die Chiapas 'n pionier en binnekort 'n model vir solidêre toerisme wees… Terselfdertyd het die deelnemers aan die Forum wat van Afrika en Asië afkomstig is, in 'n ope brief protes uitgespreek teen die organiseerders "wat met geen gemeenskap gesprek gevoer het tydens hulle veldbesoeke nie". *'n* Bykomende bewys dat die visie wat deur die plaaslike regering versterk word, nie heeltemal dieselfde is as dié van deelnemers aan hierdie Forum nie.

Binne die IFST, net soos elders, het die redding van die benaming "ekotoerisme" 'n prioriteit geword vir netwerke, verenigings en akademici wat die konsep

verdedig. Die etiket, in besonder vir solidêre toerisme, het aanvanklik voorgekom as die duidelikste oplossing.

'n Etiket vir solidêre toerisme wat verder die besorgdheid oor die beskerming van 'n milieu waarborg, die bestuur daarvan deur die inwoners van die toerisme-projek en die herbelegging van 'n gedeelte van die wins in gemeenskaplike dienste. In Frankryk het solidêre toeroperateurs wat deesdae gegroepeer is in die Vereniging vir Regverdige en Solidêre Toerisme (ATES) die Fair Trade Labelling Organisation, Flo (14), wat werksaam is om die ketting van regverdige handel te monitor, uitgenooi om aan hierdie tema te werk. Dit is inderdaad in belang van hierdie verenigings, wat toeroperateurs geword het, om oop kaarte te speel en om hulle aksies van solidariteit en hulle etiek op die voorgrond te stel, terwyl ander agenskappe hulleself beperk tot 'n stel gedragsreëls, maar aanloklike terme soos "verantwoordelike toerisme" in hulle kommunikasie gebruik.

Sertifisering bly nietemin 'n lang, ingewikkelde en duur proses. Vir mnr. Ernest Cañada, bestuurder van die Spaanse NGO, Aksie vir Verantwoordelike Toerisme (ATR), "word kleiner projekte uitgelaat weens die koste verbonde aan sertifikasie vir die etiket." In Mexiko, byvoorbeeld, bedra die sertifikasiekoste vir die etiket van regverdige toerisme sowat 2 000 euro per jaar vir 'n organisasie van koffieprodusente. "Verder" gaan mnr. Cañada voort, "deur die koffie van multinasionale maatskapye soos Nestlé, McDonald's of Carrefour te etiketteer, het Flo 'n nuwe weg ingeslaan. Die sertifisering van ekotoerisme-aktiwiteite wat kort daarna tot kettinghotelle gaan lei, en wat in elk geval sal voortgaan om hulle werknemers se regte te skend, maak vir ons geen sin nie".

Ten einde te verhoed dat die foute in die etikettering van regverdige handel herhaal word, behoort die sertifikasiekoste nie van die projek verhaal te word nie, sodat die kleineres – die meerderheid – ook toegang tot hierdie netwerk kan hê. Maar bowenal behoort 'n etiket van solidêre, standhoudende of verantwoordelike toerisme in beginsel groot toerismegroepe buite kompetisie te laat.

Met of sonder etiket, ekotoerisme moet ophou om sy kliënte te bedrieg. Die aktiwiteit is nie 'n universele oplossing wat oral toegepas kan word nie: dit is nie moontlik om alle volke wat naby argeologiese terreine of 'n reënwoud woon, in "gidse" te omskep onder die voorwendsel van bewaring of maatskaplike ontwikkeling nie. Die regering van die Chiapas beplan op gevaarlike wyse vir die toekoms deur so vinnig en so swak op "ekotoerisme" te vertrou. En net soos wat regverdige handel nie die koffiekrisis in die streek opgelos het nie, gaan 'n "verbasterde" ekotoerisme nie veel doen om armoede te beveg nie.

---

1. Die Universiteit van Kalifornië, die National Geography Society, Counterpart International, en ook The Global Heritage Fund.
2. In die Chiapas het die organisasie Maderas del Pueblo meermale programme van bio-rowery onder die dekmantel van ekotoerisme veroordeel. Hierdie aanklagte is nie bewys nie, maar geen ernstige ondersoek is deur die owerhede onderneem nie.
3. Forest Stewardship Council (FSC) is 'n NRO wat sedert 1993 eienaars van woude saamgroepeer, maatskappye betrokke by die houtbedryf, maatskaplike groepe en ekologiese verenigings. Die FSC-etiket is gebaseer op 10 beginsels en 56 kriteria, met 'n kontrole wat deur onafhanklike sertifiseringsmaatskappye gedoen word.
4. Die Puebla Panama Plan is 'n "ontwikkelingsplan" wat veronderstel is om infrastrukture te skep (paaie, hawens, damwalle, ens.) vir die vestiging van ekonomiese aktiwiteite (fabrieke, myne, ens.) vanaf Panama tot by die staat van Puebla in Mexiko. Lees Braulio Moro, "Une recolonisation nommée Plan Puebla Panama", *Le Monde diplomatique*, Desember 2002.
5. Dokumente van die BID, projekte Tourisme, Plan Puebla Panama. http://www.iadb.org/ppp
6. Lees die dossier van die Guatemaalse NRO, Tropico verde, op sy webwerf (*Qué es el proyecto Mundo Maya ?*), http://www.tropicoverde.org
7. Verklaring van die Galapagos-eilande (2002), Iberiese Amerikaanse en Karibiese spitsberaad van 20 Ministers van Toerisme en Omgewingsake (Ecuador). Verbintenisse wat deur dieselfde amptenare teruggetrek is in September 2004 tydens die tweede spitsberaad van Rio Amazonas (Brasilië).
8. Die ander sektore bestaan uit kulturele toerisme, saketoerisme, plesiervaarte, avontuur-aktiwiteite en Ekotoerisme. Bron: Sectur (Mexikaanse Departement van Toerisme), Mexiko: *Proyectos en desarrollo*, 2005.
9. Volgens Unesco huisves hierdie eilande die rykste marinebiodiversiteit: 891 vissoorte, 695 waterplantspesies en een-derde van Setaseë.
10. Die Verklaring van Quebec, aangeneem in Mei 2002, na afloop van die Internasionale Jaar vir ekotoerisme in 2001.
11. Internasionale Arbeidsorganisasie (ILO), Ontwikkelingsprogram van die Verenigde Nasies (UNDP), Omgewingsprogram van die Verenigde Nasies (UNEP), Wêreld Toerismeorganisasie (WTO).
12. Die meerderheid projekte raak landelike gemeenskappe, waar inheemse inwoners gevestig is in beskermde omgewings wat deur nasionale of internasionale wetgewing beskerm word (die reserwes van Unesco se Biosfeer, die Meso-Amerikaanse biologiese korridor…).
13. Die Lacandonas is nie die oorspronklike volk van die Lacandona-woud nie, selfs al "verkoop" die regering hierdie vals identiteit. Hierdie Maya-bevolking kom oorspronklik van die Yucatan-skiereiland.
14. Die Fair Trade Labelling Organisasie het in 1997 tot stand gekom om sowat twintig verenigings vir regverdige handel regoor die wêreld te groepeer (waaronder Max Havelaar). In 2004 het Flo-Cert 548 koöperasies gesertifiseer, www.fairtrade.net.

Ofskoon president Thabo Mbeki aan die einde van Junie die voorgestelde wetswysigings betreffende die onafhanklikheid van die regbank voorlopig gestuit het, wil dit nie sê dit gaan nie gebeur nie. Daarom plaas *Die Vrye Afrikaan* in hierdie dossier – "Die onafhanklikheid van die regbank" – twee artikels deur 'n regter, Eberhard Bertelsman, en 'n politieke wetenskaplike, Pieter Labuschagne, wat 'n netjiese rekord van die omvang van die voorgestelde wysigings gee. Die dossier word ingelei deur die regsfilosoof, Koos Malan, se verduideliking van waarom die regbank polities selfs in die beste demokrasie allesbehalwe onafhanklik is.

Die regbank:
hoe onafhanklik en doeltreffend?

DIE ANDER ARTIKELS IN HIERDIE DOSSIER HANDEL KUNDIG MET DIE ONLANGSE POLEMIEK RONDOM DIE REGERING SE HOUDING JEENS DIE REGBANK EN DIE DREIGENDE MOONTLIKHEID VAN INKORTING VAN DIE ONAFHANKLIKHEID VAN DIE HOWE EN DIE AANTASTING VAN DIE STATUS VAN REGSPREKERS.

Deur Koos Malan[*]

Daarom handel hierdie bydrae nie regstreeks oor dié tema nie, maar handel dit oor 'n verbandhoudende kwessie, naamlik die belangrikheid van die rol van die regbank in 'n grondwetlike demokrasie, die trefwydte van die regbank se onafhanklikheid, en die mate waarin die onafhanklike regbank daartoe in staat is om die parlement en die uitvoerende gesag tot orde te roep en sy stempel rigtinggewend op die openbare orde af te druk.

Konstitusionalisme

Konstitusionalisme impliseer in wese *beperkte regering*, dit wil sê dat politieke maghebbers deur 'n stel beperkende maatreëls aan bande gelê en tot reëlmatige en voorspelbare optrede verbind word. Daar is talle maatreëls vir beperkte regering beskikbaar. Daaronder tel territoriale en funksionele federalisme, waardeur wetgewende en uitvoerende mag geografies of funksioneel verdeel word, minderheidsregte en in die besonder die reservering van sekere instellings vir minderheidsgemeenskappe, magsdeling op uitvoerende vlak, konsosiatiewe demokrasie, wat voorsiening maak vir 'n grondwetlik voorsiene koalisieregering wat die samestellende gemeenskappe van die staat verteenwoordig, en 'n verskanste oftewel moeilik wysigbare Grondwet wat die staatsgesag tussen die wetgewer, die uitvoerende gesag en die regbank verdeel en wat fundamentele regte bevat wat deur die howe bereg en afgedwing word. Demokratiese politiek en die gepaardgaande risiko vir 'n regering om uit die kussings gelig te word, is natuurlik op sigself een van die doeltreffendste waarborge van konstitusionalisme.

[*] *Medeprofessor in regte aan die Universiteit van Pretoria*

Vertroue in die regbank

Gedurende die grondwetlike onderhandelings vanaf 1990 tot 1996 is federalisme, minderheidsregte en konsosiasie verwerp. Daarbenewens was dit lank reeds duidelik dat die ANC nie oortuigend by die stembus uitgedaag kan word nie. Uiteindelik is alle vertroue dus geplaas op die onafhanklike regbank wat die verskanste Grondwet met sy fundamentele regte moes bereg. Dié meganisme is onvermoeid gepropageer en gepopulariseer en deur 'n feitelik eenstemmige korps van politici en politieke kommentators as die waterdigte strategie van konstitusionalisme en regsbeskerming besing. Dit het in beduidende mate tot die indruk bygedra dat die howe 'n kardinaal belangrike rolspeler in die politiek is. Hierdeur het die verreikende mag van die onafhanklike regbank sedertdien een van die sentrale mites van die huidige grondwetlike orde geword. In die lig hiervan is die ander meganismes van konstitusionalisme sedertdien geïgnoreer of beslis as onvanpas en oorbodig afgewys. Die mite van die mag van die howe het gepaard gegaan met 'n versuim om die beperkings van hierdie meganisme te probeer begryp – dit in weerwil daarvan dat die kwessie deeglik nagevors en dus nie onbekend is nie.

Onafhanklikheid

Die konsep van *onafhanklikheid* – nie net van die howe nie – het ongekende belangrikheid in Suid-Afrika se politieke diskoers verwerf. Wat word egter met die onafhanklikheid van die regsprekende gesag bedoel, en wat is aan die ander kant nie by die onafhanklikheid van die regbank inbegrepe nie? Onafhanklikheid van die regbank hou wesenlik in dat: niemand anders behalwe regsprekers self die funksie van regspraak mag behartig nie; niemand, veral nie lede van die uitvoerende gesag of die wetgewer, aan regsprekers mag voorskryf of hulle mag beïnvloed in die uitvoering van die regsprekende funksie nie; daar sekerheid met betrekking tot posbekleding en besoldiging moet wees en dat regsprekers gevolglik nie afgedank, gedemoveer of met 'n verlaagde besoldiging getref mag word byvoorbeeld in die geval van 'n uitspraak teen die

regering nie; regsprekende personeel oorwegend self reëlings met betrekking tot die toedeling van sake en die reël van hofrolle sal tref; en dat die dissiplinering van regsprekende personeel vir wangedrag grotendeels (ofskoon nie noodwendig geheel en al nie) deur die regbank self gehanteer moet word.

Onafhanklikheid van die regbank gaan egter beswaarlik verder as dit. In die besonder is die regbank allermins die "amptelike opposisie" van die een of ander aard van die regering van die dag. Trouens, die regbank is in die laaste instansie 'n vertakking van een en dieselfde magselite wat in die wetgewer en die uitvoerende gesag die botoon voer. Die regbank onderskei sigself daarin dat dit 'n gespesialiseerde sektor van daardie toonaangewende magselite is. Dit is weliswaar so dat die regbank kort na 'n regeringsoorgang weens die feit dat regters nie sonder meer ontslaan en vervang kan word nie, nie in pas met die (nuwe) regerende elite in die ander twee takke van staatsgesag is nie. Weens die feit dat die politieke maghebbers egter altyd die beslissende sê oor die aanstelling van regsprekers het, kom die regbank egter spoedig in pas met die wetgewer en die uitvoerende gesag namate nuwe aanstellings gedoen word. Die deurlugtige Amerikaanse politieke wetenskaplike, Robert Dahl, se opmerkings oor die Amerikaanse Hooggeregshof is allerweë – ook op Suid-Afrika – van toepassing. Dahl merk op: "Except for short-lived transitional periods when the old alliance is disintegrating and the new one is struggling to take control of political institutions, the Supreme Court is inevitably a part of the dominant national alliance. As an element of the political leadership of the dominant alliance, the court of course supports the major policies of the alliance."

Wat die regbank betref, ondergaan Suid-Afrika na 1994 'n soortgelyke oorgangsperiode. Hier neem dit egter veel langer om die oorgang te voltrek vanweë die feit dat daar voor 1994 bykans geen regters vanuit die ANC-dampkring op die regbank was nie. Die transformasie van die regbank, om te verseker dat die profiel en die denke daarvan oor die algemeen met dié van die politieke bewindhebbers klop, geskied soms met 'n verlies aan gehalte. Soms word dit kru gepropageer en deurgevoer. Die proses en die oogmerke daarvan is egter nóg abnormaal, nóg buitengewoon. Dit klop met die rol van regbanke in alle demokrasieë en met die veranderings wat regbanke moet ondergaan ten einde hulle breedweg deel van die politieke magselite te maak en met die politieke aannames van dié magselite in pas te bring. Baie van die huidige ontsteltenis oor die transformasie van die regbank is toeskryfbaar aan 'n algeheel onrealistiese beskouing oor wat onafhanklikheid van die regbank behels, wat gedurende die grondwetlike onderhandelings opgetower en daarna wyd gepropageer is.

Doeltreffendheid

Weens sy rol as mees gesaghebbende toepasser en beregter van die *soewereine* Grondwet beskik die regbank natuurlik inderdaad oor die grondwetlike bevoegdheid om die regering tot orde te roep en deur sy uitsprake tot bepaalde optrede te probeer verplig. Die vermoë van die howe om dit te doen, is egter om minstens drie redes inherent beperk.

Eerstens, ofskoon die howe enersyds oor 'n grondwetlik voorsiene onafhanklikheid beskik, word dit andersyds deur 'n meer fundamentele *afhanklikheid* aan bande gelê. Dit is in die besonder van die uitvoerende gesag afhanklik om hofbevele uit te voer. Indien die uitvoerende gesag weier om dit te doen, of meer subtiel net swygsaam versuim om aan 'n bevel en aan die implikasies daarvan uitvoering te gee, is daar niks wat die howe daaraan kan doen nie. Ons kan vandag niks beter doen om hierdie basiese waarheid te onderstreep as om Alexander Hamilton se woorde in *Federalist Paper* No. 78 aan te haal nie: "The judiciary, on the contrary, has no influence over either the sword or the purse; no direction either of the strength or of the wealth of the society; and can take no active resolution whatever. It may truly be said to have neither FORCE nor WILL, but merely judgment; and must ultimately depend upon the aid of the executive arm even for the efficacy of its judgments."

Hedendaagse Grondwette – ook die huidige Suid-Afrikaanse Grondwet – weerspieël 'n skerp bewussyn van hierdie *afhanklikheid* van die howe deur voor te skryf dat die ander takke van staatsgesag die onafhanklikheid en doeltreffendheid van die howe moet bevorder. In die lig van die inherente swakheid van die regbank is so 'n bepaling natuurlik begryplik en noodsaaklik. Dis natuurlik vanselfsprekend dat die howe, wat juis van die onderskraging van die ander takke van staatsgesag afhanklik is, nie oor die vermoë beskik om dié onderskraging af te dwing nie. Juis vanweë die onafdwingbaarheid daarvan, is sulke (noodsaaklike) bepalings egter nouliks meer as 'n versugting.

Tweedens, in 'n demokrasie het politieke posbekleërs hulle legitimiteit aan populêre instemming te danke. Regsprekers aan die ander kant is nie verkies nie en kan nie uitgestem word nie. Juis daarom is daar 'n verpligting op die regbank om met nougesette selfbeheersing op te tree wanneer dit kom by die beoordeling van die handelinge van wetgewer en die uitvoerende gesag wat deur die kiesers daargestel is. As onverkose ampsbekleërs moet regsprekers skerp daarop bedag wees om nie die wil van die meerderheid te geredelik te frustreer nie. Daarmee loop hulle gevaar om aan legitimiteit in te boet en die ondersteuning van die wetgewer en uitvoerende gesag, waarvan hulle so afhanklik is, te verbeur. Judisiële selfbeheersing (*judicial restraint*) met betrekking tot die besluite en handelinge van die populêr ondersteunde wetgewer en uitvoerende gesag is daarom goedgevestigde oriëntasie (indien nie 'n volskaalse regsbeginsel nie) waarby enige wyse regbank nougeset hou. Dit – judisiële selfbeheersing – is die voorwaarde vir die voortgesette funksionering van die regbank, maar het tegelyk die effek om die regbank beduidend aan bande te lê. Dis presies om hierdie rede dat die regbank nie daartoe in staat is en dit trouens ook nie van howe verwag kan word om 'n politieke program wat die wetgewer van belang ag, te ontwrig nie.

Derdens, as deel van dieselfde magselite (na die

afhandeling van oorgangsfases wat volg op ’n politieke magsverskuiwing) is die uitsprake van howe oor die algemeen in pas met die denke en oortuigings van die toonaangewende regerende elite. Dit beteken nie dat howe nie uitsprake teen die regering sal gee nie. Sulke uitsprake val egter gewoonlik binne die raamwerk van die aannames wat binne die regerende elite heers. Soos Dahl dit stel: “It follows that within the somewhat narrow limits set by the basic policy goals of the dominant alliance, the Court can make national policy. Its discretion, then, is not unlike that of a powerful committee chairman in Congress who cannot, generally speaking, nullify the basis policies substantially agreed on by the rest of the dominant leadership, but who can, within these limits often determine important questions of timing, effectiveness and subordinate policy.”

Daar kan in ruime mate op verdere beperkings buiten die waarna kortliks hier verwys is, uitgebrei word. Dié wat egter wel aangeraak is, is genoeg om te beklemtoon dat ons ons nie te maklik deur die wyd gepropageerde on ongegronde leke-idees oor die onafhanklikheid en die mag van die regbank moet laat behaag nie. Die regbank – enige regbank – is ’n integrale deel van die regerende magselite en het op sy beste ’n besonder beperkte juridiese vermoë om die politieke gang van sake te beïnvloed. Die regbank – as dit bekwaam en ywerig en goed ondersteun word – funksioneer ten beste om polities niekontensieuse private geskille te bereg en vermeende misdadigers te verhoor en te bestraf. ’n Instelling wat die politieke maghebbers in sy spore stuit, is die regbank egter nie en kan dit ook nie wees nie.

Wetswysigings:
'n Regter se blik

Deur Eberhard Bertelsman[*]

1. Die "Constitution Fourteenth Amendment Bill of 2005" [slegs in Engels gepubliseer] is op 14 Desember 2005 by Algemene Kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer.
2. Die Wetsontwerp moet vir algemene kommentaar gepubliseer word, omdat dit oor 'n voorgestelde wysiging van die Grondwet, 1996, handel. Sodanige publikasie moet geskied minstens dertig dae voordat die Wetsontwerp ingedien word, soos bepaal by artikel 74(5)(a) van die Grondwet, die hoogste reg van die Republiek. Die posisie van elke regter in die land sal deur die voorgestelde wysigings geraak word.
3. Enige wysiging van die Grondwet is 'n aangeleentheid wat van groot openbare belang is, veral as dit inbreuk kan maak op die onafhanklikheid van die regbank en daarmee saam op die beskerming wat die howe aan die individu kan bied teen die misbruik van staatsmag en inbreuk op fundamentele menseregte.
4. Dit is dus onthutsend dat die kennisgewing wat openbare kommentaar vra, gepubliseer is ná die begin van die Kers- en skoolvakansie, op die vooraand van die Versoeningsdag-langnaweek en die begin van die hofreses.
5. Die *Staatskoerant* wat die Wysigingswetsontwerp bevat, is op 27 Desember 2005 deur die biblioteek van die Pretoriase Hoë Hof ontvang. Dit sou beswaarlik vroeër by enige ander hofbiblioteek kon aangekom het, gegewe dat die *Staatskoerant* in Pretoria gedruk word. Op daardie dag het die howe met slegs minimumpersoneel gewerk, 'n situasie wat tot 23 Januarie 2006 sou voortduur.
6. Die opsteller(s) van die Wetsontwerp het geweet dat dit die geval was. Desondanks, en sonder kennis aan die hoof van enige hof of die Kantoor van die Hoofregter, het die kennisgewing vereis dat kommentaar op die Wetsontwerp teen nie later nie as 15 Januarie 2006 by die Adjunkminister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling ingedien moes wees.
7. Dit is moeilik om nie die indruk te kry dat die kennisgewing bedoel het om dit so moeilik moontlik vir die breë publiek en veral verteenwoordigers van die regsprekende gesag te maak om bewus te word van die inhoud daarvan en van die keerdatum wat sou verstryk voordat die meeste regters na hulle kantore sou terugkeer nie. Dit wil voorkom of lippediens aan die Grondwet bewys is sonder om enige werklike poging aan te wend om sinvolle, oorwoë en goed opgestelde kommentaar te verkry.
8. Was dit nie vir die opmerksaamheid van die pers wat die oggend van 9 Januarie 2006 alarm gemaak het nie, is dit heel moontlik dat die poging om enige betekenisvolle reaksie te vermy, sou slaag.
9. Daar word aan die hand gedoen dat die keerdatum uitgestel word tot die einde van die eerste termyn ten einde behoorlike oorlegpleging en die opstel van oorwoë en omvattende kommentaar moontlik te maak.
10. Intussen word slegs die verwerplikste aangeleenthede behandel.

11. **Die voorgestelde wysiging van artikel 165 van die Grondwet**

12. Hierdie artikel handel oor die regsprekende gesag.
13. Daar word voorgestel dat twee subartikels, (6) en (7), tot die bestaande artikel toegevoeg word. Die nuwe subartikels bepaal dat die Hoofregter erken word as die Hoof van die Regsprekende Gesag en dat hy of sy die verantwoordelikheid het om die norme en standaarde vir die verrigting van alle regsprekende werksaamhede van alle howe te stel en te monitor.
14. Die administrasie en begroting van alle howe word opgedra aan die Kabinetslid verantwoordelik vir die regspleging.
15. 'n Soortgelyke bepaling is vervat in die "Superior Courts Bill" [slegs in Engels gepubliseer] van 2005.
16. Die administrasie van die howe het tot dusver onder toesig van die Hoofregter, die President van die Hoogste Hof van Appèl en die Regters-president gestaan. Die stelsel werk so optimaal as wat verwag kan word, gegewe die beperkinge meegebring deur die infrastruktuur en befondsing wat die Regering bereid is om aan die howe beskikbaar te stel.
17. Daar is geen klaarblyklike behoefte daaraan om die huidige stelsel te verander nie. Inteendeel, die voorgestelde veranderinge kan fundamenteel inbreuk maak op die onafhanklikheid van die regbank. Soos die voorstel tans lui, kan die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, die Adjunkminister of die Minister se gedelegeerde daarop geregtig wees om die samestelling van hofrolle en die toewysing van individuele sake aan individuele regters of individuele howe te bepaal. Dit is heel moontlik dat daar nie beoog word om so 'n stap te doen nie – maar dit is nie die punt nie. Die blote feit dat die Wetsontwerp die moontlikheid skep dat sulke toewysings in die toekoms

[*] *Regter van die Hooggeregshof. Hierdie artikel was regter Bertelsman se voorlegging in Januarie vanjaar aan die Parlementêre Portefeuljekomitee van Justisie namens die regbank aangaande die voorgestelde wetswysigings met betrekking tot die regbank*

wel gedoen kan word, maak noodwendig die wysiging verwerplik. Indien die stap ooit deur die amptenary gedoen sou word om met die toewysing van enige aangeleentheid aan enige regter in te meng, sal elke toewysing daarna verdag wees, hoe onskadelik die toewysing ook al is. Geen regter sal aan die gevolglike agterdog kan ontkom dat die regbank die lakei van die owerheid is nie.

18. Tydens die debat wat op die publikasie van die "Superior Courts Bill" gevolg het, het die Regering ontken dat die soortgelyk bewoorde bepaling in daardie wetsontwerp beoog het om die bevoegdheid om hofrolle en hofpersoneel te organiseer oor te dra aan administratiewe amptenare wat na die uitvoerende gesag se pype moet dans.

19. Indien die nuwe reëling werklik nie bedoel is om die amptenary in staat te stel om op die samestelling van hofrolle en die beheer oor howe se administratiewe personeel inbreuk te maak nie, sal dit tog besonder maklik wees om óf die uitdrukking "regterlike werksaamhede", óf die uitdrukking "die administrasie van howe", of albei, te omskryf deur alle aangeleenthede wat betrekking het op die toewysing van sake, die samestelling van hofrolle en die toewysing van individuele regters aan individuele howe of individuele rondgange, uit te sluit van die amptenare se verantwoordelikhede.

20. Daarbenewens maak die voorstel die deur oop vir die amptenary om met die daaglikse bestuur van die howe in te meng.

21. In die huidige stelsel staan dit 'n regter vry om te reël dat sy hof op enige geskikte tyd of datum sit, selfs op Saterdae, openbare vakansiedae of Sondae, indien nodig.

22. Regters reël gereeld dat aangeleenthede vroeër aangehoor word as die amptelike begintyd van die gewone hofsittings, en word dikwels gedwing om later as vieruur smiddae te sit.

23. Voorts plaas regters gereeld onafgehandelde aangeleenthede gedurende hofresesse ter rolle ten einde te voorkom dat gedingvoerendes moet wag totdat die aangeleentheid opnuut op die gewone rol geplaas kan word.

24. Al sulke besluite kan nou ongedaan gemaak word deur 'n amptenaar wat die mandaat het om die administratiewe personeel te beheer. Hy kan beveel dat personeel nie buite gewone hofure vir howe beskikbaar mag wees nie, of kan personeel die dag vry gee eerder as om 'n regter wat die administratiewe steun in sy hof nodig het, by te staan.

25. Die implikasies van so 'n botsing is voor die hand liggend.

26. Die onafhanklikheid van die regbank sal dan ondermyn word deur die hof die administratiewe rugsteun waarop hy grondwetlik geregtig is, te ontsê.

27. Indien dit nie is wat die opstellers van die Wetsontwerp in gedagte het nie, sal dit maklik wees om dit te stel in taal wat heeltemal ondubbelsinnig is. 'n Sambreelbevoegdheid wat aan die Minister verleen word om met die samestelling van howe en die toewysing van aangeleenthede aan individuele regters te handel, sal ongrondwetlik wees.

Die wysiging van artikel 167(3) van die Grondwet

28. Dit is 'n ope vraag of die afgradering waaraan die Hoogste Hof van Appèl onderwerp word deur die Grondwetlike Hof amptelik tot die hoogste hof in die land te verklaar, wenslik is.

29. Ondergetekende is nie versoek om op dié kwessie kommentaar te lewer nie.

Die wysiging van artikel 172 van die Grondwet

30. Dit is die verwerplikste aspek van die Wetsontwerp.

31. Artikel 172 lui soos volg:

"**172. Bevoegdhede van howe in grondwetlike aangeleenthede.**

(1) Wanneer 'n hof 'n grondwetlike aangeleentheid binne sy bevoegdheid beslis—

(a) moet die hof verklaar dat enige regsvoorskrif of optrede wat met die Grondwet onbestaanbaar is, ongeldig is in die mate waarin dit onbestaanbaar is; en

(b) kan die hof enige bevel gee wat regverdig en billik is, met inbegrip van—

(i) 'n bevel wat die terugwerkendheid van die ongeldigverklaring beperk; en

(ii) 'n bevel wat die ongeldigverklaring vir enige tydperk en op enige voorwaardes opskort ten einde die bevoegde gesag toe te laat om die gebrek reg te stel.

(2)*(a)* Die Hoogste Hof van Appèl, 'n Hoë Hof of 'n hof met soortgelyke status kan 'n bevel gee oor die grondwetlike geldigheid van 'n Parlementswet, 'n provinsiale Wet of enige optrede van die President, maar 'n bevel van grondwetlike ongeldigheid is nie van krag tensy dit deur die Konstitusionele Hof bevestig word nie.

(b) 'n Hof wat 'n bevel van grondwetlike ongeldigheid gee, kan 'n tydelike interdik of ander tydelike verligting aan 'n party verleen, of kan die verrigtinge verdaag, hangende 'n beslissing van die Konstitusionele Hof oor die geldigheid van genoemde Wet of optrede.

(c) Nasionale wetgewing moet voorsiening maak vir die verwysing van 'n bevel van grondwetlike ongeldigheid na die Konstitusionele Hof.

(d) Enige persoon of staatsorgaan met 'n voldoende belang kan regstreeks appelleer na, of regstreeks aansoek doen by, die Konstitusionele Hof om 'n bevel van grondwetlike ongeldigheid deur 'n hof ingevolge hierdie subartikel, te bevestig of te verander."

32. Die Wetsontwerp beoog om 'n subartikel (3) hierby te voeg, wat soos volg lui:

"(3) Despite any provision of this Constitution, no court may hear a matter dealing with a suspension of, or make an order suspending, the commencement of an Act of Parliament or a provincial Act." ["Ondanks enige bepaling van hierdie Grondwet mag geen hof 'n aangeleentheid verhoor wat handel oor 'n opskorting van, of 'n bevel gee tot opskorting van, die inwerkingtreding van 'n Parlementswet of 'n provinsiale Wet nie." *(Ons vertaling – Red.)*]

33. Die werklike en onmiddellike gevaar wat

hierdie bepaling vir die onafhanklikheid van die regbank skep, blyk direk. Dit skep (en herstel!) parlementêre oppergesag ten opsigte van 'n aangeleentheid wat tans ongetwyfeld binne die toesighoudende bevoegdheid van die howe val.

34. Hoewel die voorstanders van die Wetsontwerp vermoedelik sal aanvoer dat die hof se bevoegdheid om 'n wet ongrondwetlik te verklaar en tussentydse interdikte of ander bevele toe te staan ten einde te voorkom dat nadeel ontstaan hangende bevestiging deur die Grondwetlike Hof van die verklaring van grondwetlike ongeldigheid, nie verwyder is nie, is dit duidelik dat die onvermoë om die inwerkingtreding te voorkom van 'n Wet wat fundamenteel ongrondwetlik is, hierdie bevoegdheid in aansienlike mate aantas. Nie alle aangeleenthede – selfs van grondwetlike aard – kan as 'n saak van dringendheid afgehandel word nie. Tussentydse bevele kan ook op appèl geneem word en dus opgeskort word terwyl die appèl daarteen hangende is.

35. Growwe menseregteskendings kan dus begaan word deur 'n wet in te voer – byvoorbeeld een wat bepaal dat die verskaffing van antiretrovirale middels aan MIV-lyers bo die ouderdom van 65 gestaak word. So 'n wet, as dit eers deur die Parlement aangeneem is, sal dan regskrag verkry totdat dit deur 'n bevoegde hof ongrondwetlik verklaar is. Dié proses kan jare duur, soos reeds by herhaling geblyk het sedert die gedingvoering wat gevolg het op die inwerkingtreding van die Wet op die Suid-Afrikaanse Regulerende Owerheid vir Medisyne en Mediese Toestelle 132 van 1998, wat in die finale instansie gerapporteer is as *Pharmaceutical Manufactures Association of South Africa and Another: in re ex parte President of the Republic of South Africa and Others* 2000 (2) SA 674 (KH). Hangende die finale verklaring van grondwetlike ongeldigheid, hoe vanselfsprekend dit ook al was van die oomblik toe die wet afgekondig is, kan onherstelbare nadeel veroorsaak word aan duisende mense omdat die howe nie die bevoegdheid gehad het om die afkondiging van 'n wet te voorkom wat klaarblyklik ongrondwetlik was nie.

36. Hierdie bepaling verteenwoordig dus dieselfde gevare vir die oppergesag van die reg as die veiligheidswette van die apartheidsera. Deur die howe selfs in hierdie beperkte mate te ontmagtig, word parlementêre oppergesag in al sy aakligheid herstel, al is dit onderworpe aan eventuele ongeldigverklaring van watter besmette vrugte die nuwe bepaling ook al voortbring. As hierdie bepaling ingevoer word, kan verdere stappe weldra volg, byvoorbeeld: "Geen wet mag op grondwetlike gronde betwis word nie, tensy ses maande sedert die inwerkingtreding daarvan verloop het ..."

37. Dit is moeilik om te begryp waarom 'n regering wat op sy demokratiese wortels, erfenis en geskiedenis roem, 'n wysiging wat so omstrede soos dié een is, wil aanbring aan wat wêreldwyd as 'n werklik demokratiese Grondwet geloof is. Die beoogde wysiging van artikel 172 van die Grondwet verteenwoordig 'n baie wesenlike gevaar dat die eerste stap, al is dit klein, weg van 'n grondwetlike bedeling gedoen sal word.

Die wysiging moet sonder meer verwerp word.

Die wysiging van artikel 175 van die Grondwet

38. Die voorgestelde wysiging verander die manier waarop waarnemende regters van die Grondwetlike Hof aangestel word. Dit is 'n berekende klap in die gesig van die Hoofregter en verteenwoordig 'n verdere stap in die rigting van outoritarisme. Tans kan geen waarnemende regter deur die President in die Grondwetlike Hof aangestel word nie, tensy daardie persoon aanbeveel is deur die Kabinetslid verantwoordelik vir die regspleging, **HANDELENDE MET DIE INSTEMMING VAN DIE HOOF-REGTER**.

39. Die voorgestelde wysiging sal die President daarop geregtig maak om 'n waarnemende Adjunkhoofregter, 'n regter van die Grondwetlike Hof of Adjunkpresident van die Hoogste Hof van Appèl en adjunk-regters-president van enige afdeling van die Hoë Hof aan te stel op aanbeveling van genoemde Kabinetslid **NÁ OORLEGPLEGING** met die Hoofregter.

40. Die implikasie is duidelik: **Die uitvoerende gesag wil die bevoegdheid hê om 'n beswaar deur die Hoofregter teen 'n aanstelling in onder meer die hoogste howe van die land tersyde te stel. Daar moet in gedagte gehou word dat diegene wat in die Grondwetlike Hof aangestel word, nie eens regters hoef te wees nie – hulle kan politieke kornuite wees.**

41. Die voorgestelde wysiging is klaarblyklik aanstootlik. Dit is ongemotiveerd en minag die hoogste regterlike amp.

Dit moet sonder meer verwerp word.

Eerste lagie van regstaat afgeskil

DIE DEPARTMENT VAN JUSTISIE SE PUBLIKASIE VIR KOMMENTAAR VAN DIE VEERTIENDE WYSIGINGSWETSONTWERP VAN DIE GRONDWET VAN 2005 HET NEGATIEWE KOMMENTAAR EN VERWERPING VANUIT VERSKILLENDE AFDELINGS VAN DIE REGSPROFESSIE, STAATSREGDESKUNDIGES EN DIE GEMEENSKAP VAN POLITIEKE WETENSKAPPE ONTKETEN.

Deur Pieter Labuschagne[*]

Die Grondwetlike Hof het in sy sertifiseringsbeslissing inderwaarheid bevestig dat die 1996-Grondwet wel voldoen aan die grondwetlike vereiste van skeiding tussen die wetgewende, uitvoerende en regsplegende gesag, met genoegsame remme en teenwigte om verantwoordingspligtigheid te verseker. Dit is hierdie grondwetlike vereiste (wat magsverdeling voorgeskryf het) wat deur die voorgestelde wysigings verander kan word.

Die 1996-Grondwet stel dit nie eksplisiet dat die magverdelingsbeginsel inherent in die Grondwet vasgelê is nie. Maar in breë trekke veronderstel die struktuur in bepaling 43 noodwendig die skeiding van magte deur die wetgewende mag (a 43) aan die Parlement, die uitvoerende mag (a 85) aan die President en die Kabinet en die regspraak (a 165) aan die regbank toe te wys. Hierdie toedeling konstitueer die primêre toewysing van gesag aan die drie belangrikste terreine van regering en dui derhalwe daarop dat die Grondwet deduktief voorsiening maak vir die skeiding van magte.

Sedert sy ontstaan het die Grondwetlike Hof 'n kritiek belangrike rol (funksioneel en struktureel) vervul deur die lewensvatbaarheid van die magverdelingsbeginsel te verseker. In weerwil van die feit dat die opstellers van die Grondwet ingestem het tot die swakste vorm van magskeiding (samesmelting tussen die wetgewende en uitvoerende gesag), was die Grondwetlike Hof se hantering van gevalle wat die skeiding van magte raak, uitmuntend.

Parlementêre stelsels word gekenmerk deur samesmelting van gesag (met ander woorde: deur die eenwording van die uitvoerende en wetgewende takke, wat lei tot die oorvleueling van persone wat in die uitvoerende en wetgewende takke dien).

Die versmelte parlementêre stelsel skep 'n sterk gesentraliseerde instelling, en slegs die regbank kan die verdeling van institusionele mag balanseer. As die regbank se gesag bedreig word of uitrafel, sal die beheer en dominansie van die politieke stelsel na die uitvoerende tak oorgedra word.

Enige poging om die rol van regbank, en veral van die Grondwetlike Hof te verskraal, sal fineste gevolge vir die soewereiniteit van die reg en die voortgesette bestaan van 'n *rechstaat* in ons land hê. Enige sodanige stap sal bydra tot die opkoms van 'n dominante parlementêre stelsel wat die grondwetlike staat en bygevolg die soewereiniteit van die regbank laag vir laag sal afskil.

Uit die voorgestelde agt wysigings gaan aandag geskenk word aan die drie wat op die een of ander wyse die status, onafhanklikheid en funksies van die regbank en die verdeling van gesag kan aantas. Die grootste kwelling lê daarin dat die voorgestelde wysigings van geregtelike mag die outonomie en institusionele status van die regbank teenoor dié van die uitvoerende owerheid sal ondermyn.

6.1 Wysigings aan artikel 165 van die Grondwet

Die eerste voorgestelde wysiging aan die Grondwet is artikel 165, wat die toedeling van die regsplegende gesag in Suid-Afrika beheer.

Teenswoordig bepaal die Grondwet dat die regsprekende gesag van die Republiek gesetel is in die howe (artikel 165 (1)), wat onafhanklik en slegs aan die wet (artikel 165 (2)) ondergeskik is. Die volgende sub-artikel (artikel 165 (3)) is 'n baie kragtige sub-artikel en stipuleer dat geen persoon of staatsorgaan met die funksionering van die regbank mag inmeng nie.

Hierbenewens plaas artikel 165 (4) 'n regstreekse verpligting en 'n daadwerklike verantwoordelikheid op die wetgewende en uitvoerende organe van die staat om die howe by te staan en te beskerm deur hulle onafhanklikheid, onpartydigheid, waardigheid, toeganklikheid en doeltreffendheid te verseker.

Soos hierbo uiteengesit is, voeg die voorgestelde wetswysiging van artikel 165 addisionele sub-artikels tot artikel 165 by. Die Departement van Justisie beoog om sub-artikel (6) en (7) aan die bestaande sub-artikel (1) tot (5) toe te voeg.

Die eerste toevoeging tot die bestaande vyf sub-artikels is artikel 165(6). Dit stipuleer dat die Hoofregter die hoof van die regbank is, met die verantwoordelikheid vir die vestiging en monitering van norme en standaarde vir die uitoefening van die regsprekende funksies van alle howe, uitgesonder die

[*] *Professor in politieke wetenskappe, Unisa*

beoordeling van 'n saak voor 'n geregshof.

Die tweede byvoeging tot artikel 165 is sub-artikel 165(7), wat feitelik die administratiewe en regsprekende funksies van die howe skei. Die nuwe sub-artikel 165(7) bepaal dat die Kabinetslid (Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling) voortaan verantwoordelik sal wees vir die toepassing van reg, en gesag sal voer oor die administrasie en begroting van alle howe.

Die argument agter die verskuiwing om die regsprekende en administratiewe funksies van die regbank te skei, is volgens die Departement van Justisie om te verseker dat die regsprekingsfunksies van die howe die uitsluitlike terrein van die regters is. Die Departement van Justisie wil egter dat die finale verantwoordelikheid vir regsadministrasie onder die Minister ressorteer. Die administratiewe funksies sal onder meer die aanstelling van hofpersoneel en beheer oor die begrotingsaangeleenthede van die regbank insluit.

Wat verwar, is dat die administratiewe mag *alreeds* by die uitvoerende tak berus. Die bestaande artikel 165 (4) bemagtig staatsinstansies om wette te promulgeer en ander maatreëls te aanvaar om die doeltreffendheid van die howe te verseker. Die begroting van die howe en ander menslikehulpbron-kwessies ressorteer reeds onder die uitvoerende owerheid.

Die vraag ontstaan nou waarom die regering dit nodig ag om hierdie artikel te wysig terwyl die gesag om die administrasie te beheer alreeds by die uitvoerende owerheid berus?

As iemand anders (uitvoerende owerheid) jou begroting beheer, sal dit al hoe moeiliker raak om jou eie lotsbestemming te bestuur. As die uitvoerende owerheid die reg van "wie kry wat wanneer en hoe" beheer, sal dit uiteindelik negatief impakteer op die vermoë van die howe om hul outonomie te handhaaf en om te besluit hoe om hulle geld aan te wend na gelang hulle hul onderskeie prioriteite identifiseer.

'n Bykomende verskriklike gevolg wat potensieel uit hierdie administratiewe beheer kan voortvloei, is dat 'n (uitvoerende) beampte, en nie die Regterpresident nie, sake na die regters kan allokeer. As 'n regter dan (byvoorbeeld) ten gunste van die staat uitspraak sou lewer, kan dit aanleiding gee tot twyfel waarom die saak in die eerste plek aan hom toegewys is, en waarom hy ten gunste van die staat uitspraak gelewer het.

Hierdie wysiging, ontleed teen die agtergrond van artikel 165, staan in direkte teenstelling met die bepaling dat die howe slegs aan die Grondwet ondergeskik is en dat geen persoon of staatsorgaan met sy fundamentele regte mag inmeng nie. As die administrasie van die howe in die hande van die uitvoerende owerheid geplaas word, sal die netto uitwerking daarvan die ontkragting wees van die rol van die regbank om beheer oor sy eie lotsbestemming uit te oefen. Die netto resultaat sal nog groter oorvleueling en magsfusie tussen die regbank en die uitvoerende owerheid meebring.

6.2 Wysiging van Artikel 167 van die Grondwet, soos gewysiging deur artikel 11 van Wet 34 van 2001

Teenswoordig stipuleer artikel 167 (3) van die Grondwet dat die Grondwetlike Hof die hoogste hof is oor alle grondwetlike sake (artikel 167 (3)(a)). Artikel 167 (3)(b) bepaal dat die Grondwetlike Hof *slegs* uitspraak mag lewer oor grondwetlike sake en kwessies wat verband hou met besluite oor grondwetlike aangeleenthede. Die Hof het ook die finale beslissingreg oor of 'n saak 'n grondwetlike aangeleentheid is, of 'n kwessie wat verband hou met 'n grondwetlike aangeleentheid. Die voorgestelde wysiging van artikel 167 (3) sal die spesialisrol van die Grondwetlike Hof in 'n groot mate verander. Die wysiging van artikel 167 (3) voorsien 'n uitbreiding van die reikwydte van die Grondwetlike hof. Die Hof behou sy status as die hoogste hof oor alle grondwetlike sake van die Republiek (artikel 167 (3)(a), maar dan word artikel 167 (b)(ii) bygevoeg. Artikel 167 (b)(ii) bepaal dat die Grondwetlike Hof oor enige ander saak kan uitspraak lewer, op grond daarvan dat dit in die belang van regspraak is dat die Grondwetlike Hof dit beslis.

Hierdie wysiging skaal die aanvanklike gesindheid en denke waarmee die Grondwetlike Hof tot stand gebring is, af. Die insluiting van 'n spesialis-Grondwetlike Hof binne 'n oppergesaghebbende Grondwet om oor grondwetlike sake beslissing te gee, is om grondige redes deur baie in die pre-demokratiese era voorgestaan.

Die spesifieke aard van die Grondwetlike Hof, as spesialishof wat grondwetlike sake hanteer en as waghond oor die uitvoerende en wetgewende owerheid dien, sal afgewater word deur die verandering. As die beoogde wysiging wel deurgevoer word, sal dit in die toekoms foutief wees om na die Hof as die Grondwetlike Hof te verwys. Die nuwe Hof se fokus sal multifunksioneel wees en, in sommige opsigte, 'n blote duplisering van die rol van die Hoogste Hof van Appèl.

6.3 Wysiging van artikel 172 (3)

Die voorgestelde wysiging van artikel 172 is 'n toevoeging tot sub-artikel (3): "Despite any other provision of this Constitution no court may hear a matter dealing; with the suspension of, or make an order suspending the commencement of an Act of Parliament or a provincial Act."

In 'n hoë mate besnoei die wysiging (a 172(3)) die regbank se gesag om uitspraak te lewer oor die regsgeldigheid van Wette wat deur die Parlement gepromulgeer word. Die wetgewende owerheid word hierdeur bemagtig om doeltreffend die regbank te omseil, met 'n direkte roete na die uitvoering van parlementêre wette. Hierdie wysiging sal een van die fundamentele funksies van die Grondwetlike Hof regstreeks ondermyn, naamlik om wette regterlik te

hersien soos gemeet aan ’n hoër Grondwet. Die wysiging sal ook die wettigheidsbeginsel ondermyn, omdat dit nie moontlik sal wees om die legaliteit van ’n wet te toets voordat dit van krag raak nie.

Wysiging a (172(3) sal die Grondwetlike Hof verbied om die legaliteit van ’n Wet te toets voor sy inwerkingtreding, en oortree hierdeur die waarde van legalisme. Die wysiging sal dus die wese van regspleging aantas, wat die grondwetlike kenner, Marinus Wiechers, as ’n fatale verontagsaming van die grondwetlike beginsel van legaliteit en uiteindelik die oppergesag van die reg bestempel het.

Die regstreekse uitwerking van die voorgestelde wysigswetsontwerp sal growwe skending van die regte van die individu deur ’n nuwe parlementêre Wet kan meebring, en die regbank sal magteloos wees om die inwerkingtreding en toepassing daarvan te blokkeer voordat hy die geleentheid gehad het om dit teen die Handves van Regte te kontroleer.

Hierdie voorgestelde wysiging sal ongetwyfeld die outoritêre status van die saamgesmelte uitvoerende wetgewer (Parlement) teenoor die regbank verhoog. Die oppergesag van die Grondwet sal geërodeer word ten bate van ’n positivistiese Parlement. Alhoewel daar nie gesuggereer word dat die Grondwet sy oppergesag sal verloor nie, dra hierdie wysiging geensins daartoe by om die konstitusionele status van die staat te versterk nie. Veel eerder verswak dit sy status ter wille van korttermyn- politieke wins.

As al die tierlantyntjies daarvan gestroop word, sal die bruto effek van die wysigings daarin bestaan dat dit die regbank gaan laat met minder outonomie oor sy eie begroting; minder outonomie oor regbankaanstellings; dit sal sy spesialis-grondwetlike funksie verloor en ontmagtig wees om legalisme op nuwe wette af te dwing.

Aan die ander kant sal die uitvoerende en wetgewende takke groter seggenskap oor die regbank verkry deur die administratiewe aspekte van die regbank te beheer; dit sal meer gesag kry oor regterlike aanstellings; en sal die reg hê om wette te verorden sonder dat die legaliteit daarvan deur die regbank getoets hoef te word.

Die voorgestelde wysigings is nie substansieel genoeg om te suggereer dat Suid-Afrika sy status as ’n reg-staat kan verloor nie, maar indien die wysigings deurgaan, sal die eerste beskermende lagie daarvan afgeskil wees.

Die (finale) Grondwet het die wil van die mense en heiligheid van grondwetlike beginsels, soos die oppergesag van die reg en die verdeling van mag, wat ingebou is om die regte van gewone landsburgers te beskerm, ingebou en beliggaam. Dit sal ’n droewe dag in ons grondwetlike geskiedenis wees wanneer hierdie grondwetlike beginsels besoedel word.

Che Guevara –
die ongeëerde held van die SA rewolusie?

VIR DIE JAAR 2000 HET DIE AMERIKAANSE TYDSKRIF *TIME* 'N LYS VAN DIE TIEN TOP IKONE VAN DIE EEU OPGESTEL. SAAM MET MARILYN MONROE EN ELVIS PRESLEY, WAS DAAR NET TWEE BUITELANDERS: BRUCE LEE EN CHE GUEVARA. 'N MENS KON DIE GODSDIENSTIGE FUNDAMENTALISTE ONDER DIE AMERIKANERS VAN VER AF SIEN SMEUL. GEORGE BUSH HET IN SY GRAF OMGEDRAAI, AL WAS HY NOG NIE DAARIN NIE.

Deur Hans Pienaar*

Die feit is dat Che se beroemde gesig op elke tweede T-hemp was tydens die rebelse 1960's en nog lank daarna. Trouens, na die val van die Berlynse Muur is hy die een figuur uit die Kommunistiese era wat nog met bewondering en groot ontsag onthou word. Vyftien jaar sonder die kommunisme het gesorg dat baie mense sy naam vergeet het, maar almal herken die beeld van die beroemde langhaar met die baret en die rooi ster, wat so onwrikbaar die toekoms inkyk.

Die laaste paar jaar het die kultus van Che Guevara 'n herlewing ondergaan. 'n Paar dokumentêre is oor aspekte van sy lewe gemaak. Daar was die rolprent deur Robert Redford, *The Motorcycle Diaries*, wat handel oor Che se reise deur Suid-Amerika as jong dokter, waarin sy wrewel jeens Amerikaanse imperialisme gewortel is. Onlangs het 'n boek verskyn deur 'n skrywer wat op die spore van sy motorfiets - eintlik 'n help-my-trap - gegaan het.

Die alterglobaliseringsbeweging het vele gedaantes en subgroepe, maar die een mite wat hulle almal aanhang is dié van Che. Geen optog of byeenkoms is volledig sonder 'n paar Viva Che!s of 'n toespraak deur sy dogter Hilda nie. Talle webwerwe word aan hom gewy; tieners wat sy storie vir die eerste keer teëkom, raak in druk gesprekke oor hom ingetrek.

In Suid-Afrika, het ek al agtergekom, luister mense wat in die verlede as ver-regs beskryf sou kon word, met groot aandag wanneer ek uitwy oor Guevara se amper fanatieke haat vir die neo-kolonialisme van die Westerse verbruikerskultuur.

Dan is daar die ander sy. In die Derde Wêreld is hy die held van bendes vol dwelms wat gewere rondswaai, van kindersoldate wat ewe maklik Rambo soos gespeel deur Sylvester Stallone aanhang. Che die rewolusionêre cowboy, wat geweld as die "bottom line" gepredik het, is byvoorbeeld die legitimasie vir moordtogte in Haiti, waar die tienergeneraals mekaar name soos Ironpants, Blang Blang en Ben Laden gee...

Tussen hierdie uiterstes is dit soos gewoonlik die geldmakers wat die laaste lag. In Suid-Afrika is daar 'n vlaag van Che-gesigte in die mode, miskien omdat Madonna enkele jare gelede met die uitreiking van 'n album in klere verskyn het wat gebaseer is op Che se olyfgroen kamoefleerdrag, wat hy van die môre tot die aand gedra het - en verskeie môrens en aande daarna ook.

In die globalisering van die media in die laat 1990's is Che se naam en gesig gebruik in advertensieveldtogte deur 'n sneesdoekiemaker, Sniff. Die Russe het Che-horlosies uitgevoer na Suid-Amerika. Smirnoff het hom in 'n vodka-advertensie gebruik, en selfs Doritos, om 'n nuwe soort mielieskyfie te adverteer.

Oor laasgenoemde het Kubaanse anti-kommunistiese uitgewekenes in Florida luid geprotesteer. Hulle kon glad nie insien dat deur Che as 'n chihuahua voor te stel, die boodskap van rewolusie ondermyn sou word nie. Alexander Korda, wie se foto van Che by 'n landboukongres die bron van soveel bemarkingsdollars was, het die gebruik van sy foto in advertensies probeer stop met 'n hofsaak, maar verniet.

Che se dogter is filosofies oor alles. As kind van haar tyd voel sy al word Che se gesig op 'n toiletrol gesit, versprei dit nog steeds sy rewolusionêre boodskap. Sy wys daarop dat toe Colombiaanse rebelle met hul Japannese 4x4s opdaag vir onderhandelinge met die regering, het hulle almal Che-horlosies, gemaak in Rusland, gedra.

Maar saam met dit alles, het daar ook herbesinning oor Che se lewe gekom. Die mite is eintlik geskep deur daardie foto, in 'n tyd toe lang hare in die VSA nog lekker taboe was, en die vrystelling van die dagboek wat hy gehou het op sy laaste rewolusionêre sending, in Bolivië in 1967. Met die anti-Vietnamkoors wat begin opbou het in die VSA, was die verhaal van die gewese kabinetsminister en wêreldpolitikus wat sy lewe opgeoffer het in die naam van onbekende kleinboere in een van die armste lande, net die regte materiaal.

In die proses het sekere feite omtrent Che in die slag gebly, soos met alle mites gebeur. Tydens die missielkrisis in 1961, toe president John F. Kennedy 'n ultimatum aan Rusland gerig het om sy missiele van Kuba te onttrek, het Che se aanbeveling dat Moskou dit doen deur hulle op die VSA te laat reën, groot konsternasie veroorsaak - ook onder sy makkers.

Daar was 'n onwrikbare, dissiplinêre streep in hom. Hy het die teregstelling van 55 staatsamptenare na die Kubaanse rewolusie persoonlik waargeneem, in 'n soort eenmanwaarheidkommissie waarin hy soms binne 'n dag besluit het oor die lot van 'n aangeklaagde.

---

* *Joernalis verbonde aan die Independent-groep en skrywer van die drama* Ching Chong Che

Onder sy eie kamerade het hy en die Castro-broers, Fidel en Raul, van die begin af ’n ysere dissipline gehandhaaf. Terwyl hulle hulself vir die Kubaanse rewolusie opgelei het met strawwe oefeninge, het ’n Kubaan - vol wrewel om so rondgeorder te word deur Guevara, ’n Argentyn - geweier om verder gedryf te word. Hy is aangekla van sedisie en net Che se stem het hom van ’n teregstelling gered.

Ander was minder gelukkig. Wat die saak moeiliker gemaak het, was dat Che nie dieselfde standaarde toegepas het wanneer dit by gedragsreëls en persoonlike netheid gekom het nie. Trouens, hy het met minagting gepraat van die Kubaanse gewoonte om daagliks te bad en skoon klere aan te trek. Later sou hy bekend raak onder diplomate vir die sweetreuk wat hom vergesel het in sy reise oor die wêreld.

Hy het eenmaal ’n soldaat tereg gewys wat sy stewels vir hom wou poets, en die arme man beveel om hulle self te dra, al was hulle te groot vir hom. Hy het nooit sy broek in sy stewels gesteek nie, en altyd sy hemp met die boonste knope oop gedra - wat natuurlik bygedra het tot sy *sex appeal* in die VSA.

Die mislukking van elkeen van sy pogings om die wêreldrewolusie aan te stig, word geredelik erken, maar daar word nie werklik na die oorsake daarvan gekyk nie. Veral een ekspedisie, dié na die Kongo om teen Mike Hoare se huursoldate te gaan veg, kry glad nie die aandag wat dit verdien en wat dit vandag nog erg relevant maak nie.

Die rede is eenvoudig. Che Guevara was so gebelg deur wat hy die “Kongolese werklikheid” genoem het, dat Castro en Che se weduwee Aleida March nie kans gesien het om sy dagboek en verslag oor die ekspedisie te laat publiseer nie - nie voor 1998 en dan net in Spaans. In Engels het dit eers in 2000 verskyn.

In vandag se polities-korrekte konformisme in Afrika, sou Che se oordele maklik as dié van ’n rassis beskryf kon word, hoewel hy dit allermins was - inteendeel, die vryheid van Kubaanse swartmense en die nie-rassigheid onder Kubane van alle kleure is grootliks te danke aan sy aandrang om tydens die rewolusie omring te word deur swart Kubane.

Maar wanneer dit kom by Afrika, het hy geskryf oor die “meer intelligente” koloniale lande en het sy minagting vir die rewolusionêre klasse geen perke geken nie. Sit hulle almal teen die muur, was min of meer sy raad aan Castro. Alleen deur vryheidsvegters van voor af te werf, sal daar enige rewolusie in Afrika kan kom.

Al waarin hulle belangstel, is die goeie lewe en ’n kultuur van “beregtiging”. Dit was in 1965; toe al het hy voorspel dat “entitlement” die groot oproep van die toekoms sou wees. Hy kon nie sien waarom Kuba Afrika se vryheidsvegters moet help nie, want hulp aan hulle was gelyk aan hulp aan die vyand, wat net ’n klomp geld onder hulle hoef te gooi om hulle oor te haal.

Onder die vryheidsvegters wat hy in Dar es Salaam raakgeloop en veroordeel het, moes daar etlike Suid-Afrikaners gewees het.

Castro het na 1965 nie Che se raad gevolg om Afrika af te skryf nie, en voortgegaan om allerlei pogings te steun - maar wel met ’n baie lae profiel. Che se raad oor aandag aan stamverbande het hy gevolg deur dikwels verskeie stamleiers op ’n slag met geskenke aan sy kant te hou in verskeie konflikte.

Die groot uitsondering - en hoe groot was dit nie - was natuurlik die massiewe lugbrug van ’n groot soldatemag na Angola in 1974 nadat Suid-Afrika die land binnegeval het. Castro se generaals se vernuf en die lugmag se oorheersing van die lugruim is reeds deel van die geskiedenis, maar daar bly een of twee prikkelende vrae om te beantwoord: Wat presies het Castro besiel om so ’n ongehoorde sending te loods? Selfs die Angolese rebelleleier Augostinho Neto was onkant gevang deur die massiewe aantal Kubane, en het gedink Castro gaan heeltemal te ver.

Ten spyte van hul verskille, het Castro en Che boesemvriende gebly. Hulle het konstant gekorrespondeer met ’n stelsel van persoonlike koeriers en ’n eenvoudige kode om briewe tussen hulle geheim te laat bly. Onlangs nog het Castro gesê die ergste terugslae in sy lewe was die dood van sy ma en van Che Guevara.

Che se algemene riglyn vir Afrika was om nie weer die leiding aan Afrikane te gee nie wanneer Kuba aan ’n sending deelneem nie. ’n Mens kan die hipotese stel dat toe Kuba van sy uitstekende intelligensiediens die eerste keer hoor van die SA inval, Castro besluit het om hom tog maar op Guevara se advies te beroep.

Castro en sy luitenante moes baie goed geweet het dat Angola se vryheidsvegters uit dieselfde bodem gegroei het as dié van Dar es Salaam. Dis glad nie onmoontlik dat hulle Neto en sy MPLA so bekyk het, en gou gesien het dat hulle nie opgewasse sou wees teen Suid-Afrika en sy swart troepe onder leiding van Jonas Savimbi nie - vandaar die onverwagse besluit om ’n Kubaanse mag van Havana te laat invlieg.

Dis dalk om dieselfde rede dat die Kubane nie agtergebly het nie. Angola se magte het bekend geraak vir hul gebrek aan dissipline, en die regerende elite is van die ergste uitbuiters van hulpbronne in Afrika. Trouens, alleen deur ’n verband te neem op Angola se toekomstige olieproduksie en ’n oormag aan wapens te koop, en deur ’n genadelose "scorched earth" beleid te volg soos in die Anglo-Boereoorlog, kon die Angolese regering Unita uiteindelik verslaan.

Wat Kuba natuurlik wel bereik het, was om die Suid-Afrikaanse magte so die skrik op die lyf te jaag dat die era van hervorming en uiteindelike oorgawe aan ’n demokratiese regering begin het. Verskeie geskiedskrywers meen die slag van Cuito Cuanavale, wie dit nou ook al gewen het, was die keerpunt in die Suid-Afrikaanse magsomwentelling.

Indien dit so is, is dit moontlik dat Che Guevara die ongeëerde held van die Suid-Afrikaanse vryheidstryd is. Hy was die enigste vegter met genoeg eerlikheid om wat hy voor hom gesien het, op die naam te noem.

Louw se held:
Transendent gerig, weerloos

DIE OPVATTING DAT DIE HELD 'N MAN IS WAT DINGE KEN VAN HOËR WAARDE AS DIE LEWE, HET BY VAN WYK LOUW BLY STEEK. DIE VRAAG NA WAT 'N HELD IS, SOU HOM'N LEEFTYD LANK BESIG HOU.

Deur Lina Spies[*]

In sy soeke na 'n antwoord het dit uitdrukking gevind in sy poësie, veral in sy dramatiese monoloë waarin die profetefiguur die woord voer, en in sy dramatiese werk: in die persoon van Koki in sy epos *Raka*, in die persoon van die Romeinse veldheer Germanicus in sy gelyknamige drama en in die persoon van die Vrystaatse president Steyn in sy epiese drama *Die pluimsaad waai ver*.

Van Wyk Louw se opvatting oor wat 'n held is, het na die vroegste konsipiëring daarvan in sy werk nie staties gebly nie. As kreatiewe denker het hy sy standpunte oor alles wat hom intellektueel en emosioneel beroer het, altyd weer getoets aan nuwe omstandighede wat noodwendig gevra het om herbesinning. Dit het hy gedoen in sy essays wat in sy bundel *Liberale nasionalisme* van 1958 die vorm aanneem van 'n gesprek met 'n kritiese vriend - Pieter - binne 'n briefwisseling rondom die begrippe nasionaal, tradisie, helde en kultuur. In sy betoog is hierdie begrippe onlosmaaklik met mekaar verbonde en sien 'n mens die neerslag daarvan in sy dramas; in die persoon van sy helde en die omstandighede waarbinne hulle hul bevind en waarop hulle reageer.

Uiteraard wys Van Wyk Louw 'n kritieklose vashou aan die verlede en 'n daarmee gepaard gaande miskenning van die hede af; 'n digter staan immers met albei voete in die werklikheid van sy dag, hoeseer hy ook geboei en gevoed word deur die geskiedenis. Maar dan beskryf hy vir Pieter die mens wat "van geen tradisie en geen verlede weet nie": "Sy waardeoordeel staan gans verward onder die veelvuldigheid waarmee die wêreld oor hom stort. Hoe sal hy weet *wat* en *wie* werklik groot is - hy het geen voorbeelde waaraan hy grootheid kan meet nie. Boksers, filmsterre, rampokkers- almal oor wie die hele wêreld praat (die hele wêreldjie wat hy ken!) lyk vir hom groot". 'n Mens kan jou skaars voorstel dat Louw hierdie woorde in die vroeë 1950's, voor televisie in Suid-Afrika, geskryf het. Die enigste media waardeur by Louw se skrywe van hulle kennisgeneem kon word, was die koerant en die tydskrif. Vandag paradeer filmsterre, popsangers en koninklikes in hulle tientalle nie net op die televisieskerm voor ons verby nie, hulle besoek ook ons land. Hulle is die helde in ons land en met die versugting wat Van Wyk Louw hom tussen twee hakies laat ontval, kan ek my volkome identifiseer : "(Moet so 'n land nie *gedwing* word om ook van heiliges van die armoede en die nederigheid te hoor nie?)"

Dit gaan in die Nuwe Suid- Afrika nie om slegs die miskenning van die Afrikaner se verlede nie maar om die demonisering daarvan: hy word uit geskiedenishandboeke uitgeskryf en hy skryf homself uit die geskiedenis uit. As ons ons afsny van ons geskiedenis, ignoreer ons uiteraard ook die helde van daardie geskiedenis; diegene wat ons eerbied verdien, want ons verlede sluit meer in as net 'n apartheidsbestel van veertig jaar. En as ons nie meer weet wat 'n held is nie, hoe kan ons helde in die hede herken? Die uitwissing van ons verlde is die uitwissing van ons kulturele geheue.

Hy wy 'n volle brief aan Pieter oor die onderwerp "Helde". Sy vertrekpunt is Pieter se vraag na waar die tradisie van die Afrikanervolk moet begin en sy veronderstelling dat ons dit "so teen 1800" 'n aanvang kan laat neem. Vir Van Wyk Louw maak dit ons geskiedenis te kort; laat dit te weinig ruimte vir groot figure uit die verlede om hulle te laat identifiseer as grotes wat ook tot ons tradisie behoort. Sonder dat hy presies uitspel wie en wat die helde is wat hy in gedagte het, gaan dit vir Louw om diegene aan wie se prestasies jongmense - maar ook die "gerypte mens" - hulle prestasies kan meet. Die "heel-grootstes", sê Van Wyk Louw, "het hul altyd bly voel as mededingers in die wedstryd van die eeue" en dan stel hy die kernvraag, naamlik wat van jongmense, in wie se aard heldeverering lê, word as hulle "nie eers weet dat daar so 'n wedstryd is om aan deel te neem nie"; as hulle "nie eers besef teen wie hulle moet meeding nie?"

Juis die kortheid van ons geskiedenis is vir Van Wyk Louw die rede van die kortsigtigheid waarmee ons op die praktiese - en dus die politiek - konsentreer by die vasstelling van wat helde is. Die vraag wat daaruit voortvloei, is vandag aktueler as ooit, naamlik of ons Afrikanerkinders durf toelaat om te glo "dat al wat werklik groot is in die lewe van die gees, aan ander behoort". "Sou dit", vra Louw, "nie byna die ergste wees wat ons aan ons volk kan doen nie? Want hulle, ons bestes, sal hom verlaat om iets beters te volg".

Daar is baie geskryf oor Van Wyk Louw se *Raka* as die eerste belangrike moderne heldedig in

[*] *Digter, jongste bundel* Duskant die einders *(Kaapstad: Human & Rousseau, 2004). Hierdie artikel is 'n verkorte weergawe van 'n lesing getiteld "Die transendente gerigtheid van N. P. van Wyk Louw se weerlose held" gehou tydens die FAK,* De Kat *en* Die Vrye Afrikaan *se NP Van Wyk Louw-gedenkaande op 9 en 10 Junie 2006 in Pretoria*

Afrikaans na die voorbeeld van die groot Griekse eposse van Homeros, die *Ilias* en die *Odusseia*. *Raka* is deel van die kollektiewe onderbewuste van die Afrikaanssprekende soos onder meer blyk uit die feit dat daar nog gereeld oor die betekenis van die gedig en oor die karakter van sy protagonis Koki en sy antagonis Raka gedebatteer en gepolemiseer word.

Ons ontmoet Koki in die eerste afdeling waar hy hom van sy stamgenote se gesprekke oor Raka distansieer. In die tweede afdeling wat ook sy naam dra, leer ons hom van naby ken. Hy is ten diepste geskok oor die tekens van Raka se vernietiging van diere en plantegroei wat hy oral aantref. Raka het die vroue en die kinders van die stam waarby hy wil indring, benader deur 'n aanspraak te maak op hul mees primitiewe drifte: hy het hulle seksuele verlangens gewek en die kinders bekoor deur sy spel. Die manne het hy veel subtieler benader, naamlik nie deur direkte toenadering nie, maar deur vir hulle, deur die diere wat hy gedood het, tekens van sy krag agter te laat. Terwyl dit Koki ontstig, het dit sy manlike stamgenote beïndruk.

In die derde gedeelte "Die dans" versteur Koki die vrolikheid by die vure as hy "skielik" in die "geel gloed" gaan staan en sy stamgenote konfronteer met die gevaar wat Raka verteenwoordig. Hy sal nie net buite die kraal bly nie, maar inkom om nie weer weg te gaan nie. Koki het Raka deurskou en stel die vraag wat die sentrale motief is in Van Wyk Louw se epos:

"Moet hy hier wees? Ken, Raka, hy,
die sterk dier ons fyn, fyn net
van die woord, waarmee ons blink en vet
visse uit baie waters haal?"

Koki se woorde is 'n terugspeling op die vis wat Raka, om die kinders te beïndruk, vir hulle gevang en op die sand uitgegooi het. So opponeer Louw die fisieke daad met die geestelike daad; impulsiewe handeling met oorwoë kreatiwiteit.

Koki kom die aand by die vure, in die kortstondige meeleef van die manne met hom, agter dat hulle sy krag prys en nie sy woorde begryp nie as hy sê dat Raka doodgemaak moet word omdat hy andersins in sal kom om oor hulle te heers. Die besef daag by hom "dat hy altyd eensaam met sy vrees/ om kosbare dinge tussen hulle sou wees".

'n Gedig wat op soveel vlakke beweeg as *Raka* leen hom nie tot een lesing nie en in plaas van om die Raka-figuur op eensydige wyse gelyk te stel aan die dierlike, kies ek vir die een interpretasie van Opperman waarvolgens hy Raka sien as die massamens. Hierdie massamens - Opperman praat ook van die "oermens" - is die een wat los raak van "alle tradisies, kultuur en godsdiens"; hy ken hoofsaaklik "sekse, spel en spier". Opperman besluit: "*Raka* is die verskyning voor die Westerse beskawing van hierdie mens: honderde tonne wellustige, vernielsugtige, spierkragtige, vlees – die opstand van die horde wat die ondergang van die Weste meebring."

Koki offer hom vir die waardes waarvan sy stamgenote, onder die bose bekoring van Raka, losgeraak het. Hierdie waardes is ten diepste transendente waardes; waardes van die gees wat vir die mens uitsig gee op wat duskant die einders lê van sy alledaagse, fisiese bestaan.

By Van Wyk Louw se versdrama *Germanicus* gaan ek nie so lank stilstaan as by *Raka* nie, omdat dit as drama binne sy oeuvre nie die hoogtepunt verteenwoordig wat *Raka* as epos verteenwoordig nie. In Germanicus het Van Wyk Louw die intellektueel verpersoonlik; die denker, die oorwoë besluitnemer wat nooit impulsief of intuïtief optree nie.

In haar doktorale proefskrif *Die begrip intellektueel by Van Wyk Louw* vat Réna Pretorius die moontlikhede wat met Augustus se sterwe vir die toekoms van die Romeinse Ryk beslissend sou wees kernagtig saam; dié moontlikhede het terselfdertyd vir Germanicus keuses geïmpliseer: "nog 'n dierlike magsheerser, en dus die voortsetting van 'n haatlike diktatorskap; die herstel van die Romeinse aristokrasie se magsposisie in die Republiek …wat sou beteken absolute en wrede baasskap; 'n menslike heerser met 'n geestelike leierskap".

So 'n menslike heerser met geestesadel sou Germanicus kon gewees het. Hy het tot die keiserlike huis behoort en was uiters geliefd onder sy manskappe en by die mense van Rome. Maar hy word egter verlam deur 'n daadloosheid waarvoor daar meerdere redes is.

Daar is van baie vorme van waansin sprake in *Germanicus*: die waansin van oorlog, van die durende politieke magspel, van eensaamheid, van haat, van religie. Germanicus weier om van enige vorm van die waansin wat hom omring, deel te word. Hy wil skoon bly in die vuil en ook dít kan 'n vorm van waansin word soos wat Tiberius, naas Piso Germanicus se belangrikste teenspeler, ook aan hom sê as hy vra om "bloot as mens" erêns in 'n uithoek van die ryk te gaan woon:

"Waar almal dronk is, self wil nugter bly…
dìt word die waansin. En kuis wees, my Germanicus,
- een vrou se man in hierdie spulse stad
se beestelikheid …
- dit word die nag waar hart en brein hoereer."

Germanicus se sterwe is nie 'n vrye sterwe nie; hy word waarskynlik op instignasie van Livia,Tiberius se moeder, deur Plancina, Piso se vrou, langsamerhand vergiftig, maar hy weet self nie presies waarvan en waarom hy sterf nie. Deur sy daadloosheid bewaar hy weliswaar sy integriteit tot aan die bittere einde, maar laat hy almal wat na aan hom staan saam dra aan die tragiese las en bly die moontlikheid dat sy passiwiteit meegewerk het aan die ondergang van sy familie en die Romeinse Ryk.

In 1938 was die herdenking van die Groot Trek die geleentheid wat Van Wyk Louw aangegryp het om *Die dieper reg, 'n* koorspel, te skryf . In dié "mistieke ideëdrama" word die reg van die Voortrekkers om weg te getrek het uit die Kaapkolonie - en dus onder die Engelse regering uit - en die voortbestaan van die Afrikanervolk betwis en verdedig. Die eerste Republiekfees van 1966 was weer eens vir Van Wyk Louw 'n geleentheid om oor volkwees te besin. Hy het besluit op die Anglo-Boereoorlog as materiaal vir 'n

feesdrama en op die Vrystaatse president Steyn as die hoofkarakter binne dié krisisperiode. Dit word *Die pluimsaad waai ver* wat gedurende die feesjaar in die Klein Teater in Pretoria opgevoer is en in 1972 postuum gepubliseer is.

As verteller bind grootmoeder Visser die verskillende episodes wat hulle tafereelmatig voor die toeskouer afspeel aan mekaar en haar vertelling sentreer om Marthinus Theunis Steyn, die president van die Vrystaat, wat sentraal staan binne die gebeure. In sy leierskapsposisie besef Steyn dat niks eenvoudig en enkelvoudig is nie.

Watter gestalte van die held laat Van Wyk Louw Steyn aanneem naas die ander helde wat hy in sy dramatiese werk ten tonele voer? Pieter is Louw se spreekbuis as hy op Anna se opmerking dat hy tog nie 'n "Vrystater of republikein" is nie, antwoord dat hy deur Steyn in die Vrystaat 'n Afrikaner geword het, omdat hy begin voel het: "hier is 'n nuwe soort Afrikaner. Nie net plat Boer, soos ons sê nie…waarom moet 'n Boer plat wees,waarom? Nie net eenvoudig, gelowig, sterk, aartsvaderlik nie…Ek het gevoel: hier het die Afrikaner wysheid geword en intellek; gelyk of bo die Engelse se bestes; beskaafd;…".

Steyn is soos Koki en Germanicus 'n eensame enkeling en dat hy dit besef blyk uit die wete van sy roeping soos wat hy dit vir homself formuleer:

"Ek moet bind, ek moet my mense bind –
eers aanmekaar, dan aan iets hoërs,
en dit is 'n eensaam iets, dié bind,
dié probeer bind."

Voordat die Afrikaners nie aanmekaar gebind is nie, glo Steyn, kan hulle nie aan iets hoërs gebind word nie in teenstelling met grootvader Visser wat aan hom sê: "Julle praat altyd van volk, Theunis…Wat is 'n volk? Ons kan ook deel van die Engelse volk wees. Ons praat tog al baie Engels. En hoe gaan ons die volk red as ons ménse uitgeroei word?" Teenoor die kwelling van Visser staan Steyn allermins onverskillig. Hy voel hom voor die regbank van die geskiedenis gedaag as hy met God worstel oor sy reg om mense na die slagveld te stuur om te veg vir die behoud van die "siel" van die Afrikanervolk:

Hoe durf ek
- dalk met politieke slinterslae -
mense aanhits tot stryd?
oproep tot offers?
sélf-opoffering
tot in die dood?
Waarom roep U my net om te offer?
Waarom roep U my nie
om offerdier te wees?"

Dis presies wat Steyn aan die einde van die drama is: die weerlose held; die offerdier. Hy behou sy insig en gaan nie onder aan die verwardheid nie. Aan die volk wat hy wou bevry het tot selfstandige volkwees;wat hy wou gebind het tot eenheid laat hy uiteindelik die keuse oor om te besluit of hulle die wapen gaan neerlê. Op hierdie beslissende moment is hy die vereensaamde wat ondergaan aan sy eie integriteit as hy by voorbaat weier om die Vrede van Vereeniging te teken. Hy voel hom so gebind aan sy uitgesproke eed aan twee jong burgers en aan sy onuitgesproke eed aan "al die dooies onder die aarde" dat sy "hand nooit 'n vrede sal onderteken wat die onafhanklikheid van die Vrystaat weggee nie".

Toe Van Wyk Louw in die 1950's met sy kritiese vriend Pieter gekorrespondeer het, het hy al geglo dat om die Afrikaner se tradisie by die negentiende eeu te laat begin, ons arm sou laat aan helde en dus aan groot figure wat die jeug sou kon inspireer.Vandag is die geskiedenis van die Afrikaner nog korter: Ons verlede is so gedemoniseer dat ons min of meer moet glo dat dit net die veertig jaar van ons apartheidsbestel insluit. Die skandvlek van apartheid het die helde wat daarbuite gestaan het, uitgewis; helde van die gees van wie Van Wyk Louw self en D. J. Opperman seerseker twee was.

Ek gaan nie probeer om 'n lys op te stel van heldefigure nie en ek weet ook nie hoe die verlede weer in perspektief gestel kan word om ook dit wat goed en mooi was daarin te belig nie. Waar kry mens die besielers om aan die jongmense van vandag ideale te stel wat hulle die moeite werd sal ag om na te streef? Dit bring my by die kernvraag wat Pieter aan Van Wyk Louw gestel het, naamlik, "Deur wat is die stroom of die web van ons Afrikaner-tradisie gemaak?" Louw vat die vraag saam as, "Wat het in ons ingevloei om voort te vloei?" Ek glo dat as kritiese jongmense aan ons op hierdie tydstip van die geskiedenis dieselfde vraag sou stel - en hulle behoort dit te stel - ons dit met miskien enkele nuanserings net soos Van Wyk Louw behoort te beantwoord.

Sy antwoord was: "Vier dinge. 1. Die gemeenskaplike Wes-Europese kultuur—die wat ons saam met die hele Weste vanaf Italië en Spanje tot Skandinawië besit. 2. Die spesifiek Nederlandse – Hollandse en Vlaamse—deur ons taal. 3. Die spesifiek Engelse, deur in saamwoon van 150 jaar in hierdie land. 4. Afrika: ons ervaring hier, *en* die primitiewe kultuur van Afrika".

As ons dié vier antwoorde gee, sal ons dit uiteraard moet kwalifiseer. Ons woon nou langer as 150 jaar saam met die Engelse in dié land en wie die belangrikheid van Engels misken, is nie reg wys nie: Ons ken Engels baie goed; ons is gedrenk in die Engelse kultuur. Aan die "primitiewe" het Van Wyk Louw geen negatiewe assosiasies verbind nie, inteendeel, ons kan sy omskrywing daarvan volledig beaam. Dis juis die "kontak met Afrika", sê hy, wat die Afrikaner "tot individu gemaak het", en hy voeg daaraan toe: "Hy het sy taal laat verander en vorm deur hierdie land sodat dit in elke vou kan pas; sodat dit hierdie land die volledigste van al ons tale kan *uitsê*. Hy het in sy kontak met primitiewe mense iets van 'n primitiewe of natuurlike siening van die wêreld ontvang waarna 'n Europese intellektueel vandag tevergeefs strewe…". Dis hierdie siening waaruit *Raka* ontstaan het.

Wat het ons van hierdie vier dinge waaruit die web van ons tradisie gevorm is, behou? Ek wil my verstout om te sê hoofsaaklik die Engelse. My artikel

gaan oor drie van Van Wyk Louw se helde van die gees, wat in hul weerloosheid teenoor magte wat sterker was as hulle, hul oë gerig gehou het op ’n ster. Ondanks my bewussyn van alles wat ons verloor het en nog steeds verloor, wil ek bly glo dat ons tog nie net die een draad in die web van ons tradisie sal behou nie; dat ons dus nie sal swig voor die hedendaagse eensydige bewondering vir Engels en alles wat Engels is nie. As ons dit doen, sal gebeur wat Van Wyk Louw gevrees het: Ons jongmense sal glo dat “wat werklik groot is in die lewe van die gees, aan ander behoort” en “hulle, ons bestes, sal ons verlaat om iets beters te volg”.

Die vergane glorie van Bertold Brecht

DIE TYD HET NIE AAN BERTOLT BRECHT LAAT REG GESKIED NIE. MET DIE VAL VAN DIE MUUR HET OOK BRECHT, AS EEN VAN DIE BELANGRIKSTE DRAMATURGE VAN DIE TWINTIGSTE EEU, VAN SY VOETSTUK GEVAL. NOU, VYFTIG JAAR NA SY DOOD, HET DIE TYD AANGEBREEK VIR 'N TERUGBLIK.

Deur Hans Ester*

Brecht en (die) vroue

Sonder enige oordrywing kan verklaar word dat die lewe van Bertolt Brecht nooit so suksesvol sou verloop het as hy nie vroue om hom gehad het wat vir hom die nodige sleurwerkies gedoen het nie. Op die gebied van sowel die liefde en seksualiteit as die drama het hy sodanige gebruik gemaak van die vroue wat op sy pad gekom het, dat die woord "misbruik" hier meer gepas is. Die eerste vrou wat in die revue verbybeweeg, is die sewentienjarige dogter van 'n arts, Paula Banholzer, wat Brecht in sy geboortestad Augsburg leer ken het. Aan die einde van 1918 blyk dit dat Paula swanger is. Haar ouers vrees 'n skandaal en sorg dat die kind in die huis van 'n vroedvrou die lig sien. Die seuntjie word Frank genoem, as eerbetoon aan Frank Wedekind, voorloper van die ekspressionisme. Brecht laat hom egter nie as nuwe vader in die keurslyf van 'n burgerlike bestaan inperk nie. Hy knoop sommer heel gou ander verhoudings aan. Hy was mateloos ambisieus en geldbelustig. Die seuntjie Frank verdwyn geleidelik van die toneel. Hy word hot en haar gestuur en sneuwel uiteindelik in 1943 as soldaat van die Wehrmacht in die Sowjet-Unie.

Die lewe van Bertolt Brecht kan beskryf word as 'n opeenvolging van verhoudings. Paula Banholzer is nommer één, daarna volg onder andere Marianne Zoff, Marieluise Fleisser, Ruth Berlau, Elisabeth Hauptmann, Carola Neher en die een wat haar mededingers beslis in die stof sal laat byt: Helene Weigel. Objektief gesien, is Brecht se uitbuiting van sy geliefdes onbegryplik in die lig van die maatskaplike tematiek van sy toneelstukke. Net soos by Faust het daar in sy boesem ook twee siele gewoon, die egosentris en die advokaat van die vraat. Die maatskaplike kritikus van later was hy in die Augsburgse jare nog nie. Eers moes hy met die ekspressionisme en met die stad van die ekspressionisme kennis maak, met die metropool Berlyn.

Die ekspressionisme en Berlyn

Die ekspressionisme het tussen die jare 1910 en 1920 hoogty gevier. In die teater en in die skilderkuns is daar uitdrukking gegee aan 'n enorme behoefte van die tyd om die kuns revolusionêr te verander en die norme van die burgerlike bestaan omver te werp. Die ou wêreld, die wêreld van die negentiende eeu, moes ondergaan en die nuwe wêreld, die wêreld van menslike verbroedering, moes aanbreek. Die ou wêreld het in die loopgrawe van 1914 tot 1918 inderdaad ten gronde gegaan. Dit het die kunstenaars des te sterker die noodsaak laat voel om 'n nuwe kuns te skep. "Menschheitsdämmerung" is die titel van die belangrikste bloemlesing van ekspressionistiese poësie uit die jare. Die Duitse woord "Dämmerung" beteken sowel aandskemering as dagbreek. Tydens die 1920's was dit veral die regisseur Erwin Piscator wat met sy Berlynse "Theater am Nollendorfplatz" aan die toneel 'n maatskaplike en politieke funksie gegee het. Piscator was die groot man van die *epische theater*, die teater wat die toeskouer insig gee in die maatskaplike verhoudinge en veel minder tot gevoelsmatige vereenselwiging met die rolle op die verhoog laat kom. Piscator het die film in sy opvoerings bygebring en allerhande tegniese foefies soos bandmusiek aangewend om aan die geheel die karakter van 'n revue te verleen.

Brecht en Berlyn

Brecht se eerste langerige verblyf in die Duitse hoofstad het van November 1921 tot April 1922 plaasgevind. Aanvanklik as student van die medisyne het Brecht al hoe meer in die rigting van die skryfkuns beweeg. Hy was tydens hierdie eerste jare meer op die soeke van dinge as op die vind daarvan ingestel. Hy het na sowel belangrike inhoud gesoek as na 'n vorm wat in harmonie was met die tyd. Die teater moes nie meer die klassieke, en in sy oë sinneloos geworde, tradisie van die negentiende eeu voortsit nie, maar moes aansluiting soek by vorms wat die mens van die twintigste eeu sou aanspreek: die revue, die bokswedstryde (Max Schmeling!), die kermis, die sesdaagse fietswedrenne. Sy kontak met Erwin Piscator vanaf 1927 het daartoe gelei dat Brecht die veranderings wat deur Piscator in die toneel aangebring is, saamgevoeg het tot 'n eie metode van toneel maak, opvoer en ervaar: die metode van die *vervreemding*.

* *Dosent in literatuurwetenkap aan die Radboud Universiteit, Nijmegen. Uit die Nederlands vertaal deur Susan Roets, sroets@polka.co.za*

Nou verbonde aan die teorie van die vervreemding is die opvatting van Brecht dat teater by uitstek geskik is om die voorwaardes waarop ’n nuwe wêreld gebou moet word, te verkondig.

Brecht en die Marxisme

In sy eerste werk breek Brecht ’n lansie vir die reg van die individu om homself te laat geld teenoor die mag van die gemeenskap. Die individu kan selfs ’n totaal amorele lewenshouding aanneem. Later verander Brecht sy uitkyk op die verhouding van individu en samelewing en begin hy te soek na ’n teorie wat aan hom sowel die verskille in mags- en materiële besit kan verklaar as die moontlikheid van besinning om die dinge te verander. Hy vind die teorie in die opvattings van Karl Marx en Friedrich Engels, hoewel gefiltreer deur die uitleg wat die denker Karl Korsch van hul idees gegee het. Van Korsch het Brecht geleer dat die Marxistiese metode self krities van aard is. Die besprekingspunt tussen hulle was die vraag of die ekonomiese omstandighede vir die historiese ontwikkeling deurslaggewend is, en of die mens met sy denke die vermoë besit om in die historiese proses in te gryp. Brecht het op twee gedagtes gehink. Hy het Marxisties gebly in die ortodokse sin deur na die materiële, ekonomiese wetmatighede te verwys, maar andersyds moes hy as skeppende kunstenaar tog bly vashou aan die gedagte dat daar allerlei geleenthede is om ’n invloed uit te oefen op die maatskappy.

Brecht en die teater van die vervreemding

Die doel van Brecht se epiese teater is ’n nuwe gesindheid by die teaterganger. By die ou toneel het dit om die genieting gegaan, nou draai alles om die gesprek met dit wat op die planke aangebied word. Daar vind by Brecht ’n oorgang plaas van die op skoonheid en genot georiënteerde teater na ’n maatskaplik-kritiese opvatting van die teater. Die nuwe teater moet sig tot die maatskaplike verhoudings en ontwikkelings verbind. Die motto lui: opvoeding. Die nuwe publiek geraak met behulp van die toneel in ’n leerproses. Die vorm wat vir die pedagogiese teater die geskikste is, is die sogenaamde “Lehrstück”. Hierdie vorm van toneel werk met klein scènes, eis uiterste saaklikheid in die dialoog, betrek die toeskouer by die handeling en is sonder omweë op die oordrag van ’n leersame boodskap gerig. In 1927 begin Brecht saamwerk met die komponis, Kurt Weill. Hierdie samewerking het gelei tot die ontstaan van die opera *Dreigroschenoper* in 1928 en die opera *Aufstieg und Fall der Stadt Mahagonny* in 1930. Die gesingde verhale wat hy via Frank Wedekind leer ken het, het op Brecht ’n groot indruk gemaak. Dit was balladeagtige straatliedjies en kermisliedjies waarin teks en musiek op prikkelende wyse op mekaar inspeel. Brecht het geen musikale skoling besit nie, maar het vervlaks goed geweet watter musiek hy nie wil hoor nie: die operamusiek van Richard Wagner, wat die toehoorder probeer betower. In sy werk probeer Brecht om aan die musikale teater, aan die opera, ’n nuwe vorm te gee. Die enigste bestaansreg van die opera is die strewe na verandering van die samelewing. Die opera *Mahagonny* is die penetrasie van die opera deur die epiese teater. Die musiek in die epiese teater is nie meer gerig op die verhoging van die teatrale illusie nie. In wese is die musiek by Brecht parodiërend van aard. In die epiese opera is die musiek op die uitleg van die teks ingestel en beoog dit om die toeskouer standpunt te laat inneem. Die aria, die lied(jie) groei nie organies uit die handeling van die opera nie, maar bly vreemde elemente wat die luisteraar oor die handeling laat besin. Wat is in hierdie operavorm nou belangriker, die teks of die musiek? Vir Brecht was dit die teks. Hy het van Weill volledige onderwerping geëis. Om met Bertolt Brecht saam te werk, was vir Weill en vele andere bepaald geen grap nie. Maar hulle het met hom saamgewerk omdat hulle sy groot talent raakgesien en sy maatskaplike doelstelling onderskryf het.

Emigrant en burger van die DDR

In 1932, na die brand van die Ryksdag in Berlyn en die daaropvolgende jag op kommuniste, verlaat Brecht Duitsland saam met Helene Weigel. Met die stuk “Die Massnahme” het hy al met die komponis Hanns Eisler saamgewerk, en hierdie samewerking het ook na 1933 voortgeduur. Die “Emigration” het Brecht na Praag geneem. New York, Londen, Stockholm en Helsinki. In 1941 is Brecht wys om na Leningrad te reis, en via Moskou bereik hy uiteindelik Wladiwostok. Na die reis deur die Sowjet-Unie sien Brecht sy medeskepper, Hanns Eisler, terug in San Francisco. Dis opmerklik dat Brecht tydens die jare van die “Emigration” geweldig produktief gebly het. Die afwesigheid van die vroue om hom was gedeeltelik hiervoor te danke. Hulle wou die skrywer wat hulle vereer, selfs aanbid het, alle swaar werk uit die hande neem. Maar die Verenigde State was geen plek van blywende inspirasie vir Brecht nie. Die kapitalisme in die VSA was in sy oë so skaamteloos openhartig oor sy eie aard dat daar vir die epiese teater niks te ontmasker geval het nie. Nadat hy voor die Committee of Unamerican Activities verskyn het, moes Brecht in 1947 die Verenigde State verlaat. Die jare tot sy sterwe in 1956 was uit ’n artistieke oogpunt uiters vrugbare jare. Toneelstukke soos *Antigone*, *Der kaukasische Kreidekreis* en veral *Mutter Courage und ihre Kinder* is oral oor Europa opgevoer en druk bespreek. Dat Brecht vanaf 1950 in die kommunistiese DDR tent opgeslaan het, het weinig indien enige invloed op sy aansien as kunstenaar gehad. Die rede hiervoor is die kunssinnige karakter van die verhoogstukke. Die stukke van Brecht was geen vermomde propagandatekste nie. Hulle was werklik in staat om mense oor maatskaplike vraagstukke te laat besin. En dit was ook onvermydelik dat die toeskours hulle met die arme marktentster, Moeder Moed, vereenselwig het en haar nie wou veroordeel nie. Ondanks alle ruimte wat sy werk gebied het, het Brecht getrou gebly aan ’n uiters sterk materialisties ingestelde opvatting van Marxisme. Hy het vergeet dat die mens ook vurig kan verlang na onbevange genot en nie altyd wil ontleed nie. En hy het

nie voorsien dat die individu die wetmatighede van die sogenaamde objektiewe maatskaplike ontwikkeling nie sonder meer aanvaar nie, maar uiteindelik beoordeel aan die resultate daarvan, naamlik hul menslikheid.

Bertolt Brecht word op 17 Augustus 1956 begrawe in die "Dorotheenstädtische Friedhof" (-kerkhof) in Berlyn. Daar is sy sobere graf ook nou nog te sien.

Musiekrubriek*

GEGROET EN WELKOM BY *DIE VRYE AFRIKAAN* SE EERSTE DOELGERIGTE RUBRIEK VIR MUSIEKINLIGTING! TERWYL ONS MUSIKAAL NES SKOP, KAN ONS MELD DAT DIE HOOFDOEL MET HIERDIE RUBRIEK IS OM MUSIEKINLIGTING TE KOMMUNIKEER VANUIT DIE GRENSLOSE WÊRELD VAN MUSIEK WAT NIE NOODWENDIG ALGEMEEN EN GEREELD ONS OORDREMPEL BEREIK NIE – OF WAARAAN 'N MENS NIE ALDAG BLOOTGESTEL WORD NIE. DIE DOEL MET DIÉ MUSIEKRUBRIEK IS *HOOFSAAKLIK* INLIGTING-GEWEND, SOMS AANBEVELEND EN VERTOL-KEND. ONS WIL VERAL FOKUS OP NUWE EN MOONTLIK 'MINDER TOEGANKLIKE' MUSIEK-INLIGTING.

U word genooi om inligting oor musiek aan ons te verskaf (of ons sommer bloot te laat weet van enigiets waarvan ons kan kennis neem), en ons sal blootstelling daaraan gee met inagneming van die doel van ons rubriek en die beskikbaarheid van bladruimte vir 'n spesifieke uitgawe.

Pos mediaverklarings en inligting aan: *Die Vrye Afrikaan*-Musiek, Posbus 1010, Auckland Park 2006, of stuur 'n vonkpos aan mccosa@ibi.co.za. Kommunikasie is altyd welkom, maar indien dit vir publikasie oorweeg moet word, moet inligting ons *minstens 6 weke* voor die verskyning van 'n spesifieke uitgawe bereik – byvoorbeeld: indien inligting vir Oktober 2006 oorweeg moet word, moet dit ons teen 15 Augustus 2006 bereik. Ons verneem graag van u!

Eietydse Musiek

- **Die Chanticleer Sangers van Suid-Afrika onder leiding van Richard Cock:** In hul spesifieke genre is die Chanticleer Sangers o.l.v. Richard Cock sekerlik een van die voorste kamerkore in Suid-Afrika. Indien u die geleentheid kry om 'n uitvoering van hulle by te woon of opnames te bekom, moet u nie skroom om dit te doen nie! Indien u hulle nie intussen raakloop nie, kan u na hulle kom luister om 20:00 op 3 Desember 2006 by geleentheid van hulle Kersfeeskonsert in die Holy Trinity-kerk op die kampus van die Universiteit van die Witwatersrand in Braamfontein, Johannesburg.
- **Die Estoniese Filharmoniese Kamerkoor onder leiding van Paul Hillier**

Nuwe en uitsonderlike koorkomposisies uit die Baltiese lande het veral aandag gekry met die uitreiking van drie CD's getiteld *Baltic Voices* (Volumes 1-3) vanaf 2002 tot 2005 onder die leiding en inisiatief van Paul Hillier. Paul Hillier is onder meer die musikale leier van die Hilliard Ensemble; stigter van die 'Theatre of Voices', asook die artistieke leier van die Letlandse (Estoniese) Filharmoniese Kamerkoor – die kunstenaars van hierdie driestuk-koorsiklus. Gevestigde, maar ook minder bekende komponiste se werke kan gehoor word in hierdie uitvoerings deur die Letlandse Filharmoniese Kamerkoor. Komponiste ter sprake is onder andere Sven David Sandström (Swede), Einojuhani Rautavaara en Kaija Saariaho (albei van Finland) en Arvo Pärt, Veljo Tormis en Erkki-Sven Tüür – aldrie van Letland (Estonië). Die CD's is uitgereik deur Harmonia Mundi. (***Baltic Voices 1*: Harmonia Mundi HMU 907311. Estoniese Filharmoniese Kamerkoor o.l.v. Paul Hillier, saam met die Tallinn Kamerorkes –** *Die CD het nominasies ontvang vir 'n Grammy-toekenning vir beste Kooruitvoering en beste klassieke produksie deur Robina Young;* ***Baltic Voices 2*: Harmonia Mundi HMU 907331. Estoniese Filharmoniese Kamerkoor o.l.v. Paul Hillier –** *Grammy-nominasie ontvang vir beste kooruitvoering;* ***Baltic Voices 3*: Harmonia Mundi HMU 907391. Estoniese Filharmoniese Kamerkoor o.l.v. Paul Hillier saam met die Raschèr- Saksofoonkwartet.**

Feeste en Musiekplekke

- Dié tyd van die jaar is die musiekbedryf uiters besig danksy – onder meer – die posisie van die son. Die Noordelike halfrond is oorvloei van musiekgebeure.

Musiekdinge elders:

- Indien u na Amsterdam reis, kan u gerus 'n draai gaan maak by die nuwe MUZIEKGEBOU AAN'T IJ in Amsterdam (muziekgebouw.nl)
- **Mostly Mozart** in die Barbican vanaf 6 Junie - 29 Julie: barbican.org.uk
- **BBC Proms** in die Royal Albert Hall 14 Julie - 9 September: bbc.co.uk/proms
- **Glyndebourne Operafees** vanaf 19 Mei - 27 Augustus: glyndebourne.com
- **Cambridge se somerskool vir Vroeë musiek**: 17 Julie – 19 Augustus: cemss.org
- **Cambridge Somermusiekfees**: 13 Julie – 5 Augustus: cambridgesummermusic.com
- **37ste Fishguard Internasionale Musiekfees in**

* *Inligting vir hierdie rubriek word hoofsaaklik voorsien deur die Internasionale Assosiasie vir Musiekinformasie-sentrums en die Musiekkommunikasiesentrum van Suider-Afrika. Die samesteller is Herman van Niekerk – mccosa@ibi.co.za en Posbus 1010, AUCKLANDPARK, 2006.*

Wallis: 22-29 Julie: fishguardfestival.org.uk

- **Verbier Musiekfees** (Switzerland): 21 Julie – 6 Augustus: verbierfestival.com
- **Salzburg Musiekfee**s (Oostenryk): 23 Julie – 31 Augustus: salzburgfestival.at
- **Kuhmo Kamermusiekfees** (Finland): 16-29 Julie: kuhmofestival.fi
- **München Operafees** (Duitsland): 24 Junie – 31 Julie: muenchener-opern-festspiele.de
- **Puccini-fees** (Italië): 18 Julie – 20 Augustus: puccinifestival.it
- **Dubrovnik-fees** (Kroasië): 10 Julie – 25 Augustus: dubrovnik-festival.hr
- **Drottningholm-fees** (Swede): 27 Mei – 9 September: dtm.se
- **Mostly Mozart** in die Lincoln-sentrum, New York: 28 Julie – 26 Augustus: lincolncenter.org

Choreograaf van die alledaagse

AS BEELDHOUER HET GUY DU TOIT (1958 -) MIN BEKENDSTELLING NODIG. BEKROON EN BEKEND WAS HY NOG NOOIT BANG OM TE EKSPERIMENTEER MET SY MATERIAAL NIE, BEIDE IN TERME VAN DIT WAT DIEN AS BRONMATERIAAL, ASOOK DIE MATERIALE WAARVAN HY SY WERKE VERVAARDIG. AS FEESKUNSTENAAR VAN VANJAAR SE INNIBOS-FEES (28 JUNIE TOT 3 JULIE) SIT DU TOIT DIE GEES VAN EKSPERIMENTASIE VOORT.

Deur Amanda du Preez*

Dit is duidelik dat Guy du Toit se beeldhouwerk empatie het met die alledaagse en die onopvallende. Hy giet voorwerpe in brons waarna ons andersins nie twee keer sou gekyk het nie en nog minder oor sou gedink het, soos byvoorbeeld 'n stoel, 'n aambeeld of 'n hoenderhaan. Die feit dat hulle in brons gegiet is, verleen aan hulle die status van permanensie. In hul gegote vorm word hulle byna tydloos en onvernietigbaar. Hulle doem by ons op en kondig hulself aan as verteenwoordigers van die alledaagse wat dreig om ernstig opgeneem te word. Die alledaagse verg dus nou ons onverdeelde aandag, soos die stoel wat die kunstenaar tergend "Die bekleër" doop. Die drama kring uit, want alhoewel die stoel nou leeg staan, weet ons dat dit weldra weer "beklee"sal word.

'n Stoel is 'n geduldige objek. Dit ontvang sy sitter altyd geduldig. Byna beleefd. Nooit weier die stoel die sitter of bekleër nie. Daarom is 'n stoel soos 'n monument van afwagting. 'n Leë stoel hou altyd die verwagting in dat daar weldra 'n teenwoordigheid sal wees - 'n sitter wat sy plek sal kom vol sit. Hetsy dit die voorsitter se stoel is of die gewone staatsamptenaar se stoel – die stoel wag geduldig – dit lewer geen kommentaar en vel geen oordele nie.

Dan is daar die rye en rye leë stoele wat wag om gevul te word voor die vertoning en wat amper op hulle eie 'n gehoor van afwagtendes vorm. En wat van die stoele wat in verwarring agtergelaat is na die vergadering, of haastig opsy gestoot is nadat die vertoning verby is? Hulle staan doelloos rond, selfs verleë en tog steeds geduldig, want iemand anders – 'n ander en nuwe bekleër – sal binnekort weer kom sit.

Guy du Toit (Foto: Guy du Toit)

Dit is moontlik hoe ons die beeldhouer Guy du Toit se gefassineerdheid met die leë stoel en die alledaagse kan verstaan. Want in elke leë stoel is daar beide 'n afwesigheid en die belofte van 'n aanwesigheid. Die stoel in sy gedienstigheid dien as alomteenwoordige herinnering dat sitters of bekleërs in- en uitbeweeg en dat dié wat vandag hier sit, môre dalk elders, of moontlik nooit weer hier sal sit nie. Byna soos die spel van *musical chairs* word die maghebbers wat eens gesit het, nou afgestamp en die nuwe magbekleërs kan nou hulle plek kom inneem. Dié wat eens nie plek gehad het om te sit nie, kan nou gerieflik sit totdat die musiek weer begin speel en die speletjie weer van voor af begin. Die dans van die lewe beweeg speels by die geduldige en afwagtende stoele verby. So verloop die tyd en draai die wiel in sy stadige gang en sal geen haan weer daarna kraai nie – slegs maar die hoenderhaan wat as getuie op die stoel se rug bly sit. Of sal die klok lui wat aan die een poot van die stoel staangemaak is? Wie sal getuienis lewer van die onregte reeds gepleeg en wat moontlik weer gepleeg gaan word, as dit nie maar die stom en gedweë alledaagse objekte is wat geboë soos biegvaders oor ons (wan)dade waak nie?

---

* *Senior lektor in beeldende kunste aan die Universiteit van Pretoria en mederedakteur van* South African Visual Culture*, Pretoria: Van Schaik, 2005*

"Die bekleër" (Foto: Guy du Toit)

Dit is moontlik in die alledaagse en minder opvallende objekte dat Du Toit sy boodskap die mees dramatiese en kragtigste kan oordra. Ons verwag mos nie om een of ander lewenswaarheid of ontmaskering in 'n doodgewone stoel raak te sien nie. Tog konfronteer Du Toit ons met hierdie insig, naamlik dat die alledaagse 'n eiesoortige en unieke blik op die werklikheid kan werp. In die dinge wat ongesiens verbyglip skuil daar dalk 'n betekenisvolle ervaring en insig.

Dit is egter nie net Du Toit se onderwerp nie, maar ook sy medium wat besonderse vermelding vereis. Die medium van beeldhou bied unieke moontlikhede in die era van vervlugtende beelde en nuwe tegnologieë. Waar ons gewoond geraak het aan immateriële ikone op flitsende skerms bied beeldhouwerk 'n teenvoeter, dit gooi wal teen die drang om alles tot beelde en sigbaarheid te reduseer. Beeldhouwerk soos Du Toit dit aanbied, lewer getuienis van tasbaarheid, materialiteit, duursaamheid en miskien selfs standvastigheid. In 'n wêreld waar alles wat skynbaar bewonderenswaardig is, vloeibaar gemaak word, staan Guy du Toit se beelde van die gewone en die aardse soos bakens.

Tog moet die kyker gewaarsku word dat Du Toit se gewone objekte altyd met 'n knippie sout aangebied en opgeneem behoort te word. Die kunstenaar het 'n swaar hand met ironie en hy sprinkel dit mildelik oor sy hamers en beitels, tregters en spykers. Die gewone word tasbaar ironies. Hierdie is nie nét die alledaagse ter wille van die alledaagse nie, maar eerder 'n poging van die kunstenaar om ons oë opnuut oop te maak vir die ryke moontlikhede wat in die alledaagse skuil, veral as die gewone objek soms buite konteks en in nuwe verrassende verbande met mekaar aangebied word. Du Toit herskryf dus aan die storie wat gewone objekte vir ons vertel. Hy voeg 'n ekstra lagie by en gee 'n ander wending aan die verhaal. Die alledaagse verkry 'n dramatiese dimensie en word hierdeur in 'n mate in ere herstel. Du Toit kan moontlik ten beste beskryf word as 'n regisseur of choreograaf van die alledaagse.

Die Vrye Afrikaan (www.vryeafrikaan.co.za) word uitgegee deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK). Dit verskyn elke derde Vrydag van die maand, met inbegrip van die Afrikaanse mini-uitgawe van *Le Monde diplomatique*. Intekening kos R30 per maand vir die papieruitgawe, en R20 per maand vir die elektroniese uitgawe. Rig korrespondensie aan *Die Vrye Afrikaan*, Posbus 675, DURBANVILLE, 7551 of aan redakteur@vryeafrikaan.co.za.

Redakteur: Johann Rossouw, skrywer en spesialis in die filosofie van die tegniek, navorsings- en kommunikasiebeampte van die FAK.

Redaksionele raad:
Carel (iv) Boshoff, gemeenskapsaktivis van Orania en skrywer van tientalle akademiese en koerantartikels
Pieter Duvenage, besoekende professor in filosofie aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth en skrywer van onder meer *Habermas and Aesthetics*
Hermann Giliomee, buitengewone professor in geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch en skrywer van onder meer *Die Afrikaners*
Danie Goosen, mede-professor in godsdienswetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika, voorsitter van die FAK en skrywer van tientalle akademiese en koerantartikels
Roland Henwood, lektor in politieke wetenskap aan die Universiteit van Pretoria, ondervoorsitter van die FAK en mederedakteur van *Hydropolitics in the Developing World: A Southern African Perspective*
Kallie Kriel, verantwoordelik vir Solidariteit se Gemeenskapsalliansie en mederedakteur van *Struggle Rugby*
Lawrence Schlemmer, direkteur van die Helen Suzman-stigting asook Markdata en mederedakteur van onder meer *Kruispad*
Marinus Schoeman, medeprofessor in filosofie aan die Universiteit van Pretoria en skrywer van *Generositeit en Lewenskuns: Grondtrekke van 'n post-Nietzscheaanse etiek*

Redaksie:
Elirea Bornman, mede-professor in kommunikasiewetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika, spesialis in kwessies van etniese en maatskaplike identiteit
Francois Bredenkamp, navorsingsdirekteur van die Garankua-kampus van die Tshwane University of Technology, spesialis in Middeleeuse Bisantynse politiek en vertaler van Markus Aurelius se *Bepeinsinge*
Ampie Coetzee, emeritus-professor in Afrikaans aan die Universiteit van Wes-Kaapland en skrywer van onder meer 'n *Hele os vir 'n ou broodmes*
Heilna du Plooy, professor in Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde op die Potchefstroomse kampus van die Noordwes-universiteit en skrywer van onder meer die digbundel *In die landskap ingelyf*
Amanda du Preez, senior-lektor in beeldende kunste aan die Universiteit van Pretoria en mederedakteur van *South African Visual Culture*
Deon Geldenhuys, professor in politieke studies aan die Universiteit van Johannesburg en skrywer van onder meer *Internasionale Isolasie: Suid-Afrika in vergelykende perspektief*
Koos Malan, mede-professor in regte aan die Universiteit van Pretoria en spesialis in regsfilosofie, staatsreg en minderheidsvraagstukke
John Miles, skrywer van *Die Buiteveld* en etlike ander romans
Desmond Painter, lektor in sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch en spesialis in maatskaplike en kulturele sielkunde
Hans Pienaar, digter, dramaturg en joernalis verbonde aan die Independent-groep
Dioné Prinsloo, senior-lektor in geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika en spesialis in die geskiedenis van vroue in Suid-Afrika in die 20ste eeu, asook Afrikaanse kultuur

Redaksiesekretaresse: Sarie Marais, 012-326-8646, <faklede@mweb.co.za>
Taalversorger: Susan Roets <sroets@polka.co.za>
Uitlegredakteur: Hermien Brits <kbrits@mweb.co.za>
Kunstenaar: Elsabe Milandri <elsabe27@gmail.com>